

**FRANCOIS VAN COKE**

**& ANNIE KLOPPER**

**HOE  
EK  
DIT  
ONTHOUD**

*But you don't  
really care for music,  
do you?*

Skrywers werk lank en doen intense navorsing om 'n boek te skep wat uiteindelik gepubliseer word. Die e-boekweergawe van so 'n titel is, net soos die gedrukte uitgawe, nie gratis nie. Daarom mag jy nie die e-boek gratis versprei nie, maar moet jy dit by 'n gemagtigde e-boekhandelaar koop. Indien jy die e-boek gratis versprei, oortree jy die Wet op Outeursreg 98 van 1978 en stel jy jouself bloot aan vervolging.

FRANCOIS VAN COKE

& ANNIE KLOPPER

# HOE EK DIT ONTHOU

QUEILLERIE

*Vir Lauren, Alex en Max*

“If you’re going to try, go all the way.”  
– Charles Bukowski

# Proloog



Vandat ek begin het om musiek te maak, was daar vele toerbusse en vliegtuie, lang ure op die pad na êrens, laataand-parties op repeat, vroeë oggende, eindelose slapelose nagte, talle bekende en ook onbekende gesigte, ou en nuwe vriendskappe, baie liefde en baie, baie musiek. Die mense wat daar was, se herinneringe kan dalk van myne verskil. Maar wie sal ooit weet wie se weergawe reg is? Die besonderhede raak baie vinnig troebel.

Dís hoe ek dit onthou.

## Dagdrome in suburbia



As kind was daar vir my niks so doods soos 'n Sondagmiddag in die suburbs nie. Sondae was neerdrukkend en lank, swaar soos 'n skuldgevoel, vervelig soos 'n stil teerstraat. Selfs die gras om die pote van tuinstoele hou 'n ruk lank op met groei – só voel dit – op 'n Sondag in La Rochelle, Bellville. Iewers laat op 'n Sondagmiddag, tydens M-Net se oopkyktyd, was *Gummi Bears* op die TV. Nou nog as ek die theme song hoor, maak dit my hartseer: Dit het terselfdertyd die einde van die naweek en die oneindigheid van 'n Sondag in die voorstede aangekondig.

In my kindertyd gebeur alles in Bellville in skakerings van beige. Ek het grootgeword in 'n pastorie met beige buitemure en beige-en-bruin meubels op daai classic 1980's beige-en-bruin volvloerspikkelmatte. In die driveway was daar 'n beige Ford Sierra – wat altyd gebreek het net as ons met vakansie gaan. Selfs my hond She-Ra, 'n spanjoel, was beige-erig. Skuins oorkant ons huis was 'n NG-kerkgebou vol beige mense.

Voor Bellville het my gesin in Brakpan aan die Oos-Rand van Johannesburg gewoon, maar daarvan kan ek nie veel onthou nie. Ek, my twee ouer susters, Aletia en Jeannine, my pa – Theo, 'n dominee – en my ma – Marlene, 'n laerskool-onderwyseres – het in 1983 na die Kaap verhuis toe ek amper drie was. Al wat ek weet van my kort tyd in Brakpan, is dat my ma se water gebreek het in die kar op pad na die Verre Oos-Rand Hospitaal waar ek as Francois Badenhorst gebore is, en dat dit daar gesneeu het in 1981 – my pa het op sy ou 8 mm-videokamera 'n opname gemaak van hoe ek as eenjarige in die sneeu in ons agterplaas speel.

In La Rochelle was my lewe as kind basies beperk tot die paar blokke om ons huis in Meerluststraat. Oorkant ons was 'n groot, oop stuk grond waar tarentale tussen die molshope rondgehardloop het, en omtrent so 'n kilometer verder begin die huise van Brackenfell. Links van ons was 'n nuwe 7-Eleven met arcade games wat ek net kon speel wanneer ek sakgeld gekry het. Ek het nooit genoeg gespeel om goed daarmee te word nie.

In daai jare was min huise in Bellville omhein; daar was vibracrete-mure tussenin, maar voor was die erwe oop. Ons buurt was veilig en daar was bruin mans wat in die tuine gewerk het en met wie ek rugby gesels het – WP-rugby, natuurlik, want Suid-Afrika kon as gevolg van apartheidsanksies daai tyd nie veel op internasionale vlak compete nie. Daar was peperbome en gholfbalposbusse in die voortuine, bruin hekke voor die voordeure en blou porta-pools in die agterplase, op groen gras wat geel raak in die somer. Terwyl ek voor in die erf cowboys-and-crooks speel, of 'n tennisbal teen die garagedeur slaan totdat die deur uitmekaarval, sou ek sien hoe tannies met gepermde hare en pienk leotards huis toe loop ná hul aerobics-klas in die kerksaal. Daar was zef dudes wat met blikkies bier rondry in Ford Escorts, en jong ouens met geskeurde jeans en ringetjies in hul linkerore wat in die strate rondloop en by die 7-Eleven se arcade games uithang.

In my voorstedelike verwysingsraamwerk is dit die jare van *Agter elke man*, *Ballade vir 'n enkeling*, *ThunderCats*, *Brakanjan*, *He-Man*, *MacGyver*, *Rocky*, *Rambo* en Dolph Lundgren – ek het vir Dolph Lundgren 'n fan letter gestuur, hy het nie reply nie. Cop shows soos *T.J. Hooker* was ook huge daai tyd – ek was semi-obsessed daarmee toe ek voorskoolse ouderdom was en ek het gesweer ek het eenkeer vir William Shatner, wat die hoofrol vertolk het, in die Pick n Pay Hipermark in Brackenfell gesien. Ek wou seriously 'n cop wees as gevolg van T.J. Hooker. As ek vandag terugkyk, is dit natuurlik ironies dat ek as kind gedroom het daarvan om 'n polisieman te word en later in 'n band genaamd Fokofpolisiekar sou wees, maar dis ook interessant dat 'n fortuinverteller op 'n keer vir my vrou, Lauren, se pa gesê het sy oudste dogter gaan met 'n polisieman trou. Iewers tussen my childhood ideals en Fokofpolisiekar was die fortuinverteller nie ver van die waarheid nie.

In daai Meerluststraat-jare dra my pa nog 'n toga wanneer hy preek. Sondae ná kerk braai hy in 'n buitebraai in die oranje-siersteen-binnehof, maar alles is so 'n klein bietjie te gaar en my ma maak seker hy weet as die

braaibroodjies te lank op die kole was. My pa maak in die week ook die meeste van die tyd kos, want as onderwyseres is my ma smiddae nog by die skool. Hy probeer sy bes en het 'n paar geregte wat hy elke week maak: Boontjiebredie, meatloaf en op Vrydae kry ons pies. Saterdaggaande was daar ook die tradisie van melkkos terwyl ons TV kyk (my pa het een of ander tyd 'n kompetisie op Radio Sonder Grense gewen vir sy melkkosresep).

As jy 'n dominee se kind is, voel dit asof daar altyd 'n spotlight op jou is. My ma was altyd die laaste persoon om by die kerk in te stap. Dit was vir my moerse embarrassing om voor by die kerk in te stap en agter in die ouderlingbanke te gaan sit. Dis een van die redes hoekom ek nou moerse punctual is; as gevolg daarvan kan ek nie laat kom nie.

Omdat my familie almal redelik goed kan sing, word psalms en gesange dan ook altyd in harmonie gesing. En dit was ook vir my extremely embarrassing dat my familie dít doen terwyl die res van die gemeente net die melodie sing.

Maar hoe weird dit ook al vir my was, dit was deel van my music education, wat begin het by die huis – selfs al het ek nie vreeslik daarin belang gestel as kind nie. Terwyl my ma na gospel geluister het – Michael W. Smith, Prophet en sulke goed – het my pa na klassieke musiek geluister. My pa het 'n groot plateversameling gehad van meestal klassieke musiek en opera. Ek sukkel steeds om klassieke musiek te waardeer, want as daar musiek in ons huis was, was dit maar wat gespeel het. Daar was baie selde rock- of selfs popmusiek in ons huis. Behalwe vir my ma se gospel- en my pa se klassieke musiek, het ons ook grootgeword met musicals en hul klankbane in ons huis – *The Sound of Music*, *My Fair lady*, *Fiddler on the Roof* en *The Wizard of Oz*. Ons het as gesin gereeld live musicals gaan kyk by die Nico Malan-teater, wat nou die Artscape is.

Tussen klassiek, gospel en musicals het ek baie geleer van musiek. Maar dis nie iets wat ek tóé al besef het nie.

Dit sou ook eers baie later wees dat ek rockmusiek ontdek en daarvan begin droom om in 'n rock band te wees. Báie later.

Want aanvanklik wou ek nie eens sing nie.

## Sing vir 'n streep



So lank as wat ek kan onthou, sing my hele gesin, en almal het in die een of ander stadium drama gedoen. My ouers het ontmoet op die verhoog by Paul Roos Gimnasium, waar my pa die hoofseun was. Die Hoër Meisieskool Bloemhof – waar my ma skoolgegaan het – en Paul Roos het saam 'n play, *Die spook van Verlatenfontein*, gedoen en ek dink hulle was die hoofkarakters. My ma was sestien en my pa in matriek.

So, musiek en teater is in ons bloed. My susters het albei aan die eisteddfod deelgeneem en toe ek skool toe gaan, word ek ook ingeskryf vir voordrag en sang. Ek wou nooit eintlik sing nie, maar ek het nie regtig 'n keuse gehad nie. Dit is hoe dit gedoen word en daar is nie vrae daarvoor gevra nie; in ons huis doen mens net hierdie stuff. Ek dink ook nie ek wou regtig voordra nie, maar daarmee het ek gedeal, want ek het gereken ek kon dít 'n bietjie beter doen as sing. In standerd drie sou ek selfs 'n trofee wen vir my voordrag van een van Philip de Vos se gedigte, waarvoor my ma my natuurlik afgerig het.

Vir my eerste en enigste sang-eisteddfod, in sub A, sing ek toe 'n Engelse song, maar ek kan glad nie meer onthou wat dit was nie.

Ek en my pa is met sy blou Beetle na Laerskool Bellville-Noord se saal, waar ek die ding moes gaan sing. Ek was nervous. Ek kan presies onthou hoe dit gevoel het, want ek kry nog steeds voor ek op die verhoog stap dieselfde gevoel as daardie sesjarige seuntjie. Ek wonder of ek dalk verslaaf geraak het aan daai adrenalien wat deur jou are pomp. Al is dit nie lekker

nie, hou ek aan om myself in sulke situasies te kry.

Toe ons daardie middag by Laerskool Bellville-Noord kom, ruik die saal na toue, gym equipment en vloerpolitoer, en die vloer blink so dat jy jouself daarin kan sien. My skoolskoene clickety-clack soos ek na my sitplek stap. Voor sit die beoordelaar en sy assistent by 'n tafel, soos regters voor 'n galg. Die beoordelaar het so 'n classic 1980's-onderwyser-look: wit kortmou-kraag hemp met so 'n Stander-brilraam, hare effens lank in die nek en natuurlik 'n snor. Die gehoor bestaan uit beenswaaiende kinders in die drag van verskillende plaaslike skole, hare netjies gekam en skoene blink gevryf vir dié groot dag. In die agterste rye sit 'n paar ouers verveeld totdat dit hulle kind se beurt is om te sing. My pa sit en lees sy groen boekie. (Ek het gedink hy lees jare lank dieselfde boek, maar het later uitgevind dis 'n teologie-magazine wat altyd dieselfde cover het.)

Soos my beurt nader kom, word die geflap van vlindervlerke al hoe wilder teen my maagwande. Hoekom het ek ingestem om dit te doen? Hoe gaan ek sing as my tong aan my verhemelte vassit?

My naam word geroep. Ek sing die song. Ek weet dit is nie goed nie, en wag om my uitslag te kry. Ek het gehoop ek kry darem eervolle vermelding, maar toe kry ek 'n streep. Fokol. Ek weet nie eens wat dit beteken nie. Maar ek is so kak gescore dat die beoordelaar my nie kon bepunt nie. Ek het 'n "niks" gekry.

My pa sê ek het goed gedoen. Maar ek weet dis nie waar nie. Ek het kak gedoen. Ons klim in die Beetle en ry in stilte huis toe. Toe ons by die huis kom, freak my ma uit omdat die beoordelaar my 'n streep gegee het. (Sy was al die jare 'n beoordelaar by eisteddfods en dis nie iets wat sy self aan 'n kind sou doen nie.)

Daai streep het my nogal 'n baie lang ruk afgesit van sing. Daarna wou ek ook nooit in die skoolkoor sing nie, al is ek hier en daar geforseer deur onderwysers wat geweet het my susters en ouers kan dit goed doen. Om eendag sang as loopbaan te volg was so ver van my mind af soos daai streep van 'n goue ster.

## Tussen rugby en rock



Ek was bummed oor die streep, maar kon daarmee deal omdat dit geensins vir my belangrik was om te sing nie. Oor die algemeen was ek egter nie 'n goeie verloorder nie. Ek was nogal onseker, glad nie confident oor enigiets wat ek gedoen het nie, maar nogtans baie gedrewe en mededingend. Ná my eerste kleuresport in sub A het ek gehuil omdat ek nie die 50 meter-sprint gewen het nie. Ook in my eerste skooljaar het ek gehuil toe ek met die swem verloor, want (het ek vir my ma gesê) my sussies wen alles en ek niks. Ek dink ek het nogal beskermde grootgeword en is deur my ma aangeprys. Dalk is dit hoekom ek dit nie kon verduur om te verloor toe ek moes begin meeding nie – ek was volgens haar altyd net die beste en die mooiste.

Ek was competitive in die klas ook. My ma het my leer lees voordat ek skool toe is. Ek kon op die eerste dag in die klas byna al die woorde op die bord lees, maar ironies genoeg nie die woord “wen” nie.

Ek het regtig hard probeer om eerste al die antwoorde in die klas te hê en was baie teleurgesteld as ek nie kon nie. Ek het bloukolle op my bobene geslaan soos ek eerste probeer antwoord het.

Tog, as dit by sang en musiek gekom het, was daar nie dieselfde drive nie. Daar was géén drive nie. My susters was betrokke by teaterproduksies en ek is af en toe daarby ingesleep, maar ek wou dit nooit eintlik doen nie. Ek moes ook in elke family play wees en my susters sou my aantrek soos hulle dit goed vind. Ek het nie veel in die kunste belang gestel nie. Al wat

ek eintlik wou doen, was om rugby te speel.

My obsessie met rugby het in die laerskool ontwikkel, hier by standerd twee rond. Ek het alles daaroor gelees en gekyk wat ek kon vind: ou wedstryde, highlights en toer-documentaries, boeke oor Naas Botha of Doc Craven, en Chris Greyvenstein se *Springbok Saga* was 'n gunsteling. Ek was heeltemal rugbybefok. Elke dag het ek 'n rugbytrui en rugbykouse gedra en ek het gehuil as WP 'n game verloor. Ek sou ook siekte fake die Maandag ná 'n Saterdag-loss en sorg dat ek by die huis bly. Ek was baie goed daarmee om dokter Minnaar te laat glo dat ek 'n stomach bug het.

My rugbyloopbaan het gepeak in standerd vyf, toe ek Craven-week gespeel het. Ek dink my grootste claim to fame uit my rugbydae is dat Jean de Villiers se broer in my span was. Meer as dit kan ek nie sê nie. Maar dis snaaks hoe hierdie kak werk, want toe ek later in my lewe bekend raak, sou ander mense my spel heavy ophemel. Mense dink nou ek het beter gespeel as wat ek actually het. Dis baie weird. Een jaar by Bellpark se vyftigste verjaarsdagreünie het 'n onderwyser my standerdvyf-rugbytrui gevind, dit laat raam en dit op die verhoog aan my oorhandig. Hy't gesê hy weet dit was vir my moeilik om te kies tussen rugby en musiek, wat glad nie waar is nie, want ek was nie goed genoeg daarmee dat daar ooit so 'n opsie was nie.

Die beste herinneringe uit my kinderdae is van vakansies. Beach holidays in Glentana, Vleesbaai, Uilenkraalsmond en Pearly Beach, en elke paar jaar is ons ook Krugerwildtuin toe. (Selfs op vakansies het ons gesin Bybel gelees, en as ek maatjies saamgevat het, sou hul uitgefreak wees omdat ons dit moes doen voor ons kon beach toe gaan.) My ouers sou nie noodwendig vir my die beste, duurste krieket-bat kon koop nie, maar sou altyd 'n mission hê om ons op lekker vakansies te vat. My ma se grootste droom was om 'n gelukkige family te hê. Dinge was wel soms vir haar moeilik. Ek onthou hoe sy – wat vir my gevoel het na maande lank – in haar bed gelê het en nie uit haar kamer kon kom nie, sy was depressief by tye.

Ek wou nooit bydra tot dit wat haar ontstel nie, en het skuldig gevoel as ek dit wel doen. Dis tot vandag nog so. Nou nog probeer ek dinge van my ouers weerhou wat ek dink hulle kan teleurstel of seermaak. My oudste suster, Aletia, was nog altyd baie beter daarmee om eerlik met hulle te wees. Sy was op hoërskool 'n moerse rebel en is seker nog steeds. Sy het definitief die pad vir my eie rebellie 'n bietjie gladder gemaak.

Dit was Aletia wat my leer kitaar speel het toe ek op laerskool was. Sy

het die basiese chords vir my geleer en David Kramer se “Meisie sonner sokkies” was die eerste song wat ek kon speel. Ek het nie genoeg omgee oor musiek nie en het die kitaarspel ’n paar maande later opgegee. Maar toe die grunge-ding later inkom en ek weer ’n kitaar wou optel, het ek darem al die basic chords geken. Dit het eers gebeur toe ek in 1994 hoërskool toe is – toe het ek verlief geraak op musiek.

Voor hoërskool het ek so ’n bietjie begin luister na die populêre musiek van daai tyd. Die eerste tape wat ek gehad het, was van Technotronic wat bekend was vir liedjies soos “Pump Up the Jam”. Dan was daar ook Dr. Alban met “Hello Afrika” en Vanilla Ice se “Ice Ice Baby” wat huge was toe ek hier in standerd vyf rond was. Maar omdat my susters ’n bietjie ouer was, het hulle na cool alternative music geluister. Daarom het ek Pixies en Violent Femmes, Nirvana en Pearl Jam die eerste keer by hulle gehoor en dit het my lewe verander.

Maar om enigsins oor my musiekloopbaan te kan praat, moet ek eers oor Wynand Myburgh vertel. Want nadat ek hom ontmoet het, sou niks ooit weer dieselfde wees nie.

## **“Vir jou gaan ek poes.”**



Teen die eerste dag van my standerdsesjaar aan Bellville Hoër het ek geweet daar's hierdie ou met die naam Wynand Myburgh, wat twee jaar ouer as ek is, in die skool. Ons het minder as 'n kilometer van mekaar af in La Rochelle grootgeword. Ons was in verskillende laerskole, maar dieselfde gemeente – waar my pa die dominee was en sy pa 'n diaken. Van waar ek Sondae saam met my gesin in die ouderlingbanke gesit het, kon ek Wynand en sy ouers in die diakenbanke sien. My hele kinderlewe het ek en Wynand mekaar so gesien, mekaar soms amper in die oë gekyk. Ons het geweet van mekaar, maar mekaar nie geken nie. Ek was eintlik so 'n bietjie bang vir hom en sy vriende.

Wynand was semi-notorious in die hoërskool, want hy was deel van die alternative metal crowd. Daar was min van hulle, meestal in sy jaargroep. Hulle het op civvy-dae swart gedra en veral Wynand was heavy erg into die metal vibe. Hy't altyd 14-eye Doc Martens saam met swart ski-pants gedra, en 'n metal T-shirt. Sy hare was gekam in 'n classic 1990's-middelpaadjie wat so effens te lank was volgens skoolstandaarde. Hy was die coolste, scaryste, mees metalhead dude in die skool.

Reeds aan die begin van my hoërskoolloopbaan het baie mense in die skool ook geweet wie ek is, I guess, maar om ander redes. Behalwe dat ek een van die plaaslike dominees se kind was, het ek reeds so 'n bietjie van 'n rugbyloopbaan gehad met Craven-week die vorige jaar.

Vroeg in daai eerste week van standerd ses is ek ewe rustig op pad om by

die geskiedenisklas in te stap, toe iemand my skielik van agter aan my hemp se kraag beetkry, my omdraai, voor die bors gryp en sê: “Vir jou gaan ek poes.” Dit is die eerste woorde wat Wynand Myburgh ooit vir my gesê het. Ek kon nie ’n woord uitkry nie, het net daar gestaan en wonder hoekom hierdie ou my wou moer. En uiteraard het ek toe maar draaie om hom probeer loop by die skool die volgende twee jaar. Maar ek kon hom nie vir ewig dodge nie en dat ons sou vassit, was onvermydelik. As ek nou terugkyk, was ons soos twee pole wat na mekaar geneig het. Die een se yin tot die ander se yang, sonder dat ons dit toe al besef het.

En toe kom die botsing, te danke aan Anke.

Ek het die eerste keer in standerd vier op Anke verlief geraak, en sy was my meisie tot in standerd vyf. Ek het haar gesoen in ’n nou siersteengangetjie agter die fietsrakke by Laerskool Bellpark. Ons was die eerste couple in ons jaargroep wat gevry het en het by al die parties – terwyl Boyz II Men en Indecent Obsession oor die luidsprekers blêr – gevry asof dit die belangrikste ding in die wêreld is. Toe, in my standerdsesjaar, word Anke Wynand se meisie.

Toe ek hoor sy en Wynand is nou saam, was ek seker effens jaloers. Eendag loop ek haar op die skoolgrond raak en sê vir haar: “Jou boyfriend is ’n satanis.” Kort daarna, op ’n civvy-dag by die skool, word ek tydens pouse op die rugbyveld deur Wynand en sy vriende gekonfronteer. Hulle kom staan om my in ’n kring wat al hoe kleiner word, almal van hulle langer as ek, en almal lyk gevaarliker as ek. Wynand stamp my so ’n bietjie rond en sê: “Ek’s mos ’n satanis, nè?” Ek kan nie onthou hoe die konfrontasie geëindig het nie, dalk was ek saved by the bell. Daarna was ek ekstra versigtig vir hom.

Aan die einde van daardie jaar se rugbyseisoen het die standerdsesse en -sewes saam in een span ’n informele game teen die standerdagts gespeel. Dit was ’n skooltradisie. Wynand, wat toe in standerd agt was, was ’n baie goeie rugbyspeler. Hy was ’n enigma: die metalhead wat eerstespanrugby speel en atletiekrekords opstel. Tydens dié game tackle hy my toe moerse laat, ná ’n lynstaan, want daar was nie regtig reëls nie. Ek dink nie daar was enigsins onderwysers betrokke nie en ’n ouer kind was die ref; mense het mekaar geheadbutt en so aan, ’n regte fokop. En soos Wynand my toe só moer laat tackle, sê hy net: “Dís vir Anke.”

So het ek en Wynand om mekaar gewentel, gebots en mekaar toe

uiteindelik leer ken.

In Desember 1995, aan die einde van my standerdsewejaar, is ek Kleinmond toe om by 'n vriendin van my, Marlé, te gaan kuier. Wynand was ook op die dorp vir die vakansie. Hy en 'n paar vriende het elke aand by die beach gaan hang en beach party gehou. So eindig ons een aand op by dieselfde jol, waar 'n paar ouens kitaar speel tussen die duine. Wynand was een van hulle. Toe ek daar by hulle gaan sit, het ek onseker gevoel, so asof ek nie regtig daar inpas nie.

Maar ek sing toe saam met 'n paar tunes en tokkel so 'n bietjie op die kitaar, want teen daai tyd het ek begin bewus raak van grunge en meer tyd met my kitaar spandeer. Ek het waarskynlik Nirvana se weergawe van "Plateau" gespeel, want dis wat almal daai tyd gespeel het. Die vorige jaar het 'n tjommie van my vir my 'n CD van Nirvana se *Nevermind* gesteel by die Brackenfell Hipermark toe ons een Saterdag daar rondgedrentel het. Vandat ek daardie album gehoor het, het ek begin droom daarvan om in 'n band te wees. So, toe Wynand later die aand vir my sê: "Hey, jy kan 'n bietjie sing. As skool nou weer begin, moet ons 'n band begin", was dit in my mind nie net 'n toevallige opmerking nie, dit was huge. Ek het gedink dit is amazing dat hierdie dude saam met my in 'n band wil wees.

En dis waar my musical journey toe eintlik begin het. Maar min het ek besef dat Wynand van daar af altyd deel sou wees van dié journey, met al sy twists en turns.

Die band het toe vroeg die volgende jaar gerealiseer. Die ander ouens het die naam uitgedink en net vir my gesê dis Hydrant. Ek dink nie eens ek het geweet wat 'n hydrant is toe ek die band join nie, en het eers later besef dis soos in "fire hydrant".

As Hydrant skryf ons toe in vir 'n battle of the bands wat gehou is in die Bellville-stadsaal.

Ons set was net drie songs: twee originals en 'n cover van die Red Hot Chili Peppers se "My Friends". Al het ons net dié drie songs gehad om te perform, het ons twee drummers gehad. Hiram Koopman, wat deesdae vir Die Heuwels Fantasties, Spoegwolf en Jeremy Loops sax speel, was die drummer vir twee songs. Herman Pretorius, wat 'n goeie vriend van my en Wynand sou word en met wie ons later in ons lewe weer paaie sou kruis toe hy 'n presenter op MK (kykNET se musiekkanaal) word, was die drummer vir die ander song.

Ons het nie eens daaraan gedink om in Afrikaans te sing nie en het Engelse songs geskryf, soos die meeste Suid-Afrikaanse rock bands daai tyd. Die Springbok Nude Girls was ons main influence. Arno Carstens was my ultimate hero – hy is steeds. Ek is ook in daai tyd veral beïnvloed deur Pearl Jam se album *Ten*, Green Day se *Dookie* en *Smash* van Offspring. As dit by musiek kom, was daai die grootste goed vir my. Ek onthou ek en Wynand het by 'n party gebond toe ons saam na Pantera geluister het. Ons wou ook Nirvana se “Rape Me” cover by die battle of the bands, maar ek dink ons het toe besluit dit is dalk 'n bietjie wild vir 'n skoolband-kompetisie. Nirvana was sonder twyfel 'n groot influence in daardie stadium.

Die aand van die kompetisie is ek nervous, net soos destyds voor die eisteddfod. Ek dra 'n *Mad* magazine T-shirt met Alfred E. Neuman se gesig op, 'n bruin corduroy-broek wat super-oversized is, en Doc Martens 'n paar sizes te groot. (Ek het dit by iemand verniet gekry, ek kon nie nuwes bekostig nie.) In die stadsaal met sy houtvloere en sagte rooi sitplekke is daar kids van al die omliggende skole: Bellville Hoër, Stellenberg, DF Malan en ook Jan van Riebeeck. Daar is selfs 'n band van Wellington genaamd Snortjop. Die kids dra baggy broeke en flannel shirts; grunge is die fashion. My familie is definitief nie genooi nie. Daar is 'n klomp van my skoolvriende, en girls van die ander skole met wie ek infatuated was, maar wat te cool was om in my belang te stel. 'n Vriend van ons kom backstage en smash een van die windgat kitare – een van die ander bands s'n. What the fuck? Ek voel so 'n bietjie out of place en nie cool genoeg om daar te hang nie, maar probeer my bes om cool te wees. Ek rook en chat backstage saam met die ouens van die ander bands.

Dit is vir my daunting om die eerste show van my lewe te gaan speel. Maar voor dit Hydrant se beurt is, psyche Wynand my op en sê ek moet “afgaan” – wat beteken ek moet wild gaan. So, toe ek op die verhoog uitstap, probeer ek so wild as moontlik dans. Ek copy Arno Carstens se moves, maar dit lyk heeltemal ridiculous.

Ek sing “My Friends” en fok dit heeltemal op. Ek het die song 'n oktaaf te hoog begin, moes êrens oktawe probeer switch en dit was 'n complete disaster. (Maar die cool DF girls het ná die show met my kom chat en gesê dit is “hulle” song en hulle is so bly ek het dit gesing. Wat my obviously gevlei het.)

Die volgende song het die gitarist gesing, so ek het net so half gestaan en dans op die verhoog en backing vocals gedoen, wat nogal embarrassing was. Die finale song was 'n original wat ons vir die band geskryf het, getiteld "Dooba Bikes". Die woorde was onder meer: "Left right up and down, one time my friend / You don't know you're not my friend / Standing on the corner of civilisation, my friend". Ek weet nie wat de fok dit beteken nie, maar dit was so half Nude Girls-erig. Ek het nie net soos Arno Carstens probeer dans nie, ons wou soos die Nude Girls geklink het ook. (Een van die gitarists het by Theo Crous van die Nudies kitaarlesse gehad, wat ook nogal 'n invloed gehad het.)

En dit was die eerste keer dat ek as deel van 'n band op die verhoog was, my eerste battle of the bands aan die begin van my hoërskoolloopbaan. Ek sou eers teen die einde van hoërskool weer begin musiek speel, want ná daai show het Wynand aangehou om saam met van die ouens in die band te jam, maar ek is nie teruggenooi nie. Actually, omtrent 'n dag of wat voor die show het Wynand 'n tjommie saamgebring na die rehearsal en toe het dié ou ook gesing. Met ander woorde hulle het my amper 'n dag voor die gig al uit die band gefire. Ek dink ek het gewys hoe ongelukkig ek daarvoor is dat hierdie dude my plek sou inneem, en toe kon ek darem nog die gig speel – wat ek toe anyway opgefok het.

Daar is beeldmateriaal daarvan en dit was vir my so 'n verleentheid dat dit my jare geneem het om daai footage te kan kyk. Ek het dit op social media gepost toe ons in 2018 die *Francois van Coke en Vriende*-show gedoen het, en toe het ek eers weer daarna gekyk. Dit was my most embarrassing musical moment. Ná daai streep by die eisteddfod in sub A wou ek nie weer sing nie, en hierdie optrede was toe nog 'n goeie rede om dit nie te doen nie. Veral nie in 'n band nie.

Ek wou daarna nog steeds in 'n band wees, maar ek wou kitaar of bass speel, en so ver as moontlik van die vocal duties af wegbly.

Maar terug by Wynand. Hoewel hierdie eerste musical endeavour saam nou nie juis ideaal was nie, en ons verhouding daarna geensins smooth sailing nie, het daar altyd iets spesiaals gebeur wanneer ons koppe bymekaarsit, en natuurlik sou ons paaie aanhou kruis. Sonder dat ons dit geweet het, was ons gebore vennote.

Nou ken ons mekaar al meer as dertig jaar en is beste vriende. By tye was ons verhouding soos oorlog, maar ons sou deur dit alles lief bly vir mekaar.

Ons werk saam, ons speel saam, ons doen besigheid saam, ons beplan saam en ons hang nog steeds saam uit. Wynand het altyd die vertroue, hoop en rigting gehad wanneer ek dit benodig het. Hy het in my geglo toe ek nie in myself kon glo nie. As ek enige iets nodig het, is hy die eerste mens wat ek sal vra. Hy is my broer.

## Tiener-anargis wat bly in die burbs



Ek het 'n paar keer gesuip geraak in my early high school career, maar ek is nie seker waar of hoekom presies dit die eerste keer gebeur het nie. Somehow het die wiele begin afkom en was ek altyd die dronkste ou op die jol.

In my standerdsewejaar sou ek en my tjommies Saterdag na die Tygervallei-winkelsentrum of die Brackenfell Hipermark toe stap en net daar gaan uithang. Dit was in daardie tyd dat ek verlief geraak het op die grunge stuff en dat my tjommie vir my Nirvana se *Nevermind*-album by die Hipermark gesteel het. Dit was life-changing.

Nirvana het my ingesuig van die eerste luister en ek het bedags ná skool op my bed met die CD-boekie in my hand daarna gelê en luister, en probeer uitfigure hoe hulle die musiek maak en watter instrument speel wat. Nirvana het die pad oopgemaak na al my ander invloede. As daar nie 'n Nirvana was nie, was ek nie dieselfde mens nie.

Ek en my tjommies het gereeld in die aande ook by die Tygervallei gaan hang, want daar was daai Wonderland games arcade by die destydse Mississippi Detour. Dan het ons gerook in die mall en in die veldjie oorkant die sentrum gaan Black Label quarts drink. Ek was actually altyd te bang om self booze te koop, maar my vriende sou 'n boemelaar vra om bier te gaan koop in ruil vir 'n quart.

Tydens hierdie mall hangouts sou ons nou en dan sweets steel by die

Sweets from Heaven-winkel. Min sweets, nothing heavy. Maar ek dink ek het te comfortable geraak met die feit dat ons steel by hierdie plek. Toe eendag, terwyl ons nog uitstap by die winkel, druk ek al die een sweet in my mond. Die vrou wat daar werk, sien my. Ek word geneem na die mall se sekuriteitskantoor en my ouerhuis word gebel. Gelukkig was my ouers weg vir die naweek en my ouer suster, Aletia, kon my kom haal. Sy was nogal min gespin oor die hele storie. En soos sy my wegneem, sê die mall security vir my ek is nou geban van Tygervallei ... for life. En ek glo dié kak. Ek was devastated. (Natuurlik is dit my local mall vandag. Die ban het duidelik nie gehou nie.)

In daardie selfde tyd, 1995, gaan ek vir die eerste keer na 'n festival toe. My suster Jeannine het 'n vriend genaamd Abri gehad en ek het gedink hy's fokken cool, want hy was into metal en rock. Hulle neem my en 'n paar van my tjommies toe saam na Wingerdstok by die Drie Gewels Hotel. Heelpad soontoe suip ons. Vodka en rooi koeldrank, vodka en Energade, vodka en whatever. Ek en my tjommies het eventually almal saam gekots om 'n toilet en ek het vir Koos Kombuis ontmoet – dit was 'n epic aand. Toe ek vir Koos sien, kon ek aan niks anders dink om te sê nie as: “Jy ken mos my suster.” Want Aletia het hom eenkeer by 'n jol op Stellenbosch ontmoet. Natuurlik sou hy dit nie onthou nie. (Later in my loopbaan sou ek leer hoe dikwels mense sulke goed sê. “Jy onthou mos my nefie Konrad Visagie, julle het in 2005 uitgehang by Oppikoppi se boonste bar.” As jy in 'n band is en jy ontmoet vyftig mense 'n aand, raak dit moeilik om almal te onthou.)

Valiant Swart was ook daar. Hy het toe nog 'n mullet gehad. Ek het gedink dis bietjie zef. Ek het 'n vae herinnering van hoe hy my tjommie Penguin die aand oor die kop klap toe Penguin naby sy voete kots. Toe ek Valiant jare later ontmoet en agterkom watse nice ou hy is, het ek besef dat ek waarskynlik daardie storie vir myself opgemaak het.

My heroes, die Springbok Nude Girls, het laaste gespeel. En in die mosh pit slaan iemand my toe met 'n bottel oor die kop. Gelukkig het die bottel nie gebreek nie. Maar daar was 'n moerse knop op my kop en ek het daarna 'n proper blackout gehad. Die blackout was waarskynlik meer van die suip as van die hou met die bottel. Dit was die begin van my blackout career.

Die volgende jaar, in standerd agt, het ek met 'n beat-up scooter, wat eers Aletia s'n was, begin skool toe ry. Dit was 'n cheap-ass scooter en my suster het dit gevef om soos 'n koei te lyk. Weird. Een dag ná skool het ons

êrens gehang en ek lift my tjommie huis toe. Ons het gery op 'n stuk ou pad wat vol slaggate was en toe ons om 'n draai gaan naby my huis, slaan ons neer. My vriend val met al sy gewig vooroor, op my rug, terwyl ek met my knie die teer tref, wat 'n moerse gat uit my knie ruk. Iemand wat dit gesien het, hardloop toe na my huis toe en roep my pa. Daar kom my pa oor die veldjie aangehardloop met watte en mercurochrome. Ek het meer professionele mediese bystand as dít nodig gehad.

So, daar sit ek toe met hierdie ernstige kniebesering aan die begin van my standerdagt-rugbyseisoen. Vir ses weke moet ek gips dra en daarna moet ek waterterapie doen om my been te laat herstel. Ek was ongelooflik teleurgesteld. Rugby was my passie en om die grootste deel van die rugbyseisoen te mis, was een van die ergste goed wat met my kon gebeur. Nog erger as toe ek vroeër daai jaar uit Hydrant geskop is ná die battle of the bands. Ek het elke game van my span gaan kyk en dit was hartverskeurend.

My eerste rugby game nadat my knie behoorlik genees het, is toe teen een van ons skool se groot rivals, Hoërskool Stellenberg, en ek druk die wendrie. Ná die weke van frustrasie in gips, is die wen vir my beter as enige vorige oorwinning, en daarna hou ek en die res van die span so 'n bietjie van 'n party by my huis. My ouers was nogal lenient en ons kon toe 'n glasie goedkoop vonkelwyn drink – seker JC le Roux of iets – en die coach was buitendien aan die begin van die aand daar. Ek dink ons het een bottel JC gehad wat ons almal moes deel. Maar natuurlik het 'n klomp van die dudes ander booze saamgebring.

My ouers was uit vir die aand; vertrou my natuurlik. En so raak ek completely wasted. Ek down brandewyn in die parkie langs ons huis. Drink Sambuca. En toe my ma-hulle by die huis kom, sit ek op die bank met my hele gesig blou van die Sambuca. Blykbaar het my ma vir my gevra wat met my aangaan en het ek vir haar gesê dat ek 'n blou stokkielekker geëet het. Maar hiervan kan ek niks onthou nie, ek het completely ge-blackout. Die gevolg was dat my ma my uit die partytjie verwyder terwyl die ander ouens seker nog steeds skelm drink, en my in die bad gaan sit. Ek weet nie presies wat alles gebeur het nie, maar nadat ek gebad het, vind my ma my waar ek my T-shirt probeer aantrek asof dit my broek is. Daarna het sy my in die bed gesit.

Die volgende oggend word ek wakker in my bed, sonder dat ek weet hoe

ek daar gekom het, met 'n klomp van my rugbysmaats nog in ons huis, en ek is soos, what the fuck happened? Dit was 'n Sondag en ek moes kerk toe gaan. Met ons terugkeer van die kerk af, het my ma met my gepraat oor die vorige aand, obviously heavy teleurgesteld.

Tussen Sambuca suip en skelm rook, Black Labels en blackouts, was ek teen standerd agt rond seker bietjie van 'n rebel.

En toe kom daar 'n moerse ommekeer.

Op 'n kamp saam met my rugbyspan het ek radically tot bekering gekom. Met die klem op radikaal. 'n Vriend van my in daardie tyd, Hannes, wat in Hoërskool DF Malan was, het gepraat van: "Is jy radical?" Met ander woorde, jy's nie net 'n Christen nie, jy's 'n "radical" Christen.

Ek was bietjie verveeld met die NG Kerk, maar het as gevolg van my opbringings gevoel dat ek die een of ander tyd in my lewe tot bekering moet kom. Dit moes dus in 'n stadium gebeur en ek het gesoek na 'n verhouding met God, maar nie soos die NG Kerk dit doen nie. Iets wat dieper was, iets was meer vir my kon beteken.

Ek het gevind waarna ek gesoek het toe ek ná die bekering begin om na Focal Point in Brooklyn te gaan. Focal Point was 'n charismatiese kerk. Die leier was hierdie groot kaalkop-pastoor, Steve Pienaar, wat vol tattoos en piercings was, en daar was punk en metal bands wat deel was van die bediening. Daar was dit cool om 'n Christen te wees. Dit was punk om 'n Christen te wees en dit het nog steeds bietjie rebels gevoel omdat dit heeltemal anders as die NG Kerk was. Dis hier waar my en Wynand se paaie ook toe weer kruis. Hy't intussen begin film swot in Mowbray en vriende geraak met 'n klomp dudes uit die punk scene wat na dié kerk toe gaan. Eventually sou ek en Wynand in Focal Point die worship lei.

So het ek en dié vriend van my, Hannes – die een wat altyd gepraat het van "Is jy radical?" – in matriek 'n band begin. Ons was erg into rap metal. Dit was die tyd van Korn, Limp Bizkit en Deftones. En dan was daar ook 'n sterk punk-invloed. Op die Kaapse Christen-scene was daar die band genaamd Nailed, wat later 7th Breed geraak het, waarin Wynand gespeel het. Hulle was 'n punk band; die punk bands was nogal groot op die Christen-scene daai tyd. (Almal van ons wat later in Fokofpolisiekar sou wees, het toe ook geluister na MxPx, 'n American punk band wat in daardie stadium as 'n Christen-band bekend gestaan het, en 'n groot influence op ons almal was.)

Die band wat ek en Hannes toe stig, was punk/metal/terrible. Ons naam was eers AS180 (Altered State 180 degrees), met die betekenis: I made the switch, ek is nou anders. En toe raak dit 4 x Dead (Four Times Dead) – met ander woorde, dead to our old lives, want ons was nou radical. Ek het kitaar gespeel, baie sleg. En die band was baie sleg. Maar ons het natuurlik nie toe so gedink nie en deelgeneem aan battles of the bands. Ek is so bly daar is geen musiekvideo's of opnames van daai band nie, behalwe vir 'n paar video's wat mense by shows gemaak het, en ek weet nie of dit nog bestaan nie. Ek hoop nie so nie.

Maar die classic ding van 4 x Dead was dat die bekende radio-omroeper Barney Simon eenkeer ons naam gesê het op 5FM, want hy't 'n gig ge-advertise. Dalk was dit 'n gig wat sou gebeur by die Danie Uys-park in Boston, Bellville – dit was waar ons scene was, by skole en die Danie Uys-park. En toe het hy na ons verwys as “Four By Dead”, soos in “4x4”. Duidelik was ons nie naastenby gewild genoeg dat hy ons naam sou ken nie.

Die band het 'n skielike dood gesterf toe Arno, die sanger/rapper, Engeland toe gaan. Ek kon nie glo hy wou die band los om die land te verlaat nie. Ek wou steeds baie graag in 'n band speel, in 'n Christelike punk band.

***dream hope fear***

Om in 'n Christelike punk band te speel was vir lank my ultimate goal. In standerd nege is ek gekroon as Mnr. Bellville, en dit is een van die goed wat ek op die aand van die kompetisie gesê het toe die beoordelaars my oor my doelwitte vra. (Obviously praat ek hier van Mnr. Bellville Hoër, en nie soos in Mnr. Bellville die voorstad nie. Dit sou weird wees as daar so iets was ... of dalk moerse entertaining.) So, as ek in “Daarsy Boys” sing “Ek was Mnr. Bellville”, is dit die reine waarheid. Ná my groot bekering in standerd agt was ek 'n modelleerling – 'n CSV-kringleier, skrumskakel vir die skool se eerste rugbyspan, en ek was selfs twee jaar op die leerlingraad.

My prys as Mnr. Bellville was onder meer 'n rekenaarkursus wat ek in 1999, ná matriek, in die stad sou gaan doen terwyl ek by coffee shops en restaurante in Bellville waiter en nog by my ouers woon. Ek het ook in die jaar ná matriek – en nog twee jaar daarna – ingeskryf vir 'n BA op Stellenbosch, maar dit nooit gaan doen nie; ek het besluit ek kan netsowel die kursus gaan doen wat ek verniet in die Mnr. Bellville-kompetisie gekry het. So leer ek toe bietjie Excel, bietjie Word, bietjie tik, en ek dink daar was bietjie networking ook in. Maar obviously het ek nie daarna met hierdie kennis gaan werk soek nie, hoewel ek down the line 'n ruk lank in 'n internetkafée in Langstraat sou werk as die worst employee ever.

In 2000, twee jaar ná matriek, gaan swot ek sound by Cape Audio College, waar Wynand toe ook intussen 'n sound-kursus gedoen het. Ek wou steeds eintlik in 'n band speel, en die sound-kursus was 'n goeie

manier om te studeer én op musiek te kon fokus.

Ek en Wynand chat in hierdie tyd baie daaroor om dalk weer saam 'n band te stig en ek stel voor ons kry miskien vir Hunter Kennedy in op kitaar. Vir Hunter het ons op hoërskool leer ken. Ons het geweet van hom, hierdie dude in Hoërskool DF Malan wat kitaar speel en songs skryf, en het hom by koffiekroeë, Focal Point en local gigs begin raakloop. In die tyd van 4 x Dead het ek by hom 'n pedal geleen vir 'n show en só het ons die eerste keer begin chat. Daarna het ons eenkeer saam op Stilbaai beland vir 'n vakansie – ons was albei daar saam met ons girlfriends van die tyd. Daar begin ons toe hang en gesels oor musiek waarvan ons hou. Ek vra vir Hunter wat hy vir Kersfees gekry het en hy antwoord: “Dooransh.” En ek was soos, wat sê die ou? Hunter praat soms binnensmonds, jy kan nie altyd verstaan wat hy sê nie. Maar hy't gesê *Dude Ranch*, van blink-182. Ons besef toe ons het 'n mutual love vir punk stuff, Incubus en ook van die punk bands uit die Christen-scene.

Uiteindelik nooi ek en Wynand toe vir Hunter om saam met ons kitaar te jol en nadat hy vir ons 'n paar songs gespeel het, besef ons hy's musically way ahead of us – dit is 'n no-brainer dat hy ons nuwe band se guitarist moet wees. Op tromme kry ons vir Gerald van Wyk, 'n ou vriend van Wynand, en saam stig ons toe A Guy Called Gerald. Dié naam is iets wat ek en Wynand raakgelees het op 'n drum 'n' bass-CD – dit was die verhoognaam van die een of ander obskure Britse DJ – en sonder om veel daaroor na te dink, steel ons die naam.

Die musiek wat ons toe begin skryf het, was beïnvloed deur punk bands soos blink-182, Goldfinger en Less Than Jake, maar die idee was aanvanklik dat dit 'n Christelike band sou wees. En omdat ek en Wynand die worship leaders in die kerk was, het ek gedink dit gaan altyd 'n Christelike band wees. By een of twee rehearsals bid ons nog voor ons begin. Maar dit hou nie lank nie. My geloof in God het begin wankel.

Van my matriekjaar af was ek heavy verlief op 'n goeie vriendin van my, 'n eksmeisie van Wynand. Maar dit het nie uitgewerk nie, sy het nie soos ek gevoel nie. Dit was my grootste liefdesteleurstelling ooit. En daarna was dinge byna oornag anders. Ek was kwaad en depressief, en dit het gevoel asof God my nie wil of kan help nie. Ek het net besluit my hart is te seer, fok dit, ek gaan nou sigarette rook en drink en vloek, en ek het dit alles op een dag begin doen.

Ek het al hoe ongemakliker begin raak met die kerk en veral daarmee om 'n worship leader te wees. Dis hoekom ek toe die kerk-vibe los. En terselfdertyd het A Guy Called Gerald begin pivot en 'n sekulêre band geword.

Nog 'n verandering was dat Wynand sommer vroeg reeds besluit het hy wil nie meer deel wees van die band nie; hy wou fokus op sy sound engineering en om 'n inkomste te genereer. So, ons kry toe eers 'n ander buddy van ons, Johan Eicher, om bassist te wees in Wynand se plek, en later het Raffael (Raffi) Rueckert weer Johan se plek oorgeneem. Raffi was nogal 'n bekende punk dude op die scene. Hy het 'n vorige band gehad, Fungi Gone West, en was 'n paar jaar ouer as ek en Hunter. Omtrent in dieselfde tyd dat Raffi ons gejoin het, het die Britse A Guy Called Gerald, die DJ by wie ons ons band se naam gesteel het, moerse bekend begin word, en moes ons toe ons naam verander. Ons word toe New World Inside, 'n naam wat ons uitgedink het in die buitekamer van die pastorie – 'n garage wat omskep is in 'n slaapkamer.

In hierdie tyd was my grootste mission om uit Bellville te kom en Kaapstad toe te trek. Vandat ek 'n tiener was, het die Kaap vir my gevoel na 'n mystical plek waarheen ek wou ontsnap. Dit was natuurlik ook die middelpunt van die local band scene. Ons sou die gig guides in die koerante dophou en deurry stad toe om shows te gaan kyk. Ek het vir BOO! en Max Normal in Mercury Live gaan sien, en dit was twee bands wat my geïnspireer het. Ek wou hê die band waarin ek is, moet ook incredible wees, nie middelmatig nie.

Ek en Wynand het dié scene ook al hoe beter leer ken toe ons begin sound doen in die Purple Turtle, 'n club op die hoek van Langstraat en Shortmarket. Hier mix ons so twee gigs 'n week, Woensdae en Saterdag – dit was die band-aande. Die Turtle was een van die dodgyste plekke in Kaapstad, maar een van die min venues wat live musiek aangebied het, en ons het 'n klomp alternatiewe mense daar ontmoet. Daar was gothic aande, 'n tattoo parlour op die boonste vlak, en dit was een van die eerste plekke in die Kaap waar jy maklik kon dagga koop.

Ons ontmoet toe onder andere drie Turkse girls daar, met wie ons soms uitgehang het. Hulle het daar naby gewoon, in 'n tweeslaapkamerwoonstel in St Martini Gardens oorkant die Tuine. Toe hulle teruggaan Turkye toe, neem ek, Wynand en Gerald die flat by hulle oor. Dit was die jaar toe ek pas

klaar sound geswot het, en ek maak die minste geld van almal, so ek bly in die leefkamer vir R500 se huur 'n maand, wat ek gewoonlik nie eens bymekaar kon skraap nie.

Die woonstel was retro, 1970's-styl met 'n blokkiesvloer, op die tweede vlak van St Martini Gardens. Daar in die leefkamer lewe ek uit 'n sak; ek het klere en ek het 'n stack porn mags, dit is omtrent die somtotaal van my besittings. Ek slaap op 'n bed in die sitkamer, waar daar so 'n fucked-up TV en 'n ou bank is wat Wynand by sy ouers gekry het. In die ander hoek is 'n rekenaar en landlyn waar Wynand bietjie business kan doen met die sound, en daar staan altyd sound gear rond. Soms as ons gesuip of gerook is, gooi Wynand vir ons drunke shows deur songs wat hy opgemaak het oor die speakers te sing. Dikwels kaal. Sy grootste sitkamertreffer is "Die mooiste liefde is nog nie verby". Hy skok ook graag kuiermense deur 'n VHS porn tape in die videomasjien te druk, wat dan skielik op die TV begin speel.

In daardie woonstel rook ons ongelooflik baie zol. Op 'n dag kom klop iemand aan ons deur en skree: "Ons weet wat julle daar binne doen!" Wynand is convinced dis die polisie. Hy begin dadelik die skottelgoed was en weier om die deur oop te maak. Toe ons eventually oopmaak, sien ons dis die bure. Die hele gang het seker na zol geruik.

Dis hier in die foyer van St Martini Gardens waar ek vir Lauren Wiid ontmoet. Sy't ook in die gebou gewoon, op die sewende verdieping. Toe ek haar die eerste keer sien, het sy rooi skate shoes en blou jeans aangehad, en haar hare was in 'n ponytail. Ek was dadelik intrigued deur haar.

Ek sien haar weer toe ons een aand met gemeenskaplike vriende kuier by The Lab in die middestad. Ons gesels die hele aand en hang lekker uit. Ek het gedink Lauren is beeldskoon, selfs al was sy so effens skeel – sy was eintlik net bietjie dronk. Ons stap toe saam huis toe omdat ons in dieselfde blok woon, en klim saam in die lift by St Martini Gardens. Ons ry met die lift op tot by my verdieping, maar ek druk toe die knoppie om saam met haar op te ry na die sewende. Toe ons daar bo kom, druk sy weer die knoppie om saam met my af te ry. En so hou ons aan om die knoppies te druk en op en af met die lift te ry, tussen haar verdieping en myne, op en af, op en af, totdat ons uiteindelik vry.

Ek het gedink Lauren is amazing, maar ek was nog nie gereed om te commit nie. Twee weke in die verhouding in, stuur ek soos 'n lafaard my tjommie Brendan Sterley – wat intussen by my en Wynand ingetrek het –

om namens my met Lauren te gaan opbreek. Ek kon egter nie van haar vergeet nie. 'n Paar dae later besef ek ek het 'n moerse fout gemaak en gaan smeeek haar, met trane in my oë, om my terug te vat. Ek was reeds lief vir haar. Ek is nog steeds, en sal altyd wees.

Ek het ook 'n vivid memory van my en Lauren wat backstage vry by The Jam (wat later Mercury Live geraak het). Dit was vroeg in ons verhouding en Sean, die eienaar, het ons ná 'n New World Inside show betrap met my hand in haar broek.

New World Inside het nogal relatief goed gedoen daai tyd en was redelik gewild op die alternatiewe toneel. Ons het 'n manager genaamd Mariska Botha gehad en het baie shows gespeel. Ons groot "hit" was "The Sun Won't Set" – Hunter het dit geskryf en gesing. Ek het bass gespeel en meestal backing vocals gedoen, en het begin voel ek is 'n decent backing vocalist. Hier en daar het ek 'n song geskryf en dit gesing, maar ek het die singwerk grootliks aan Hunter oorgelaat.

Uiteindelik wen New World Inside toe 'n battle of the bands, waar die prys 'n albumopname by 'n kollege was. Die studente neem jou op, so jy kry eintlik maar net 'n kak opname. Ons kon niks daarmee doen nie.

Intussen word ons ná 'n show by Whammy Bar in Table View deur 'n producer genader, wat beweer hy het al saam met Michael Jackson gewerk. Die ou oortuig ons om hom te betaal om vir ons 'n nuwe EP te produce. Nadat ons die paar duisend rand daarvoor bymekaar kon skraap, doen hy so 'n kak job dat die studio engineer die hele ding op die laaste nippertjie voor die launch date moes red so goed as wat hy kon.

Maar ons kon toe 'n EP vrystel (al was dit eintlik baie sleg opgeneem) en dit lei daartoe dat ons 'n record deal kry by Revolution Records, 'n skate label wat besluit het om bands ook te sign. Hierdie deal stel ons in staat om behoorlik te gaan opneem by JP de Stefani se B Sharp Studios in Boksburg. Daar was 'n local punk band in daardie tyd genaamd Ignorance Is Typical wat hulle opnames by B Sharp gaan doen het, en ons het gedink dit klink amazing; dis hoekom ons besluit het om daarheen te gaan. Ek sou nie sê ons was 'n goeie band nie, maar die opname wat JP van New World Inside gedoen het, klink pretty good. JP het somehow daarin geslaag om ons beter te laat klink as wat ons in werklikheid was, en ons sou teruggaan na hom toe vir die eerste Fokof-opnames. JP is onlangs oorlede en dit was vir my en 'n klomp van my musikant-vriende baie hartseer. Sy invloed op Suid-

Afrikaanse musiek is onmeetbaar.

Die New World Inside-album is getiteld *dream hope fear*. Ons het vyfhonderd CD's geprint en daai vyfhonderd CD's verkoop and that was it.

Vir daardie opname in Boksburg het ek van die Kaap af gery met my mahulle se Opel Kadett – meer as twaalf uur op die pad. Wynand het agter my aan gery in sy Venture. Al was hy nie amptelik deel van die band nie, het hy soort van die rol van manager ingeneem saam met Mariska. Gelukkig is hy saam, want net voor Beaufort-Wes blaas die Opel 'n top gasket en moet ek die kar op die dorp los tot ek dit eventually kan gaan haal.

Op pad terug Kaap toe ná die opname, is ons almal saam in Wynand se Venture. En soos ons ry, begin ons joke daaroor om eendag 'n Afrikaanse band te begin wat op al die klein dorpies kom optree. Dis waar die saadjie vir Fokofpolisiekar die eerste keer geplant is.

As ek nou terugdink aan New World Inside, besef ek watter belangrike rol daai early band days daarin gespeel het dat musiek uiteindelik ons loopbaan sou word. Dit was soos 'n toetslopie vir die toekoms; dit het ons geleer wat werk en wat werk nie.

Toe ons begin het met bands jol, het ons nooit gedink mens kan geld maak daaruit nie. Ek en Hunter het gewoonlik die geld wat ons met New World Inside shows gemaak het ná die tyd gaan uitdrink, sonder dat die ander ouens in die band weet wat ons doen. En dis nie asof ons baie geld gemaak het daaruit nie. Van die enkele kere wat ons 'n gig in Joburg gespeel het, moes ek en Hunter met die trein daarheen en terug ry om geld te spaar, want ons kon nie vliegkaartjies vir die hele band bekostig nie. Met een so 'n trip, toe ons terugkom van Joburg af, het ons omtrent R25 tussen die twee van ons – en ons is honger. Ons kon toe by 'n BJ's een bakkie mash en gravy en een hoenderboudjie koop. Om te deel. Dis hoe broke ons was.

Die motivation was nie om geld te maak nie, maar musiek. Dít het ons die drive gegee om 'n goeie band te wees. Daai tyd het ek in die stad gebly en Hunter het op Stellenbosch gewoon waar hy kuns geswot het (wat hy net vir 'n jaar gedoen het voor hy opgeskop het). Vir New World Inside rehearsals sou ek met die Opel uit die stad ry Stellenbosch toe, vir Hunter optel, en dan sou ons al die pad Bergvliet toe ry waar Raffi saam met sy girlfriend gewoon het, daar oefen, en daarna sou ek vir Hunter terugvat Stellenbosch toe. Dis omtrent drie uur se ryery vir net een rehearsal.

So, hoewel ons die meeste van die tyd gesuip of gerook was, was ons nog steeds ernstig daaroor om iets te probeer maak: Music. En dit was vir ons belangrik. En daai drive het ons later oorgedra na Fokofpolisiekar toe. Ons wou net musiek maak. Dis waarom dit gegaan het.

**“Jirre, man, dis goed om jou hier te sien!”**



Een aand het ek en Wynand die klank vir die een of ander band by die Purple Turtle gedoen en Hunter het saam met ons daar uitgehang tot lank ná middernag. Dit was in die herfs, KKNK-tyd, in die tyd toe die KKNK nog cool genoeg was vir jong mense om ver te mission om daar te wees. Ons neem toe 'n baie impulsiewe besluit en ry deur Oudtshoorn toe in Wynand se pers VW Golf. Ons pak nie klere in of enigiets nie, klim net in die kar en begin ry.

Maar eers koop ons acid in Langstraat.

Met Fuzigish wat uit die Golf se front loader pomp, drop ons die acid en begin ry, sonder om veel te dink of te hoop. Ek en Hunter het toe nog nie veel drugs gevat nie en weet nie regtig wat om te verwag nie; Wynand is meer ervare, maar ook redelik versigtig.

Gelukkig skop die acid toe nooit in nie, en ons aanvaar ons het seker duds gekoop – dis tog maar in Kaapstad van die straat af gekry. Ons kom veilig in Oudtshoorn aan, omtrent soos die son begin opkom. Nadat ons so 'n rukkie in die kar geslaap het, tref ons die strate.

Daai tyd was dit ons mission om so gou moontlik dronk te word. Ek was gewoonlik die ou wat eerste dronk was, eerste uitpass, sommer in die bar of venue slaap en dan weer aangaan. Ons mission daardie dag is toe om in die oggend so vroeg moontlik te begin suip en Oudtshoorn se jols uit te check. Ek kan nie veel van die dag onthou nie, maar ek weet ek het die een of ander tyd uitgepass en wakker geword in 'n soort hippie village op 'n plaas

buite die dorp – Mariska het ons daarheen gevat. Soos ek wakker word, stop iemand my 'n Rizla-papiertjie in die hand met 'n druppel liquid acid op. Sonder om te aarsel, sluk ek die ding en donner aan tot ons weer in die dorp opeindig by Rock Art, 'n befokte jol in Baron van Rheedestraat, daar waar Brian's Grill later was.

Daar is bands aan die jol en ons het 'n befokte tyd. Ek loop die ouens van Akkedis en vir Jakkie Louw in die crowd raak. Ek het vir Jakkie geken omdat hy ook op hoërskool in bands gespeel het; sy band Stone Analysis het altyd die battles of the bands gewen. Ons party ook saam met Snake (Jaco Venter) en Merwe le Roux van 22 Stars, wat nog 'n punk band op die Kaapse scene was daardie tyd. Hulle was toe reeds goeie vriende van ons. Snake en Merwe was skate/rollerblade punks en het op dertien probeer pense groei – hulle was as tieners die Bart Simpsons van Welgemoed. Snake sou natuurlik later die drummer vir Fokofpolisiekar word en Merwe het uiteindelik 'n bekende graphic designer geword wat vir baie van my en my tjommies se album covers sorg.

Op Rock Art se verhoog jol Beeskraal in hul kakie-outfits. Jissis. Daarna sing die vocalist van die band Duusman met 'n headset aan, soos Britney Spears. Merwe bring dit onder my aandag; ook dat dit baie kak en un-rock 'n' roll is. Mens moet mos 'n mic vashou en met passie daarin sing, en met daai ding kan jy dit nie doen nie. Ek probeer toe dié mening aan almal by die bar verduidelik, gaan in 'n acidic booze tangent daaroor af by elke persoon wat ek sien.

Eventually sê ek dit vir die verkeerde dude.

Daar is 'n klomp ouens wat lyk soos 'n rugby-toerspan. Hulle dra ook two-tone-kakieklere en daar is iets op hul hemde se sakke geborduur – *Iste XV* van die een of ander club of iets. Ek begin met een van dié boere-rugbyspelers praat oor die band en die headset-situasie, en die bra is net nie keen om na my te luister nie. Doodkalm pass hy sy bier vir 'n tjommie aan en donner my met 'n reguit regter op die kaak. One shot. Lights out. Goodbye.

Wynand, Snake en Merwe sien die hele storie gebeur. Blykbaar het ek teen die muur geval. Soos 'n sleg sak aartappels inmeaargesak. Ek is so hard gedonner dat my flesh tunnel uit my oor geval het. Boing-boing-boing hop dit op die sypaadjie voordat Wynand dit optel en in sy broeksak sit.

Toe ek bykom, is ek besig om my vetters en my belt vir die cops te gee in

Oudtshoorn se polisiestasie. Die cop station is reg langs die jol en een van die reserviste het my opgetel net nadat ek uitgeslaan is en met my daar ingestap. Ek is gearrester vir oproerige gedrag en die rugbyboer-dude staan seker nog lekker en suip by Rock Art.

Snake en Merwe staan daar eenkant in die polisiestasie terwyl Wynand en Mariska alles in hulle vermoë doen om my daar uit te kry, maar ek word in 'n sel gegooi saam met haweloses, dronkies en ander oproeriges. Natuurlik het ek nog 'n kop vol acid en booze. Met die instap verklaar ek dadelik as iemand iets met my probeer, gaan ek hulle poes. Baie dapper. Een dude bring my toe rustig tot bedaring en sê ek moet by hom kom sit – duidelik not his first rodeo.

Daai sel is die sifste plek waar ek al ooit was. Jy moet vir 'n kombersie gaan vra by 'n man wat agter in die sel in 'n kleiner, aparte deel opgesluit is. Daar is ook 'n toilet by hom. Weet nie hoe mens veronderstel is om daar uit te kom nie, maar ek het dit nooit gebruik nie. Dit is kak koud, want die plek het nie 'n dak nie, dis net toegemaak met 'n tralie-mesh waardeur jy na die sterre kan kyk terwyl jy oor jou sondes dink. Die kombers is dus nodig, maar die ding ruik soos 'n kombinasie van asbak, kots, kak en sweet.

Twee ouens raak aan die baklei en een dude kots hier langs my kop. Dis 'n wild ride op acid, to say the least. Intussen probeer Mariska en Wynand steeds hul uiterste bes om my uit die selle te kry, maar nie een van die lawyers wat hulle ken, kan my die aand daar uitkry nie. Ek moet maar sit tot die volgende oggend.

Tussen die kots en fights deur oorleef ek darem die nag en eventually sien ek deur die tralie-mesh dit raak oggend. Die vibe begin effens ligter word en later sing ek in 'n koor saam met die ander ouens in die tronksel “Don’t worry, be happy”.

Vir ontbyt kry ons aaklige ou bruinbrood en stroopsoet swart koffie wat ek maar vir die ander ouens in die sel gee. Eers teen tienuur kan ons waai en my acid trip is klaar en ek is ongelooflik bly om daar uit te kom.

Buite wag my tjomies my in en ek is naby aan trane toe ek hulle sien, want dit het gevoel na 'n ewigheid. Mariska vat ons Wimpy toe vir breakfast, maar my kaak is so fucked geslaan, ek kan nie my mond oopmaak om te eet nie. En tog het die tronkstorie ons nie afgesit nie en ons besluit ons bly maar nog 'n dag of twee in Oudtshoorn aan om te party.

Toe ek later die dag by 'n drankwinkel instap, sien ek een van my

selmaats buite bedel en hy tune my: “Jirre, man, dis goed om jou hier te sien!”

## **“Trek uit jou klere!”**



Ek, Hunter en Wynand het steeds dikwels daaroor gepraat om 'n – ha-ha-ha – Afrikaanse punk band te begin, net nooit vreeslik ernstig nie, meestal as 'n grap. Maar daar was een spesifieke aand, ná 'n show in die Purple Turtle, wat ek en Hunter besluit het New World Inside is nou verby. Ons het by die bar gestaan, die besluit geneem en mekaar high fives gegee. En ek dink van daardie oomblik af het ons ernstiger begin dink oor die moontlikheid van so 'n Afrikaanse band, dit wat uiteindelik Fokofpolisiekar sou word. Maar intussen moes ons nog New World Inside shows speel, wat ons nie meer baie ernstig opgeneem het nie.

Mariska het 'n naweek lange festival georganiseer wat by die Hangklip Hotel buite Pringlebaai plaasgevind het, en sy't ons natuurlik in die line-up gesit. Wynand het die sound gear supply vir die fees en ek en hy moes die klank doen; hy moes die goeie bands handle, terwyl ek sommer 'n paar van die beginner-bands sou mix. Die naweek het 'n goeie dosis punk, ska, alternative/rock ingehou. In die line-up was My Latest Ex, Half Price, Froy, Cruel April, Hog Hoggidy Hog, New Flying Machine en een van ons favourites in daai stadium, Kelvin Declined. Ek en Wynand het gereeld op die Kaapse music scene met hierdie bands gewerk.

Soos gewoonlik gaan ons groot. Ons rook aanhoudend joints en drink soveel as moontlik. Tussen die Black Labels ryg ons Jose Cuervo tequila in, want Lauren werk as 'n tequila girl by die fees. Sy was toevallig ook 'n

meermin op promo-foto's vir die event. Sy is egter niks vir enige van die twee jobs betaal nie, dit was maar om 'n goeie vibe te hê en miskien 'n free kaartjie na die fees toe te kry.

Die naweek is 'n moerse, morsige party. Daar is 'n paar old-school Kaapstad-punks wat almal deur die dag ewe veel vermaak as uitfreak. Een dude, Bradley, loop rond met 'n stuk vleis aan 'n tou asof dit sy hond is. Reg voor ons, waar ons agter die sound desk staan, sien ons hoe 'n ander punk in sy hand kak en dit in die klein crowd se rigting gooi, waar dit 'n paar mense tref. Dít gebeur in die middel van die dag terwyl daar 'n band optree, maar min mense voor die verhoog is. Ek staan en kyk hoe uitgefreak een ou lyk toe hy besef iemand het hom van agter af met kak gegooi.

Intussen doen ek en Wynand ons ding: set band na band op, doen line checks en mix die klank. In 'n stadium raak ek agter die mixing desk op my arms aan die slaap terwyl 'n band van Worcester, Human Error, op die verhoog is. Skielik skrik ek wakker en in my waas sit ek dadelik musiek aan. Ek jol sommer MxPx oor die system, want dit was in die CD player. Ek het gedink die band was klaar, maar dit was nog in die middel van die set en hulle was net tussen twee songs. Hulle was seker befok vir my.

New World Inside het nogal 'n goeie slot gehad by die jol, nie net omdat ons manager die show georganiseer het nie, maar omdat ons in daardie stadium redelik gewild was op die Kaapse music scene.

Miskien moet ek verduidelik hoe die Kaapse music scene in daardie tyd gelyk het. Dinge was nie great vir local musicians nie. Alternative/rockmusiek was op 'n all-time low in Kaapstad. Drum 'n' bass en hip-hop was groot en daar was heelwat venues wat sulke parties gehost het. Ons het ook baie by daai parties uitgehang. Die Cape Town punk scene was die enigste live music wat regtig mense gepull het. Dan was daar so vyf bands op 'n bill. Maar die alternative bands van die tyd het omtrent geen ondersteuning gehad nie. Dit was bad. So, New World Inside was een van die meer popular bands, maar ek bedoel glad nie ons was massive nie.

Al was ons aanvanklik redelik ernstig oor die band, het New World Inside altyd so dronk as moontlik op die verhoog geklim – iets wat ons ook in die vroeë jare van Fokofpolisiekar sou doen. Maar ek dink New World Inside was dalk so 'n bietjie erger. Vir hierdie show is ons maar weer op dieselfde plak, en in die middel van die set sê Wynand van die sound desk af vir my deur die monitors: “Trek uit jou klere!”

Ek laat nie op my wag nie. Raffi was ook bekend vir kaal speel met sy ander band, Fungi Gone West. Maar dié aand is dit net ek wat die klere laat waai het. Ek speel toe die res van die set in my birthday suit, met net die bass voor die gevaararea en met my DVS skate shoes nog aan my voete. Ek kan nie onthou waar ek weer my klere ná die show gekry het nie. Het ek eers my bass opgepak of eers aangetrek?

Ek was bereid om kaal op 'n verhoog te verskyn, solank ek 'n instrument voor my gehad het. Maar die gedagte daaraan om sonder een voor mense te staan en net te sing, sou my totaal en al ontbloot laat voel, en dit was iets wat ek binnekort sou moes face.

## Fokoffamiliemotor



Die storie van waar ons aan Fokofpolisiekar se naam gekom het, het ek al so moer baie in my lewe vertel dat dit nie eens meer vir my real voel nie. Dis amper al 'n legende in my kop (en Wynand onthou die details effens anders as ek, wat seker bevestig dat dit 'n legende geword het). Maar dis 'n belangrike skakel in die Fokofpolisiekar-verhaal, want toe ons eers 'n naam vir die band het, was ons Afrikaanse punk band nie meer net 'n joke nie.

Ek en Wynand ry eendag om in die see by Gordonsbaai te gaan swem. Ek dink dit was Desember 2002, of dalk selfs baie vroeg in Januarie 2003. Soos gewoonlik in daardie dae, is ons gerook. Ons ry met Wynand se ou Venture, ek bestuur, en daar pull 'n kar voor my in. Ek skree toe: “Fokof, familiemotor!” Dadelik is ons albei soos, fuck yeah, dis die naam vir ons Afrikaanse band, dis so amazing. Wynand sê dit klink soos die Duitse band Rammstein, so hard en sterk. Toe ons stop by die beach in Gordonsbaai, bel ons vir Hunter en sê: “Dude, ons het die naam vir ons Afrikaanse band waaroor ons al so lank joke: Fokoffamiliemotor.” Hy lag en vra of ons fucked is. Ons was, obviously. Maar in die oomblik was ons doodseker dat dit die naam van ons nuwe band is, en dat dit nou gaan realiseer.

Daar in die branders by Gordonsbaai praat ons ook oor wie die beste drummer vir ons nuwe band sal wees. Daai tyd het ons dikwels sound gedoen vir Snake se band 22 Stars en hulle het gereeld saam met New World Inside opgetree. Ons het gereken Snake slaan die hardste van al die local drummers en ons het geweet dis wat ons nodig het. Hy was dus in ons

gedagtes van die begin af, en natuurlik Hunter ook, want ons het hom dadelik gebel.

So 'n paar weke later sien ons weer vir Hunter en hy vra: “Wat’s ons nuwe band se naam nou weer? Fokofpolisiekar?” Ek en Wynand kyk vir mekaar en stem albei dadelik saam, damn, dit klink selfs nog beter as Fokoffamiliemotor. En toe’t die naam gestick, en die naam het ons die rede gegee om die band te begin.

In Februarie 2003 het New World Inside een van ons laaste shows gespeel op die Lentelus-sportgronde by die MP3 Festival. Dit was tydens Universiteit Stellenbosch se karnaval, wat in daardie stadium jaarliks gehou is. Dit was 'n slot wat ons die vorige jaar tydens 'n battle of the bands gewen het, so al was ek en Hunter reeds op hierdie plak van Fokofpolisiekar, moes ons nog die show gaan doen. Ek laat toe 'n T-shirt print met 'n logo van Fokofpolisiekar op, ontwerp deur ons vriend, die graphic designer Matt Edwards, wat ek kon dra tydens die show. Ek en Hunter was convinced Fokof is the next thing, ek is net nie seker of die ander ouens in die band geweet het dis een van ons laaste shows nie. Ek kan imagine Raffi was nogal pissed off oor hierdie kak move; ek promote my nuwe band terwyl ek speel vir die oue wat ek en Hunter beplan om te los.

Daarna begin ons dadelik om vir Fokofpolisiekar songs te skryf en in te oefen, maar die oefen-sessions was aan die begin nogal 'n rondfokkery. In daardie stadium het ek nog sound gedoen by die Purple Turtle en kon ons soms die venue op weeksaande gebruik om te rehearse. Al het ons gesels daaroor om vir Snake in te kry op tromme, het ons die eerste oefen-sessions gedoen saam met Dieter Cronje, 'n goeie tjommie van ons wat aan die einde van New World Inside Gerald se plek as drummer ingeneem het.

Ons het eintlik geen idee gehad wat ons doen nie en ons was heeltyd gerook. Hunter het so 'n boekie gehad vol Afrikaanse gedigte wat hy en 'n vriend op skool geskryf het. Aan die begin probeer ons dit gebruik vir lirieke; ons slaan die notaboek oop en probeer daaruit sing soos 'n gesangen-psalms-boekie. Dit het nie baie goed gewerk nie.

Intussen het Snake toe wel by ons aangesluit. Dieter was besig om wynmaak te swot en wou in Amerika gaan werk as wynmaker, en Snake was van die begin af in ons agterkoppe as die beste moontlike drummer vir Fokof.

Die eerste produktiewe skryfsessie is in Wynand se Venture by die

natuureservaat teen Tygerberg-heuwel buite Welgemoed. In die kar sit ek, Wynand, Hunter en Snake en maak beurte om te tokkel op 'n acoustic guitar, terwyl almal lyrics bymekaargooi. Dis hoe ons toe die song “Fokofpolisiekar” skryf, wat 'n anthem vir ons sou word. Tydens die skryfproses vra Wynand vir ons goed soos: “Hoe’t dit gevoel op skool?” En as 'n reaksie op hierdie prompts van hom, kom ons daai dag gesamentlik met die song op.

Vroeër dié dag het ek nog vir Lauren gesê ons gaan nou weer skryf aan Fokofpolisiekar songs, en sy was heavy skepties: “Julle rook net die heeltyd weed. You’re not doing anything.” Maar hierdie keer was anders, want aan die einde van die dag kon ek actually vir haar sê ons het iets konkreet geskep. Daardie song sit toe dinge aan die rol.

Ná die skryf van “Fokofpolisiekar” begin Hunter meer en meer Afrikaanse lyrics skryf en een van dié vroeë songs is “Hemel op die platteland”. Hy skryf die woorde daarvoor tussen 'n klomp ander kak in so 'n klein swart Croxley-notaboekie waar hy bedags sit en werk as assistent by 'n skate shop in Tygervallei. Eenkeer laat hy die boekie by my en Wynand se flat in Davenport Road lê. Ek sien die lyrics wat begin met “Kan jy my skroewe vir my vasdraai?” en toonset dit op 'n punkerige riff.

Met die eerste klompie songs wat besig is om te ontwikkel, besef ons ons sal nou hard moet begin oefen. Ons besluit ons wil die beste band moontlik wees – al neem dit 'n jaar vir ons album om te verskyn, ons wil goed wees. Maar ons het 'n dedicated rehearsal space nodig, en dis hoe ons toe opeindig by Johnny de Ridder se ouerhuis in Welgemoed. Dit was waarskynlik Snake se voorstel, want Johnny was saam met hom in 22 Stars en hulle het 'n band room agter Johnny se huis gehad. Dit was 'n buitekamer wat sy pa, 'n tandarts, lank tevore as spreekkamer gebruik het.

In daardie stadium is die plan nog dat ek sou kitaar speel, en ons is nog nie seker wie gaan sing nie – ek of Hunter. Nooit het ek gedink dat dinge so sou verander dat ek net die lead vocalist sou word nie. Maar toe kom Johnny.

Johnny woon nog daai tyd by sy ouers terwyl hy besig is om sound engineering te swot. Hy woon die oefen-sessions by omdat hy tjommies is met Snake. Hy sit en luister en gee soms 'n bietjie raad. Later sê Snake hoe weird dit is dat Johnny net moet sit en kyk hoe ons oefen, en stel voor dat ons hom een of twee keer laat saamspeel en kyk wat gebeur.

Onmiddellik is ons soos, damn, hy speel way beter as ek kitaar en dis vanselfsprekend dat hy kitaar in die band moet jol. Maar waar los dit my? Dit beteken ek moet sing, want dis die enigste rol wat dan oorbly. In New World Inside was Hunter meer dikwels die vocalist as ek, en ek is diep onseker oor hierdie move. Dit vat oortuiging en eers is dit vir my erg ongemaklik.

Ten spyte van my ongemak as front man, begin ons oefen – meestal gerook – maar ons maak ’n punt daarvan om elke liewe dag tyd in te sit om ’n goeie band te kan raak.

Terselfdertyd besluit ons om ons naam uit te kry. Dis hier waar veral Wynand se genius inskop. Van die begin af run hy die band soos ’n besigheid. Ons hou at least twee keer ’n week beplanningsvergaderings, met minutes of the meeting en Wynand wat alles byhou in lêers: kalenders, agendas, ’n begroting en to-do lists vir almal. Vroeg tydens die beplanning besluit ons dat Matt Edwards, ons designer buddy wat die logo vir my Fokofpolisiekar T-shirt gemaak het, die band se official designer sal wees. Ons werk saam met hom om designs vir die band te doen en volkleur-flyers vir Fokofpolisiekar te laat print. Dit was iets besonders, want die norm vir local bands in daai tyd was net swart-en-wit flyers. Die enigste volkleur-flyers wat mens gesien het, was vir die drum ’n’ bass en hip-hop parties, en ons het altyd gedink daai flyers lyk amazing. Gelukkig het Matt by ’n printing shop in Kaapstad gewerk, so hy kon vir ons afslag vir die drukwerk kry. In die aande gaan hang ons uit in die Kaapse bars en dan bekak ons die hele bar met hierdie flyers. Ons het ook neon stickers laat druk, met so ’n classic logo design met ’n hart en bomme op wat amper lyk soos HIM se band logo.

Oral begin mense toe die naam Fokofpolisiekar sien, al was ons nog nie regtig ’n band nie en al het ons nog nooit opgetree nie. Só lyk ons bemarkingstrategie vir byna ’n hele jaar.

In die herfs van 2003 is ons Oudtshoorn toe om by die KKNK ons band te gaan bemark. Die plan was om daar ook die woord te versprei, maar ek weet nie hoe goed dit gewerk het nie. Daar’s so ’n classic foto van Hunter wat in ’n veldjie uitgepass lê met ’n klomp van die flyers en stickers om hom.

Ons het ontsaglik baie zol gerook daai tyd; ek dink nie ek was al ooit so lank aaneenlopend stoned soos in die begintyd van Fokofpolisiekar nie. Ek

onthou hoe ons eenkeer gaan weed koop het en hoe ek en Wynand toe die dealer se stash gesteel het; ons het teruggekeer na ons woonstel in Davenport Road met tien bankies. Daar was ook so 'n dude by die Purple Turtle rond wat breakfast muesli verkoop het met weed in. Ek en Hunter het dit eenkeer vir ontbyt geëet en gou besef dit was 'n fout toe ons teen elfuur die oggend uitgepass lê op The Shack se banke. Om van die oggend tot die aand stoned te wees, was deel van die game.

Terwyl ons so stoned was, was een van die bemarkingstrategieë wat by ons opgekom het om 'n brief te skryf wat ouers waarsku teen hierdie band genaamd Fokofpolisiekar, en om dit dan in honderde posbusse in die voorstede te gaan druk, maar dit het nooit gebeur nie. Die idee is geïnspireer deur Rodney Seale se waarskuwings teen rockmusiek. Ons het grootgeword met Rodney Seale se boek *Rock musiek: Die reg om te weet*, wat ouers waarsku teen die sogenaamde gevare van rock, wat verkondig dat dit “duiwels” is en dat rockplate hidden messages bevat. Hunter vertel altyd dis in daai boek waar hy gaan kyk het om te sien na watter bands hy moes luister. Ons wou dus inspeel op daai Rodney Seale-ding, maar dit het nooit gerealiseer nie.

Die shit storm sou wel kom, net op 'n manier waaroor ons nie beheer gehad het nie, en nie hoe ons dit wou hê nie. Twee jaar later sou daar 'n brief sirkuleer wat mense waarsku teen die band en vra dat daar vir ons gebid word, in die moeilikste tyd van Fokofpolisiekar se bestaan, maar daardie storie kom nog.

Intussen het ons besef dat ons 'n press release moet skryf. Want alle bands het mos press releases. Maar ons het nie 'n idee gehad wat daarin moet wees nie. Gee jy nou boring inligting oor wie voorheen in watter bands gespeel het? Wat ons toe saamstel, is net 'n lys van ons influences, weergegee in 'n stream of consciousness, uitgeblurt. In een van ons vroeë Fokof meetings sit ons in 'n sirkel, obviously gerook, en elke ou sê net die volgende woord, en dit word ons eerste press release. Op die lys is alles van ThunderCats tot sywurms, *He-man*, Mandela en De Klerk, *Die Swart Kat*, Bellville, Johannes Kerkorrel, Naas Botha en Rage Against the Machine. Ook dinge soos “denkbeeldige persoonlikheidsbeperkings” langs MTV en jeugsangbundels, en alles waarmee ons in die 1980's en -90's grootgeword het, van *Airwolf* en *Knight Rider* tot *Orkney snork nie* en *Mannemarak*.

So random soos wat dit was, dink ek nou nog dit was die beste

samevatting van dit wat ons gevorm het – goed en sleg. Dit het nie gelyk soos 'n normale press release nie en ek weet die meeste joernaliste was confused daardeur; publikasies het nie geweet wat om daarvan te maak nie.

Maar so hou ons toe net aan bemark en oefen, terwyl ons nog glad nie genoeg geld gehad het om 'n album te gaan opneem nie. Ons het besef ons is besig met iets spesiaals, ons was oortuig daarvan. Met roekelose ambisie het ons eenvoudig voortgefok.

**“But, uhm ... I’m addicted to marijuana.”**



Omdat ek en Wynand deur ons werk as sound engineers by die Purple Turtle baie aktief betrokke was in Kaapstad se live-music community, het ons vroeg in 2003 gehoor van ’n Brasiliaanse punk band wat hulself in Kaapstad kom vestig het en op soek was na ’n bass player. God knows why. Hoekom hier? Ek het geen idee nie.

In daardie stadium was ek een van die min punk bass players in Kaapstad en ek word toe genooi om ’n oudisie te doen vir die band. Hulle het teen daardie tyd al ’n paar oudisies laat doen vir bass players, maar blykbaar nog nie iemand gevind wat die punk stuff lekker kan speel en verstaan nie. Ek scheme ek het ook seker die punk look gehad: studded belt, tiervel guitar strap, stretched oor en skate shoes, daarom dat ek toe gevra word.

Selfs al weet ons toe reeds ons wil Fokofpolisiekar begin, besluit ek en Wynand om die een of ander rede dat ek tog na die oudisie sal gaan en ons dit sal uitcheck. Dalk meer uit nuuskierigheid as enigiets anders.

Ons ry na ’n huis in Edgemean, as ek nou reg onthou. Wynand moet my daarheen vat, want ek het nie ’n kar nie, en sy meisie in daardie stadium is saam. Dik gerook soos ons die meeste van die tyd was. Ons rook al die pad daarheen zol tot ons voor die huis stilhou.

Die plek lyk heel anders as wat ek verwag het. Dit is warm en die gras om die huis is geel. Hier is ons in full-blown Kaapse suburbia; ek het gedog ons gaan stop by ’n studio of iets.

Ek laai my Ibanez Soundgear bass, wat ek by Wynand gekry het, en sy

klein Trace Elliot bass amp uit en ons loop oor die halfvrek gras na die voordeur toe. 'n Middeljarige man maak die deur oop en nooi ons in; hy is hul manager en hy klink Brits. Hy vertel my watter groot geleentheid dit is om saam met dié band te speel en is duidelik oortuig hulle gaan wêreldwyd huge wees.

Terwyl ek – dik gerook – na sy stories luister en vinnig die sound gear langs so 'n bruin sitkamerbank opstel en inplug, kom die twee Suid-Amerikaanse pop-punk dudes die sitkamer binne.

Die een dude maak poepgrappies, spring oor die bank soos Wimpie in *Orkney snork nie*, en steek sy kop tussen sy bene in; weird shit, wat natuurlik vir my, Wynand en sy meisie in ons gerookte toestand heeltemal uitfreak.

Ons chit-chat so 'n rukkie en toe vra die kitaarspeler/vocalist: “You wanna jam? You know ‘Basket Case’?” in erg gebroke Amerikaanse Engels.

Ek het nooit ander bands se tunes geleer nie, maar dit was gelukkig maklik genoeg om dié Green Day hit vinnig uit te figure.

Ek jam toe saam en check hierdie ouens kán speel, hulle het 'n befokte drummer vir daai punk stuff. Maar voor die song nog klaar is, stop hulle en sê hulle wil hê ek moet die band join.

Ek was semi-gevelei, maar was mos al skepties voor ons nog daar aangekom het omdat ons klaar die Fokofpolisiekar-plan gehad het. Ek het maar kom uitcheck wat aangaan en wat hulle storie is. In werklikheid het ek glad nie belang gestel nie.

Die manager begin toe vertel van die band se mission. Hulle gaan 'n album opneem en dan begin toer, hulle het hierdie “clean-living image” en dit is 'n groot deel van die band. Hulle gaan ook deur 'n surf company endorse word en surfboards met die band se naam op hê en verkoop. Dit gaan so great wees om in die band te wees, 'n once-in-a-lifetime opportunity, blah-blah-blah. Daar het hulle my heeltemal verloor.

Omdat ons so super hard geparty en ongelooflik baie dagga gerook het, sien ek toe my kans uit. “But, uhm ... I’m addicted to marijuana,” sê ek.

Dit raak doodstil in die kamer, dinge is nog superhazy vir my, maar ek wil lag terwyl hulle geskok na my staar. Ek weet ook Wynand kan nie wag om saam met my te lag vir dié kak nie.

Ná 'n tydjie tune die drummer in sy gebroke Engels: “Hmm. Okay ...

You can smoke as many pots as you like when you are on your own, but when you are with the band, you will have to be clean.”

Dit kan ek obviously ook nie verstaan nie. Dis belaglik, want die jol en om in ’n band te speel, gaan dan hand aan hand.

Ons het gewaai en ons doodgelag, nog ’n joint aangesteek en aangegaan met ons lewens.

’n Paar dae later is ek besig om op te set vir ’n live sound job by die Purple Turtle, toe my foon lui. Dit is die manager wat bel om my te probeer ompraat. Ek tune hom toe dat Fokofpolisiekar my volgende mission is en ek stel nie belang nie. Hy sê herhaaldelik dit is die kans van ’n leeftyd en ek gaan nooit weer só ’n geleentheid kry nie.

Omtrent ’n maand later het Silicon Fly ’n launch party op ’n boot gehou en ’n launch show by Mercury Live in Kaapstad. Ons het dit nie bygewoon nie, al was ons genooi.

Ons het aanhou skryf aan die eerste Fokofpolisiekar tunes en nooit weer enigiets van Silicon Fly gehoor nie.

**“You guys are going to kill each other!”**



Behalwe dat ons constantly zol gerook het in hierdie tyd, het ons natuurlik gesuip ook. En ek dink my attitude het baie bad geraak as ek gesuip was. Dan wou ek en Wynand mekaar gewoonlik moer. Ons epic fights is 'n herhalende tema deur ons twintigs en vroeë dertigs; ons het baklei soos net broers kan.

In hierdie begintyd van Fokof het ek en Wynand nie baie geld verdien nie. 'n Ruk lank het ek bietjie sound gedoen in die Purple Turtle saam met Wynand op sy sound system, maar omdat ons as twee mense wat albei daar sound doen nie genoeg geld daarmee kon maak nie, het ek bedags by 'n internetkafée in Langstraat gewerk. En basies wat ek heeldag daar sit en doen het, was om Fokofpolisiekar op alle levels te probeer promote.

Ek onthou ek het oorsese bands gemail en op chatrooms soos mIRC gesit. In die proses het ek in 'n stadium die een of ander international band oortuig om Suid-Afrika toe te kom, en was veronderstel om hulle toer vir hulle te organiseer. Ek is baie bly dit het nie gebeur nie, want dit sou 'n absolute fokop gewees het. Maar dit was die tipe kak wat ek sit en doen in die internetkafée, terwyl ek heeldag klipshard MTV op die televisie in die agtergrond laat speel. (Daardie tyd het MTV nog musiek gespeel, en dit was die tyd van P.O.D. en blink-182.) Lauren, bless her heart, kom bedags daar by my sit om tyd te kill terwyl sy actually by die technikon moet wees waar sy geswot het. Ek was 'n terrible employee en die worst manager wat hierdie internet café nog ooit gehad het. Een dag was daar 'n jonger dude

wat ek moes oplei, maar ek het so 'n moerse hangover gehad dat ek heeldag in die toilet gekots het terwyl ek hom moes train.

So, ons het gehustle om bietjie bucks te maak, maar wou eerder ons tyd gebruik om te rehearse en die Fokof songs tight te kry. Ons het tussen die Kaap en Bellville beweeg, waar ons rehearsals spot steeds by Johnny se ouerhuis in Welgemoed was. So beland ek en Wynand een aand by sy ma-hulle se huis waar hy toe 'n bottel brandewyn uit sy pa se garage vat. Ons het obviously nie genoeg geld vir booze gehad nie.

Ons is terug Kaap toe en besluit om te gaan uithang by die Armchair Theatre in Observatory, maar drink eers die bottel brandewyn uit.

In daardie tyd was ek en Wynand op die scene as sound engineers, maar daar was 'n ander ou wat ook sound gedoen het, Rob Nel. En ek het hierdie weird ding gehad oor ander sound guys; was seker geïntimideer deur hulle. Daai aand by die Armchair was ek so gesuip, ek stap na 'n ou toe wat ek geken het en sê vir hom: "I'm gonna fuck up that Rob Nel guy, I'm gonna fuck that Rob Nel up." Maar die ou vir wie ek dit sê, is Rob Nel. Ek was so gesuip dat ek nie geweet het ek praat met hom nie. Later word ek uitgegooi uit die Armchair, maar Wynand oortuig die management om my weer in te laat. Eventually word ek weer uitgegooi en ons keer terug na die flat wat ons gedeel het in Davenport Road in Vredehoek. Lauren het saam met 'n vriendin verder af in die gang in dieselfde blok gebly.

Ek en Wynand begin somehow baklei, soos maar gebeur het daai tyd – ek dink ek was al hoe meer antagonisties hoe later dit geword het in die aand. Ons het ernstig begin fight, ons slaan mekaar so dat ons albei lelik bloei. Naderhand lê ons bo-op mekaar en baklei; dis net vuiste en vloek en stoei, en as ek nie 'n hou kan inkry nie, byt ek vir Wynand. In 'n pouse tussen die houe deur, besluit ek om vir Lauren by haar plek te gaan haal, en sy probeer ons toe uitmekaarkry. Sy't so geskree: "You guys are going to kill each other!" Maar toe ons nie ophou nie, is sy weer daar weg.

Eventually loop ek vir die soveelste keer na haar flat toe, maar sy wil my nie weer inlaat nie. Ek klim op haar balkon en val twee verdiepings ver daar af, bo-op 'n stel trappe. Miskien is dit daar waar dinge toe eindelijk tot ruste kom, ek was moer toe.

Die volgende dag, toe ek en Wynand weer peace maak, sê hy sy duim is nie lekker nie, hy moes dit seergemaak het toe hy my teen die kop geslaan het. Die aand moet ons gaan sound doen by 'n Duitse skool waar Zander

Tyler gerap het. Hy was toe nog nie Jack Parow nie, hy't in 'n collective saam met 'n klomp ander dudes gerap. Soos ons gear indra by die skool, kla Wynand die hele tyd oor sy duim.

Die Maandag daarna is Wynand uiteindelik dokter toe, waar hy uitvind sy regterduim is gebreek. Hy moes van daar af na 'n staatshospitaal gaan sodat hulle die ding kon reset en penne insit en so. Vir 'n lang ruk was sy hand in gips en moes hy met net twee vingertjies wat uitsteek bass oefen vir Fokofpolisiekar.

Deur die jare van suip het ek en Wynand gereeld sulke fights gehad, en meestal kan ek nie onthou waarom dit begin het nie. Ek dink ek het baie kak gemaak, en dan het ek en hy maar net vasgesit. Een van ons sou die eerste hou plant en dan is dit net chaos daarna.

So, hierdie een was nog lank nie ons laaste fight nie. The fight to end all fights, wat tot nuusopskrifte sou lei, sou eers 'n paar jaar later kom.

## En toe was niks ooit weer dieselfde nie



Ek weet nie altyd of ons slim of dom of hardegat of naïef was in daai vroeë dae van Fokofpolisiekar nie. Waarskynlik 'n bietjie van als. Ons het 'n tyd in September 2003 vasgemaak vir die opname van ons eerste EP by JP de Stefani se B Sharp Studios in Boksburg, maar het nie geld gehad om daarvoor te betaal nie. Ons het vas geglo dat ons 'n manier sal vind om dit te laat gebeur, en in die voorafgaande maande druk ons net deur en oefen en word beter. Daar in die klein rehearsal room agter Johnny se huis klink die songs vir my ongelooflik, maar dis dalk omdat ek heeltyd gerook is.

Toe kom daar 'n ontsettend random oplossing vir ons gebrek aan fondse. Ons hoor van 'n production company wat op soek is na 'n band om in 'n advertensie vir 'n Duitse versekeringsmaatskappy te speel. Wynand reël dat die casting agents na Johnny se huis toe kom en hulle neem ons af waar ons 'n paar Fokof songs vir hulle speel. Almal word gecast in die ad behalwe Snake. En daar is ons toe die backup band vir so 'n Avril Lavigne-tipe girl in die advertensie. My rol was om die keyboards te mime in die ad, want sy was die vocalist en daar was nie plek vir my as sanger nie. Ons het 'n dag lank daaraan in die Good Hope Centre geskiet en dit was ongelooflik boring, maar ons was stoked dat ons kon geld maak, want met daai ad het ons presies genoeg geld verdien om te kon betaal vir ons opname by B Sharp. Ek weet nie hoe ons dit anders sou kon bekostig het nie.

En so is ons terug Boksburg toe, waar ons ook destyds New World Inside se EP opgeneem het. Ons het steeds gereken JP is die beste engineer en

producer vir die punk stuff daai tyd, en as hy dit kon regkry om New World Inside na iets te laat klink, dink net wat hy met Fokof kan doen. Vir die vyf dae van die opnames gaan bly ons by Lord Zoltan, a.k.a. Zol, oftewel Adriaan Jansen van Vuuren, die keyboard player van Fuzigish, want hy was betrokke by die opname; ons het hom gevra om bietjie keyboard te speel op “Hemel op die platteland” en “Tygerberg vliegtuig”. Hy woon toe nog by sy ouers in Kemptonpark, waar ons in die agterplaas in tente gebly het. Dis allesbehalwe ideale omstandighede. Sy ma is so gaaf om soms vir ons kos te maak, maar die nagte is ontsettend koud.

Ons almal was so geoefen dat die opnames sonder issues afskop. Beginnende met Snake se tromme, neem almal hulle instrumente afsonderlik op en dit klink goed. Wynand se hand het teen daai tyd gelukkig genoeg herstel vir hom om weer met ’n plektrum te kan speel, hoewel hy bietjie sukkel om dit reg vas te hou.

Toe ek in my gerookte toestand hoor hoe Johnny “Tygerberg vliegtuig” se lead guitar-deel speel, bars ek spontaan in trane uit oor hoe mooi dit vir my is. Vir maande het ons saam rehearse en ek het geweet hy is goed, maar daardie dag besef ek hy is ’n absolute musical genius. Dit klink vir ons so amazing, ek en Hunter dans in die tuin buite die studio en skree: “Ons wen! Ons wen!”

Ek dink Fokofpolisiekar sou ’n heeltemal ander demon gewees het as Johnny nooit in die band was nie. Ek weet nie of ons na enigiets sou geklink het nie.

Net ná Johnny wil JP hê ek moet ingaan om my eerste vocals te doen. Ek twyfel in myself en is boonop in my moer in gerook. So, toe ek by die studio instap, skree ek net alles so hard as wat ek kan, sodat my stem amper wegraak. Dit is duidelik dat ons liever moet stop en die volgende dag weer probeer.

Die volgende dag sing ek sober en dinge gaan heelwat beter. Die klompie songs wat ons toe in daardie vyf dae by B Sharp opneem vir die EP *As jy met vuur speel sal jy brand*, is volgens party mense steeds ons beste songs. Ek dink ons het iets ongeloofliks reggekry met daardie eerste album: ons frustrasie, ons angstigheid, ons hardkoppige soeke na vryheid is vasgevang in daardie songs se klank en woorde. Alles het perfek saamgewerk. Die planeet is in lyn gebring.

Ná die opname gaan speel ons ons heel eerste Fokofpolisiekar gig by

Woodstock, 'n festival wat gehou is naby die Roodeplaatdam in Joburg. Ons het 'n plek op die bill gekry omdat New World Inside die vorige jaar daar gespeel het en ek die organiseerders geken het. Ek het hulle gemail en gevra of hulle ons asseblief op die bill sal sit, hulle hoef ons nie baie te betaal nie. So, ons kry toe R1 800 vir ons eerste gig.

Behalwe dat ek die spesifieke bedrag onthou, is my memory oor daai eerste show nie meer so vars nie, met goeie rede. Ons moes speel op een van die kleiner verhoë, die Nile Crocodile-verhoog, ná Gary Two Teeth & The Slash Dogs (wat later net Slash Dogs sou word). Soos maar dikwels by festivals gebeur as jy nie 'n goeie verhoogbestuurder het nie, of daar tegniese probleme is, loop die program laat. Daarom klim ons toe eers byna drie uur later as wat ons moes op die verhoog. Ons lyk nie baie goed nie; ons klere is vuil ná die week van in tente slaap by Lord Zoltan, en by die festival kamp ons ook uit op 'n stowwerige terrein. Hunter het vroegmiddag al met 'n bottel rooiwyn rondgeloopt, met so 'n groot rooi vlek voor op sy hemp. Ons is smetterig en sweterig en lyk soos 'n klomp boemelaars wat uit die 1970's ontsnap het. Aanvanklik het ons onself gepace met die suipery om reg te wees op die oomblik wat ons moet optree, maar toe word dit later en later. So, teen die tyd dat ons op die verhoog kom, is ons almal baie gesuip.

Omdat dit ons eerste optrede is, is ons almal boonop nervous en die show is pretty chaotic. Dis die eerste keer dat ek die rol van front man moet inneem sonder 'n instrument voor my en ek voel weer soos daai kind wat vir die eerste keer moet solo sing by die eisteddfod. Ná die tyd loop ons agter by die verhoog af en kots almal so op 'n streep.

Hoewel die venue toe al bietjie begin leeg loop het as gevolg van die vertraging, is daar mense wat dié show onthou – dat hulle ons daar vir die eerste keer sien optree het – maar ek dink nie hulle kan noodwendig onthou of dit goed of sleg was nie, want dit was toe al so laat in die aand en almal was gesuip. Later sou ons nog baie meer chaotiese shows hê, maar dit was seker 'n goeie manier om te begin – starting the chaos early.

Toe ons gery het om te gaan opneem in Boksburg, het Wynand al die pad vir ons gesê ons lewens gaan hierna verander. Hy was oortuig daarvan en dit was wat ons toe ook geglo het: dat ons lewens gaan verander ná die opname. En dit was so.

Die gig by Woodstock was nogal low-profile en soos 'n oefenlopie. Maar

'n maand later, in Oktober, doen ons toe ons eerste official show by Mercury Live in Kaapstad; gratis, want ons het gedink dis die beste manier om mense by ons show te kry. Die volkleur-toegangskaartjies daarvoor is deur Matt ontwerp en word aan almal op die scene uitgedeel: bands, managers en joernaliste. Agter op die kaartjies is daardie eerste persverklaring wat al ons influences opnoem, en ons onderteken dit *Die Bende*.

Omdat dit in die dae voor sosiale media was, het ons posters opgeplak in die strate en flyers versprei in elke Kaapse bar. En daar speel ons toe 'n packed-out show in Mercury Live.

Nie net het ons moeite gedoen met die bemarking nie, maar ook met die look van die show. Ons laat 'n banner print met ons naam op, en groot plakkaat met 'n vintage roospatroon op wat ons reg rondom die verhoog plak om soos muurpapier te lyk. Die show word afgeskop met ons tjommie Laudo Liebenberg se stem wat oor die luidsprekers aankondig: "Hulle is 'n bende ... 'n bende van kwaaddoeners. Agterbaks, onderduims en boonop skelm." (Dis gebaseer op iets wat 'n onderwyser eenkeer vir Wynand en sy tjommies op skool gesê het nadat hulle vir 'n civvy-dag 'n vriendin van hulle "aangetrek" het in body paint en toe in groot kak gekom het daaroor.)

Hierdie keer doen ons die show redelik sober en ons is teen dié tyd 'n inge oefende, well-oiled machine; dit is al second nature om daai eerste klompie Fokof songs te speel. Maar dit duur nie veel meer as 'n halfuur nie, want ons het nog nie baie songs nie. Tog maak ons seker dis 'n onvergeetlike show. Daar speel video's van die Boksburg-opnames op 'n screen langs die verhoog en ons het die lyrics geprint en voor die tyd vir almal uitgedeel.

Selfs al was dit nie 'n baie lang set nie, het iets amazing daar gebeur. Al die shows wat ek gespeel het sedert die eerste een in die Bellville-stadsaal agt jaar tevore, het opgebou na dié een toe. Dit het die eerste keer gevoel asof iets regtig werk; dit het uiteindelik reg gevoel. Ek was oorweldig deur liefde vir die vier ouens wat met my die stage gedeel het, en toe ons backstage kom, is dit wat ek vir hulle sê: "Ek is lief vir julle!" Ons het geweet die musiek beteken iets, op die oomblik dalk nog net vir onself en ons vriende, maar dat baie meer mense aanklank daarby gaan vind.

In daardie tyd het ons bevriend geraak met die regisseur Johan Nel, wat later al Fokofpolisiekar se vroeë musiekvideo's sou maak. Hy was moerse

excited oor die band, want hy't gehou van Afrikaanse musikante soos Valiant Swart, maar hy was ook heavy into die punk stuff soos die Sex Pistols en The Clash. So, hy't gevoel Fokofpolisiekar is die perfekte mix en hy was waarskynlik ons eerste regte fan. Voor die opname in Boksburg het ons songs op tape opgeneem in die band room, en hy't so 'n tape van 'n baie kak opname gehad wat hy fucked-up geluister het. Natuurlik is hy toe by daardie eerste show in Mercury en hy love dit.

Ná die show gaan hy saam met ons na The Shack langsaan, een van Kaapstad se mees legendariese en dingy bars. Hier het ons toe 'n moerse amazing jol. Ons is in high spirits en party so hard, ek is op 'n kol in 'n girl se swart high-heel boots. En toe ek en Johan wil uitloop, ek steeds in die heels, slat iemand my kliphard met 'n pool-stok oor die kop. Toe ek weer sien, is Johan en die dude met die pool-stok in 'n wrestling match. Dit ontaard in 'n moerse fight, en die ou donner my terwyl ek probeer staande bly in die high-heel boots, tot ek eventually onder die pin-ball machine in val, boots in die lug.

Die volgende ding wat ek onthou, is ek en Johan bloedneus buite op die sypaadjie voor The Shack. En dit is toe hoe ons eerste show-aand eindig. The perfect start to Fokof.

## **“Wat! Wat is julle naam?”**



Kort ná Fokofpolisiekar se amptelike debut in Oktober 2003, word Wynand se Venture voor ons flat in Davenport Road gesteel. Skielik het ek en hy nie meer 'n manier om by Johnny se huis uit te kom vir band practice nie. Ons trek toe maar terug na ons ouerhuise in Bellville. Daar gaan sit ek en Wynand in sy ma se tuiskantoor en beplan ons toekoms. Eerste op die agenda was om shows te probeer vasmaak vir die komende Desember, wanneer ons die EP sou vrystel. Die plan was om ná die launch tydens die Desembervakansie 'n kuslangse toer te doen om die album te promote. Makliker gesê as gedaan.

Ons skuif agter die telefoon in en begin om venues te bel. Een van die eerste plekke wat ek toe kontak, is Tidal's in Mosselbaai. Ek en Wynand het dikwels al daar gehang as ons saam met sy ouers op Hartenbos vakansie hou, en ek kon onthou Jakkie Louw het al daar gespeel. Die plek het sulke vuil matte gehad wat so 'n bietjie geruik het na kots, so ons het gedink dis die ideale venue om te gaan jol met Fokof. Ek bel en sê: “Hallo, ons is 'n nuwe band, Fokofpolisiekar ...” Maar voordat ek nog my sin kan voltooi, vra die ou aan die ander kant van die lyn: “Wat! Wat is julle naam?” Ek probeer verduidelik ons is 'n alternative Afrikaanse band en ons wil in Desember 'n paar shows doen, en wil hoor of ons by hulle venue kan speel, en hy is net soos: Hell no. Ons hoor niks terug van hom nie en kan ook byna geen shows gebook kry vir daai tyd nie, want niemand weet wie ons is

nie en ons het hierdie fucked-up naam.

Intussen maak ons gereed vir die gig op 5 Desember, die amptelike launch van die *As jy met vuur speel sal jy brand* EP by Mercury Live, maar ons is nog op soek na 'n record label om ons te help met distribution. Ons maak 'n twee-track-CD met “Maak of braak” en “Fokofpolisiekar” op, wat ons rondstuur as demo.

Een aand toe Wynand die sound doen vir Valiant Swart in die Hidden Cellar op Stellenbosch, gee hy die demo vir Albert du Plessis, Valiant se manager en die eienaar van sy record label, Rhythm Records. Nie lank daarna nie laat weet Albert hy wil gesels.

Ons ontmoet hom toe in Tygervallei, naby Hunter se werk in die skate shop, terwyl Hunter op 'n break is. Albert was baie opgewonde oor Fokof en het gesê hy wil ons help om 'n album uit te bring, wat obviously vir ons baie deure sou oopmaak. Dit het ook beteken ons kry 'n publicist in die vorm van Liny Kruger, iets wat ons nodiger gehad het as wat ons aanvanklik besef het. Liewe Liny het toe die unfortunate job om 'n band met 'n vloekwoord in die naam te promote, maar sou nog in die toekoms met baie erger kak as dít moes deal.

In daardie stadium het ons reeds so vyfhonderd EP's laat druk, maar Albert begin toe albums druk wat shops toe gaan. Ons het 'n fancy digipak version gehad wat ons by die shows verkoop het, maar Albert het toe normale CD's laat druk vir die shops. Op die album se amazing rooi, wit en swart design het hy so 'n shocking-pienk sticker geplak wat sê: *Luister kliphard!*

Toe breek die dag van *As jy met vuur speel sal jy brand* se launch by Mercury Live aan. (Die naam van daai EP het gekom van Wynand wat die een of ander memory gehad het van 'n skool wat volgens hom daardie leuse gehad het, maar ek dink nie dis moontlik nie.) Die launch bestaan uit twee shows, waarvan die eerste een 'n matinee vir onder-agtiens was, want dit was die dag waarop die skole gesluit het. Maar steeds daag daar die middag toe net iets soos veertig kids op. Ons het pyrotechnics gekry vir die show, sodat daar vuurwerke kon wees tydens die song “Fokofpolisiekar”, maar dit fail toe heeltemal – net een van die twee wat moes afgaan, werk. Ná die tyd kom een van die kinders na Hunter toe en vra of sy amp ontplof het. Dis hoe kak die pyrotechnics was. Ons sou dit weer die aand gebruik, maar besluit toe fok dit.

Die aand se show was die regte kick-off. Dit was uitverkoop en fokken epic.

Die res van daardie Desember het ons op die ou end net twee shows gespeel. 'n Ou het ons gebook vir een in Lambertsbaai, wat probably een van die kakste Fokof shows in die geskiedenis van die band was.

Dit was by 'n klein festival wat gehou is in 'n plek wat gelyk het soos 'n leë winkel. Die PA was household speakers en dit was weer een van daai shows waar ons veronderstel was om elfuur te speel, maar toe is ons eers omtrent vieruur die oggend op die verhoog. Obviously was die hele band completely wasted teen daai tyd. Voor ons begin speel, lê Hunter soos 'n vis en swem op die venue se vloer. Daar's omtrent net drie mense in die gehoor, waarvan die organiseerder een is; hy skree die heeltid: "Speel 'Maak of jy braak'!" In die middel van die show loop Wynand van die verhoog af en gaan koop vir ons nog biere by die bar. Hunter pass later uit op sy amp.

Daarna het ons besluit ons kan nie weer so gesuip speel nie; dit was so 'n bietjie van 'n keerpunt. Die voorneme sou egter nie lank hou nie en ons het nog baie gesuipte shows daarna gespeel.

Ons is ook gebook vir 'n New Year's show in die Joburg Bar in Langstraat. Dit was die enigste shows wat ons kon vasmaak vir daardie Desember.

Maar intussen het die PR wat Rhythm Records vir ons gedoen het, in die mix gekom. Ná die EP se launch het daar berigte oor ons in die hoofstroommedia begin verskyn, wat vir ons heeltemal iets nuuts was. Voor dit was al wat ons geken het die underground press soos *Blunt Magazine* (wat die enigste plaaslike tydskrif was wat alternatiewe musiek gecover het), maar nou was daar berigte oor ons in *Die Burger* en *Beeld* – oor hoe ons die eerste punk band in Afrikaans was, selfs al wou die media nie die band se naam aan die begin voluit print nie. Niemand het lekker geweet wat om daarvan te maak nie en hulle het geskryf *F\*\*\*\*polisiekar* of *Die Karre*.

Rhythm book toe vir ons ons eerste toertjie aan die begin van 2004 en ons vat die pad, met die eerste show in Die Mystic Boer in Bloemfontein, en 'n paar ander verder noord. Dit was die begin van die toerlewe, life on the road, wat sinoniem met Fokof sou word. Dit was anders as die toere met New World Inside. Mense was bewus van ons. Daar was home-made Fokofpolisiekar T-shirts by die shows. Meisies het met plakboeke gekom en

daarin was artikels wat ons nog nie in die Kaap gesien het nie.

Een aand ná 'n show het ons publicist, Liny, vir ons gesê “Hemel op die platteland” is geplaylist op 5FM, maar ons het nie geweet wat playlisting beteken nie. Soos ons sou uitvind, was dit 'n groot ding in daardie dae voor social media en digital platforms: die eerste Afrikaanse song wat al ooit op 5FM se playlist geplaas is.

Ek het gou besef watter groot impak dit het, toe ek boodskappe van ou skoolvriende begin kry wat sê hulle het die song op die radio gehoor. Nou is dit eintlik snaaks, want terwyl daar oor die jare ook ander Afrikaanse songs op 5FM geplaylist is, soos goed van Jack Parow, was “Hemel op die platteland” ook sover ek weet die laaste Fokof song wat 5FM geplaylist het. Maar tussen dit en die mediadekking, het Fokofpolisiekar se naam binne 'n paar maande soos 'n veldbrand versprei.

Een van die vroeë berigte was 'n review van *As jy met vuur speel sal jy brand* in *Die Burger*, deur iemand genaamd Faan Herholdt. Dit was nog een van daai old-school reviews op die kunsblad, met die joernalis se foto'tjie daarby, 'n ouerige dude. Die review was ongelooflik positief, wat ons nie gedink het sou gebeur nie. Hy't verwys na die musikaliteit van die songs met 'n “moderne boodskap”, en gesê ons skep “dansbare klanke”. Hy't ook gesê: “Francois Badenhorst dra bitterheid en frustrasie oor met sy sang.”

In daardie stadium het ek weer by my ouers in die huis gewoon nadat ek en Wynand teruggetrek het Bellville toe. Nadat daai resensie in *Die Burger* verskyn het, bel 'n klomp mense uit die gemeente na die pastorie toe en kla oor die dominee se seun wat in 'n band met die naam Fokofpolisiekar is.

Fokofpolisiekar was reeds 'n sensitive subject in ons huis; ek kon nie eens vir my ma die band se naam sê nie. Sy't uitgevind daarvan by die ma van Pierre Greeff, my neef, wat later die hoofseker van Die Heuwels Fantasties sou word. Al wat ek self vir my ma gesê het, is: “Ek is nou in 'n Afrikaanse band en ek quit my job.” En daarop het sy geantwoord: “Julle sal moet groter wees as die Springbok Nude Girls!” Sy't dalk iewers gehoor selfs die Springbok Nude Girls survive nie eens heeltemal van die band af nie.

So, dit was 'n teer punt dat ek in 'n band was, en dit was 'n teer punt dat ons naam Fokofpolisiekar was. My ma het daai tyd die eerste keer die lirieke geluister, wat anti-establishment en anti-authority is, wat ek dink vir haar ontstellend was. Dit was vir haar asof ek vir alle authority sê “Fuck

you”, which was the case, maar dit was vir my ouers baie erg. Ná die resensie in *Die Burger* verskyn het en die gemeentede na ons huis toe gebel het, vra my ma my toe om asseblief net nie weer my van in die media te gebruik nie; dan kan hulle ten minste uit die nuus bly. Of so het sy gehoop.

Kort daarna, in April, speel Fokofpolisiekar vir die eerste keer by die KKNK en daar doen die joernalis Willemien Brümmer ’n onderhoud met my vir *Die Burger*. Hulle neem ’n foto van my voor ’n kerk, en die opskrif is *Met die rug op die kerk, “Afrikaner-mentaliteit”*. In daardie onderhoud sê ek my van is nou Van Coke. En toe stick dit.

Die Van Coke-naam het gekom van ’n running joke tussen ons. Destyds, toe Gerald van Wyk saam met my en Hunter in New World Inside was, het hy tydens ’n studio-opname ’n ou vriend van hom raakgeloop. Hulle was albei van Vredendal en het gesels oor ’n mutual kennis wat ook daarvandaan kom. Heeltyd praat hulle van hierdie ou “van Coke”, sê nou maar “Johan van Coke”. Dit het geklink asof dit sy van is, maar die waarheid is dat daar ’n Coca-Cola-fabriek op Vredendal is en die ou werk daar, vir Coke. Ons het gedink dis so snaaks, hierdie ou met die van “Van Coke”. Daardie grap het oorgeloop tot in die dae van Fokofpolisiekar: Ons is broers en ons van is Van Coke. So, toe ek ’n ander van moes kry vir die media, was Francois van Coke die obvious choice.

Maar so ’n maand nadat ek in die media my stage name begin gebruik het, het die *Son* steeds die connection tussen my en my ouers se kerk gemaak, met ’n opskrif teen die lamppale wat sê: *FOKOF VERDEEL KERK*.

Hierdie vroeë maande van Fokof was wild. Dit was vir ons belangrik om ons vryheid uit te leef, en om te party was deel daarvan. Fuck it all, we’re going to go hard. Waar ook al ons gegaan het, was ons nogal notorious daarvoor dat ons woes gaan party. Dit is mos maar hoe toer werk. Mense sien jou in ’n nuwe dorp en hulle het die kans om saam met jou te hang, maar jy party eintlik al ’n week lank saam met verskillende mense in verskillende dorpe. So, die partytjie hou nooit op nie.

En dit was cool, maar dit het ook negatiewe gevolge gehad. Ons het baie shows opgefok, spesifiek ek, en ek sou nog baie sulke fokops veroorsaak in Fokofpolisiekar se toekoms.

En daarna.

## Blouoogpolisiekar



Teen Mei 2004 het Fokofpolisiekar 'n klein bietjie geld begin maak – genoeg dat ek, Wynand en Hunter saam in 'n huurhuis kon intrek. Dié huis, Gillianstraat 49 in Eversdal, sou later bekend staan as The Barracks of Rebellion.

Aan die begin van die twee jaar wat ons daar gewoon het, het die huis nog oukei gelyk: 'n tipiese old-school-middelklashuis in suburbia, met 'n dubbelgarage, vaatjie-posbus en 'n groot boom voor op die grasperk. Voor ons het 'n gesin en 'n ouerige tannie daar gewoon, en toe ons die eerste keer na die huis gaan kyk het, was daar MacGyver-posters teen die hoofslaapkamer se mure opgeplak; dit was moer weird. Nie dat my setup minder weird was nie. Die kamer waar ek toe intrek, was geel geverf, met slegs 'n matras met 'n paslaken op die vloer en langs dit 'n rakkie met my stack porn mags daarop. In die hoek was my rooi Craven-week-toksakkie waarin ek my klere gehou het.

Die eienaar, Ross, was 'n jong dude en was van plan om die huis te laat sloop en oorbou, so hy't gesê ons kan maar doen wat ons wil met die plek. Toe hou ons moerse wilde parties daar, totdat die huis later uitmekaar begin val. Ons het die binnemure gespraypaint en aspris bottels stukkend gegooi teen die buitemure, ons het gepis en gekots in die tuin, die houthekkies en binnedeure afgebreek vir braaihout, en die ligbruin volvloermatte was later deurgetrap en vuil. Dit was disgusting. Van die parties daar het soos klein festivals gelyk, met die hele agterplaas vol mense. Daar was 'n konstante

lawaaï en altyd musiek wat speel. In die middel van die vuil sitkamer het 'n klein boom box gestaan met 'n hoop CD's langs dit, en van daar af het ons musiek gejol voor ons ADSL gekry het en musiek van die rekenaar af begin speel het. Ons het op die dak geklim en afgeval. Ons een tjommie, Wallace, het selfs een aand vir Merwe deur die sitkamerruit gegooi. Dit was mal dae, maar dit was later vir ons normaal.

Eendag kom Ross daar aan en vra ons om net 'n bietjie uit te chill, want die bure kla oor ons gedrag. Ons is heel verbaas, want niemand kla dan ooit by ons nie. Hy sê toe nee, die mense is bang vir ons, hulle is te bang om vir ons iets te kom sê.

Die enigste keer wat ek kan onthou van enige issues met die bure, was een oggend ná so 'n groot party. Dit was bin day en ek en Wynand het so baie swartsakke vol drankbottels gehad dat dit nie alles in ons eie vullisblik kon pas nie. Toe gaan gooi ons die res in die bure s'n. Die een buurtannie, uit vir 'n oggendstappie in haar sweetpak, het ons gesien en bietjie uitgefreak en op ons geskree, maar dit was die enigste direkte konfrontasie wat daar ooit was. So, dalk wás die mense daar rond bang vir ons. Ek weet hulle het by die plaaslike kerk gebedsgroepe gehad wat gebid het vir Fokofpolisiekar omdat ons in die buurt woon.

Te midde van die chaos in daardie huis, het ons aangehou om musiek te skryf wat toe *Lugsteuring* sou word. In die winter van 2004 is ons Boksburg toe om dit te gaan opneem by B Sharp, maar op pad daarheen is ons eers na Nelspruit om die eerste keer by die Innibos-fees te speel.

Wynand het die geld wat hy van die versekering vir sy gesteelde Venture gekry het, gebruik om 'n ou wit kombi te koop waarmee ons kan toer. 'n Uur buite Nelspruit blaas die kombi 'n gasket, en iemand van die fees kom laai ons op en haas ons na die venue toe. Dit is Blue Moon en ons deel 'n verhoog met Anton Goosen, wat vir ons surreal is.

Die volgende dag hang ons rond op die Innibos-terrein, en alles omtrent die Afrikaanse feestoneel is vir ons nuut. Ons kuier in die VIP-area en sien daar vir Dozi, Riaan Cruywagen en Jurie Els. Drank is verniet. En ons raak toe obviously in ons moer in gesuip.

Die aand is daar backtrack-tipe sangers wat optree en in ons dronkenskap gooi ons hooibale op die verhoog en word toe uitgegooi by die fees, verban van die gronde af. Net af in die pad is daar 'n O'Hagans, en ons gaan kuier toe maar daar verder. Valiant Swart en sy band sit daar toe ons daar aankom.

Ons drink 'n paar biere saam met hulle, maar hou aan party lank nadat hulle waai. Snake klim op die tafels en gooi ys rond.

Ons is op pad om uit te stap, toe twee boere-ouens wat ook daar kuier na ons toe aankom. Hulle gryp vir my en Wynand aan ons hare en stamp ons koppe teen mekaar. Wat spesifiek dít getrigger het, kan ek nie sê nie. Ons was seker die dronk takhare, die ouens van Fokofpolisiekar wat gemoer moet word.

Ons besef ons moet probeer wegkom. Ons hardloop terug na die feesgronde toe en smee die security om ons weer in te laat, want daar's mense wat ons wil doodmaak. Toe ons eers in is, besluit ons egter ons gaan nou terug O'Hagans toe, ons staan op vir onself. Om die een of ander onverklaarbare rede loop Johnny vooruit en kom toe eerste met hierdie boere-ouens in kontak. Ek dink hy wou net gaan vrede maak. Maar toe hy by hulle kom, skop een van die ouens hom in die ballas. Toe ek dit sien, hardloop ek en tackle een van hulle, en toe is daar chaos. Ons word in ons moer in geslaan, ek is op die vloer en die een ou looi my. Ek lê nog so en ek sien 'n been bo my – die ou het 'n rugby short aan, sy bobeen is in my gesig – en ek byt moer hard in sy been in. Dis al wat ek regkry in die fight.

En toe alles uiteindelik verby is, sê die een ou: “Julle moet die een of ander tyd kom braai by ons.” Sulke tipe kak. Wynand wil die ou slaan met Snake se skoene, wat hy toe in sy hand het, maar hy skree eerder net vir hom: “Jy's 'n kak vaderfiguur!” Want die man het 'n laaitie by hom.

Die volgende ding wat ek onthou, is dat ons maar weer terughardloop na die feesgronde en wêr die security-ouens smee om ons in te laat. En die volgende dag het ek 'n moerse blouoog en 'n sny bo my wenkbrou. 'n Paar dae later is dit landswye nuus, met die koerantopskrif *BLOUOOGPOLISIEKAR* teen die lamppale.

Byna twee dekades later, hier by 2020 rond, kry ek 'n boodskap op Facebook van die laaitie wat saam met die groep boere-ouens daar gestaan het. Hy sê die aanbod van die braai staan nog, en hy wil my book om 'n private show te kom doen by sy huis. Ek het 'n screen grab daarvan geneem en op ons Fokof-WhatsApp-groep vir die res van die ouens gestuur. Hunter se reaksie was: “It's a trap.”

Ek het nie sy aanbod aanvaar nie.

Twee jaar daarna kom stel hy hom voor aan my by Innibos, reg oorkant die pad van die O'Hagans waar die fight in 2004 plaasgevind het. Hy is nou

hugé – lankal nie meer 'n laaitie nie. Die uitnodiging vir die braai is steeds aan.

Direk ná daai fight op Nelspruit gaan neem ons *Lugsteuring* by B Sharp in Boksburg op. Met ons kombi steeds gebreek, huur ons vir eers 'n ander een en daarmee is ons Pretoria toe, waar ons vir die duur van die opnames gaan woon tussen 'n klomp kunstenaars en musikante in 'n soort hippie-commune genaamd Tiny Town in Pretoriusstraat. Tiny Town bestaan meestal uit rooidak-skakelhuisies met hier en daar sarongs in plaas van gordyne voor die ruite. Oral staan asbakkies rond, niks pas bymekaar nie en alles is bietjie vuil. Ons slot gemaklik daar in. In die twee weke wat ons daar bly, speel ons 'n paar shows in Pretoria en party ons in ons moer in. Ons lewe basies van Black Label en zol, het nie juis geld vir kos nie, slaap op die vloer en dra mekaar se vuil klere.

Soos ons daar wegry om die eerste keer by die Oppikoppi-fees te gaan jol, wonder ons teenoor mekaar of hierdie album so goed is soos die eerste een. Ons het so 'n insane kick-off gehad met Fokof dat ons bietjie onseker was daaroor. Maar ek dink dit is; *Lugsteuring* is vir my 'n baie spesiale album.

Ons kom die Donderdag voor Oppikoppi op die stowwerige feesterrein buite Northam aan, hoewel ons eers die Saterdag sou speel. Maar ons het nêrens anders om heen te gaan nie, so ons moet maar die hele naweek lank daar bly. Natuurlik hou ons net so hard aan met party soos die voorafgaande weke, en ons kamp in die infamous Mordor – die eerste en enigste keer. Mordor is 'n waas van tente, braais en dronk mense tussen rooi stof en pendoringbome. Ek weet nie hoe ek survive het tot laat Saterdagmiddag wat ons op die verhoog moes gaan nie. Maar steeds speel ons 'n onvergeetlike show. Valiant Swart kom ná die tyd na my toe en sê hy reken Snake, my wit beltjie (wat ek daai aand aanhet) en my “T-Rex-arm” ('n maniërisme wat ek intussen afgeleer het) is ons geheime wapens.

Daai jaar het Oppikoppi 'n uitruilprojek met die Pukkelpop-fees in België gehad. Ons kry toe die geleentheid om later die jaar by Pukkelpop te gaan optree. Dis ook hoe ons vir Triggerfinger, 'n Belgiese rock band, ontmoet. Hulle het by Oppikoppi gejol en toe later baie bekend geraak in Europa.

So vertrek ons toe 'n paar dae ná Oppikoppi na Schiphol saam met die Oppikoppi crew, Corné en Twakkie van *The Most Amazing Show*, Tumi and the Volume, BOO!, Albert Frost en Brothers of Peace. Dit is die eerste keer

dat ons oorsee gaan optree en ook die eerste keer dat ek oorsee reis. Vir Wynand is dit sy eerste keer op 'n vliegtuig, want voor dit het ons maar in Suid-Afrika rondgery as ons iewers moes gaan optree of opneem – daar was nog nie bekostigbare plaaslike lugrederye soos FlySafair of Kulula nie. Die trip was vir ons iets out of this world.

By Pukkelpop word daar net afgewaterde bier verkoop, baie duur, so ons kon aanvanklik nie regtig vreeslik gesuip raak nie. Maar op die dag van die show kry ons ons eie backstage-kamer met 'n hospitality rider en al die booze wat jy wil hê. Reg oorkant ons is The White Stripes se aantrekkamer, en ek gaan loer deur die vensters en sien hoe Meg White haar grimering doen. 50 Cent se kamertjie is ook daar naby, en 'n ander band wat ons gelove het, The Bronx, hang net so 'n paar deure van ons af. Ons is die dronkste van almal. Op 'n kol word ek deur 50 Cent se bouncers weggeklap, en in die eetsaal pass Snake uit bo-op sy bord kos, met Franz Ferdinand en Hundred Reasons se ouens aan weerskante van ons wat toekyk: hierdie mal fokkers van Suid-Afrika.

Uiteindelik speel ons in 'n stampvol tent voor 'n maniese gehoor, want ons doen 'n collab saam met Triggerfinger, wat toe reeds besig is om gewild te raak. Dit was 'n onvergeetlike ervaring vir 'n jong band van Suid-Afrika wat nog nie eens 'n jaar lank aan die gang is nie.

Daar kry ons toe ook die geleentheid om allerhande internasionale bands te sien optree, van The Darkness tot Velvet Revolver en Everlast. Ek dink dit het ons laat sien wat die internasionale standaard is en toe ons terugkeer huis toe, wou ons as gevolg daarvan 'n beter band word.

Terug in Suid-Afrika probeer ons om 'n professionele band te wees, maar ons is maar heeltyd broke, en toer steeds met Wynand se fucked-up kombi rond. Ons sal 'n gig speel waar daar vyfhonderd mense queue om in te kom, maar as ons die venue verlaat, moet ons ons toerbussie aan die brand stoot voor die fans wat by die show was.

Een aand teen die einde van 2004, tussen Kersfees en Nuwejaar, ry ek, Snake, Wynand en sy meisie, ons designer Matt en vriend Middelvinger met dié kombi deur Hermanus toe om daar te gaan party. Ons beland by Barney's en op pad uit dié kuierplek uit, raak ek en Wynand weer aan die baklei in die parkeerarea – 'n barney buite Barney's. In die middel van die fight gryp Snake vir Wynand vas om hom te probeer terughou, en ek sien dit as my kans om 'n paar houe in te kry. Wynand slaan vir Snake met 'n

vodkabottel oor die kop en dit raak morsig, soos altyd. Uiteindelik, toe die fight uitgewoed is, moet ons die kombi aan die brand stoot om terug Kaap toe te ry. Maar ek wil steeds kak maak en soos die ouens die kombi stoot, probeer ek dit ander kant toe stoot. Uiteindelik kry hulle my – met 'n moerse gesukkel – in die kombi en ons maak dit terug huis toe.

Die volgende oggend toe ek wakker word, pak ek my stuff en hike na Langebaan, waar Lauren toe by haar ouers is vir die somervakansie. Ek kon nie meer deal met daai wilde huis en al die fights en shit nie. Ek het gaan liefde en comfort soek by Lauren. Ons het vroeër daai jaar opgebreek, maar in my mind was dit nog nie verby nie.

Met my blouoog van die vorige aand klop ek aan hulle huis se deur, net om te hoor Lauren is nie tuis nie – sy waiter by 'n restaurant in die dorp. Ek gaan soek haar toe daar en daag op in die middel van haar skof. Ek is natgesweet, gatvol en gekneus. Sy gee my een kyk en sê: “What are you doing here? We’re not together anymore.”

## Die illusie van veiligheid



In Gillianstraat het ons basies elke dag wakker geword en weed gerook tot die aand toe. Ek was so baie gerook of gesuip, ek dink nie ek het meer geweet hoe dit voel om sober te wees nie.

Op 'n dag hoor ek 'n geluid in die huis: "Pieeeep." Ek dink dis iets in die dak. In daardie stadium het ons vriend Dries, wat later ons road manager sou word, by my, Wynand en Hunter ingetrek. In ons gerookte toestand gaan soek ons vier na die oorsprong van hierdie gepiep in die dak. Ons loop van vertrek tot vertrek, maar oral waar ons gaan, hou ons aan om die klank te hoor. Ons is van my kamer na Hunter s'n, want ewe skielik is dit daar; dan gaan dit weer weg; dan is dit weer in 'n ander kamer. Ek, Wynand, Hunter en Dries volg mekaar deur die huis soos die karakters in 'n episode van *Scooby-Doo*, op soek na die oorsprong van hierdie misterieuse piepgeluid. En toe, ná 'n halfuur se gesoek na die piepery in die dak, dik paranoid oor wat dit kan veroorsaak, besef ek dat ek 'n kitaar-tuner in my broeksak het wat 'n E-toon speel. Dit is hoe gerook ons deur die lewe gegaan het in daai tyd.

In 2005 keer ons tjommie Brendan Sterley van Engeland af terug, waar hy 'n ruk lank gewerk het. Hy trek by ons in en word Fokof se manager. Hy maak vir hom 'n slaapkamer in die sitkamer met 'n gordyn as afskorting. Dit was natuurlik 'n baie kak plek om te bly, want jy kan eers gaan slaap nadat die hele huis tot ruste gekom het. En mense het die hele dag en aand deur gerook in daai kamer, so dit moes aaklig gewees het om daar te slaap.

Later het Brendan daar uitgetrek en Laudo Liebenberg het agter die bank kom bly. Laudo het uit sy ouerhuis getrek nadat hy sy dramastudie opgeskop het, want sy ma wou hom na 'n geloofsgeneser stuur oor sy gedrag of iets. Sy't aan hom 'n ultimatum gestel: óf hy gaan sien hierdie vrou óf hy moet uit sy ouerhuis trek. Hy klop toe aan ons voordeur met net 'n sak klere en sy kitaar in sy hand. Terwyl hy by ons gewoon het, het hy vir ons van die songs begin jol wat later op aKING se amazing eerste album sou wees.

Mense vra my gereeld of ek die early Fokof-dae mis, en die antwoord is eenvoudig: Ek mis dit glad nie. Ek sal nooit weer in so 'n vuil huis saam met 'n klomp dudes kan bly nie, maar ek het definitief goeie herinneringe van daai plek. Een so 'n herinnering is my vyf-en-twintigste verjaarsdagpartytjie een Sondagmiddag. Die dag voor my verjaarsdag het ons by die sanger Willim Welsyn se verjaarsdagpartytjie gespeel op Ladismith, en obviously 'n moerse party daar gehad saam met sy family. Ek dink dit was in die dorpsaal. Toe ons terugry Kaap toe, bel ons al ons tjommies en sê dis nou my party die dag by ons huis. Ek onthou ek het die hele dag rondgeloop in 'n swart rugby short en 'n leerbaadjie, maar was kaalbolyf daaronder. Hoewel dit daai tyd nog in Suid-Afrika onwettig was om Sondae alkohol te verkoop, was daar 'n kafee naby ons huis wat onder die tafel booze aan ons verkoop het, toegedraai in koerantpapier. Niks kon die partytjie keer nie.

Vroeër daai jaar is ons van Pretoria op pad na Durban om 'n show daar te gaan speel. Saam met ons is Angelo Carelse, die sound engineer wat in daardie stadium saam met ons getravel het, en Nick Ludford wat ons beligting gedoen het. Laudo is ook by om merch te verkoop. Wynand se bussie, wat ons Die Bus van Daemon gedoop het, se battery het begin kak. Ons stop in Winburg of iewers om 'n ander battery te gaan soek, en haas ons na die venue. Ek onthou Angelo jaag om betyds te wees. Ons stop by die venue, Burn, net-net betyds, en toe vrek die battery weer.

Ná die show pak ons net ons goed in die bussie en gaan slaap by 'n backpackers. Ons sal die volgende oggend die battery uitsort.

Maar toe ons weer by die bussie kom, is die ruit uitgeslaan en al ons merch is gesteel – gelukkig nie gear nie. (Dalk was die gear nog in die venue, ek kan nie mooi onthou nie.) Toe is ons iewers heen om die ruit, die alternator en die battery te laat regmaak.

Van daar af mik ons Margate toe vir ons volgende show, met Wynand agter die stuur. En daar, op die snelweg buite Durban, bars 'n ander kar se band en ry hy in ons vas. Wynand moet soos 'n renjaer bestuur. Die trailer, met al ons instrumente in, breek af en rol oor die pad. Ons beland op die middelmannetjie. Behalwe vir die voorruit wat uitgetrap is omdat Snake met sy voete op die dashboard gesit het toe die crash kom, is ons almal en die bussie fine. Maar basies al ons equipment is vernietig. Ons laai toe al die gebreekte equipment in die van, kanselleer die res van die toer en ry terug Durban toe, waar ons 'n plek vind om te oornag. Albert van ons record label het dit gereël; ek dink dit was by Valiant Swart se pa of iets.

Die volgende dag kry die res van die ouens 'n vlug Kaap toe, terwyl ek en Wynand in die van met die mangled gear huis toe ry. Ná al daai kak hou ons net aan suip. Dit neem ons drie dae om van Durban tot in die Kaap te kom. Op elke dorp waar ons stop, raak ons twee so gesuip dat Wynand basies elke dag gal kots terwyl ons terugry.

Ten spyte van die harde parties in die Gillianstraat-huis, het ons aanhou musiek maak. In 2004 het ons *Lugsteuring* geskryf en opgeneem, en in 2005 *Monoloog in stereo*. Dié hele EP is in die garage van daai huis geskryf, in die ysige winter, en toe weer by B Sharp in Boksburg opgeneem.

JP is toe besig om B Sharp heeltemal oor te bou en met *Monoloog* is ons die eerste band wat inkom in die nuwe studio space. Hy't onder meer 'n plek bo die studio aangebou waar musikante kon bly. Waar ons die vorige jare moes kamp en in Tiny Town oorbly, het ons toe nie weer ander akkommodasie nodig nie – ons kan sommer daar by die studio bly.

Toe ons daar aankom, is die plek klaar gebou, maar nog glad nie geverf nie. Ons bly toe in hierdie plek wat soos 'n garage was. Dit was in die middel van die winter, yskoud, en daar was 'n sementstoflagie bo-oor als. Ek het so siek geword in die tyd van die opnames dat Albert daar aangekom het en gereken het hy moet my gaan inboek by 'n gastehuis, want ek kon net nie regkom nie. Die hele tyd het ons boonop aanhou party en ek het permanent daai sementstof ingeasem – saam met 'n klomp ander goed, want dit was in die tyd toe ek begin het om teen 'n spoed ander stowwe in my neus op te snuif. Ek kon dus nie regtig daar slaap nie en my stem het gesuffer. Ons almal het gestrugle, dit was nie net ek nie, maar ek moes sing en dit was die probleem. So as jy mooi gaan luister na daai *Monoloog in stereo*-opnames, sal jy hoor my neus is heeltemal toe.

Maar ten spyte daarvan, ten spyte van die wilde, vuil omstandighede in Gillianstraat, die gesukkel met kak soos karbatterye, en die noue ontkomings, het dinge in daai jaar vir Fokofpolisiekar eintlik baie goed gegaan. MK het in Julie daai jaar ontstaan en die eerste musiekvideo wat daarop uitgesaai is, was “Tevrede”, en van daar af is ons musiekvideo’s gaar gespeel op dié kanaal. Die akoestiese klanke van *Monoloog* het ons audience verbreed en nuwe moontlikhede geskep. Ons het ’n baie spesiale Oppikoppi gespeel, waar ons twee shows gedoen het. Een was ’n acoustic set by die Red Bull-verhoog en toe ’n groot show vir die eerste keer op die main stage. Fokof was op ’n peak.

En toe daal 2006 soos ’n vliegtuig op ons neer.

## Swanesang



In 2006 was daar 'n groot aand in die Fokof-geskiedenis wat baie dinge vir ons sou verander. Wat presies daai aand gebeur het, sal nooit honderd persent duidelik wees nie. Daar is al so baie daaroor gepraat, geskryf en gewonder, dat dit nou moeilik is om te onderskei tussen wat mens regtig onthou, wat die waarheid is, en wat ná die tyd daaroor gedokumenteer is.

In Februarie 2006 het ons Kaapstad toe getrek. Johnny en Snake na 'n plek in Bathstraat, Tamboerskloof. Ek, Hunter en Brendan trek saam met ons vriend Pierre Coetzee in 'n huis in Scottstraat, Gardens, in. En net om die draai van ons, in Buitenkantstraat, trek Wynand saam met die regisseur Johan Nel in 'n huis in waar Valiant Swart toevallig ook in die 1990's gewoon het – en waaroor hy 'n song, “Buitenkant”, geskryf het. ('n Jaar later sou Van Coke Kartel 'n song getiteld “Buitenkant II” skryf oor hoe wild dinge daar geraak het.)

In daardie selfde maand wat ons stad toe getrek het, gaan doen ons een Saterdagmiddag 'n show by Tin Cups op Witbank (Emalahleni). Dit is die eerste keer dat ons by dié venue speel. Ons doen die middag 'n sound check en waai, en toe ons die aand terugkom, is die plek packed out. Stampvol, binne en buite. Ons doen toe 'n ongelooflike show, raak aan die kuier en word bevriend met die eienaars van die plek. Snake en Wynand is later agter die toonbank besig om barman te speel. Op 'n kol is Snake kaalbolief en gooi vir almal dubbels en vodka shots. Net Johnny het vroeg gaan slaap,

die res van ons party lekker.

Bobby van Jaarsveld, sy suster Karlien en hulle tjommie, Prop, is ook die aand daar. Ons het vir Bobby en Prop geken, nie baie goed nie, maar Wynand staan met hulle en kak praat en jokes maak. Bobby en Karlien was nog baie jonk. Prop vra toe vir Wynand vir sy handtekening en blykbaar skryf Wynand toe *Fok God* op sy beursie. En toe volg daar 'n verbal disagreement. Ek was salig onbewus daarvan, en sou eers twee dae later daarvan uitvind.

Toe ons lank ná middernag na ons akkommodasie toe ry, ontstaan daar ook 'n bietjie van 'n verbal fight in die bussie. Snake wou die aand nie waai by Tin Cups nie, want Allan Heyl van die berugte Stander-bankrowersbende was daar en Snake wou aanhou om met hom te gesels. Toe ons uiteindelik ry, kon Snake nie ophou praat oor hierdie ou nie en Wynand skree aanhoudend: “Shut the fuck up! Shut the fuck up!”

En toe maak Snake die bussie se skuifdeur oop, en die volgende oomblik is hy nie meer binne nie. Oor hoe dit presies gebeur het, en wát presies gebeur het, word steeds nie saamgestem nie. Een van die stories is dat Brendan – wat bestuur het – die briek getrap het, en toe val Snake uit. 'n Ander weergawe is dat hy aspris gespring het. Ek weet ook nie, in my mind het hy gespring.

Ek was eerste uit om hom te gaan kry waar hy langs die van lê, en onthou hoe hy kreunend sê: “Ek wou dit nog altyd gedoen het.” Sy arm was lelik gebreek en sy vel vol bloederige skrape. Ek help hom toe terug in die bussie in en ons jaag daar weg op soek na 'n hospitaal. In die gejaag ry Brendan albei die bussie se spieëltjies af.

Eers kom ons by 'n staatshospitaal aan. Maar dit neem moer lank om gehelp te word tussen die siekes en gewondes. Uiteindelik vind Snake uit dat hy 'n mediese fonds het wat sy pa vir hom uitgeneem het, en ons neem hom na 'n privaathospitaal toe. Ons moet hom daar los, want dis toe al vroeg die Sondagoggend en die res van ons moet ons vlug terug Kaap toe haal.

Die Maandag, terug by die huis in Scottstraat, word ek wakker gebel deur ons publicist. Liny sê ek moet dringend vir Wynand vind, sy kry hom nie in die hande nie en daar's nou kak, groot kak. Ek hol toe af na Wynand se huis om die draai in Buitenkantstraat om vir hom te sê iets is aan die gang en Liny soek hom.

Dis toe dat ons uitvind Bobby en Karlien se ma, Ronel Brink, het 'n email-kettingbrief aan almal in die bedryf gestuur waarin sy vertel van die beursie-ding en wat Wynand glo gedoen het, en vra dat daar gebid word vir hierdie ouens van Fokofpolisiekar. Dit het soos 'n veldbrand versprei en 'n massiewe reaksie ontlok. Van daai oomblik af was daar vir meer as twee maande aaneen berigte en briewe daaroor in die koerante.

Deesdae is daar bitter min oor musiek in print media, maar daai dae was ons voorbladnuus en teen die lamppale: *Band in sop oor godsdienste*; *Christene ruk op oor Fokofpolisiekar*. Daar was weird goed, soos waar Wynand en Allan Boesak se opinies teenoor mekaar geplaas is. Teoloë het gepraat oor wat hulle dink ons stance is oor geloof; debatte is gevoer. Dit was 'n ongelooflike mal ride.

'n Klomp van ons shows is dadelik gekanselleer; sekere alkohol-brands en borge het gedreig om uit te pull by events as ons nie van die bill afgehaal word nie. Daar is 'n show van The Narrow, wat ons tjommies was, in Kimberley gekanselleer net omdat hulle met ons geassosieer het. Die gospelgroep Prophet se musiek is verban van Christelike radiostasies omdat hulle vir die media gesê het die Christene moet ons nie so veroordeel nie – so ek dink nie alle Christene het saamgestem oor die saak nie. Maar either way, ons het erge teenkanting gekry.

Ons het selfs doodsdreigemente gekry op email. Uiteindelik het ons op 'n manier soort van om verskoning gevra.

Die hele ding het groot gevolge vir ons as band ingehou, maar my nie op emosionele vlak so erg geraak nie. Vir my was dit iets wat ons in daardie dae enige tyd in ons privaatheid sou gesê het. Ons vyf het die meeste van ons tyd in 'n bussie saam spandeer, us against the world. En daar het ons baie goed rondgeslinger wat die buitewêreld seker nie moes hoor nie. Op toer en in die bus was alles aanvaarbaar; mens kon oor enigiets praat en jy kon enigiets sê. Maar hierdie ding het my laat besef dat die buitewêreld nie net alles so aanvaar soos ons nie.

Daardie woorde wat Wynand geskryf het word toe deur Afrikaanse mense beskou as iets wat die band gesê het en daar word besluit dis wat ons glo. Ek dink dis 'n klein bietjie uit verband geruk. Maar wat ek daaruit geleer het, is dat dit by tye goed is om 'n wag voor jou mond te hou.

My ouers was in daardie tyd in die Ooste; hulle was vir 'n tydjie in Korea en 'n paar jaar in Japan. En daar, aan die ander kant van die wêreld, het

hulle natuurlik van hierdie storie gehoor. Ek dink dit was vir hulle seker ook maar erg om te hoor dat hierdie stuff so groot in die nuus is, maar ek glo nie hulle het persoonlik gedink hierdie ouens van Fokof is on the attack nie. Daarom dat die hele ding my nie so moerse geraak het nie.

Ek kon wel sien dat dit Hunter affekteer.

Snake was nog stuck in die hospitaal op Witbank met sy arm, en ons moes daardie volgende Woensdagaand boonop 'n show gaan doen in Wellington, so ons moes vinnig uitfigure hoe om te maak. Ons bel toe ons ou vriend Justin Kruger en vra of hy vir ons kan kom speel die Woensdagaand, en dan kyk ons maar wat gebeur daarna. Só kon ons toe die show doen; ek en Johnny speel 'n paar songs alleen, net kitaar en vocals, en Justin het so vier songs saam met ons gejam. Toe is hy saam met ons studio toe om die nuwe songs te gaan opneem.

Ná hierdie insident moet ons toe dadelik studio toe gaan; ons was reeds gebook by B Sharp. Van die songs wat ons daar opgeneem het, sou uiteindelik op *Swanesang* wees, en van die songs was net op die *Brand Suid-Afrika* EP.

In daai studio-tyd kan ek onthou hoe Hunter nie regtig die plek wou verlaat nie – hy was skrikkerig oor die doodsdreigemente. Hy was paranoid en het vertel hoe die nuus oor mense wat teen ons picket hom bang maak dat die Christene ons gaan kom doodmaak.

Dis mal om nou te dink dat daar mense was wat teen ons band geprotesteer het. En gebedsgroepe wat vir ons gebid het. Vir ons was dit net nog 'n dronk aand.

Justin het toe baie vinnig ingeval in Snake se plek. Hy't sy werk by 'n musiekwinkel bedank sodat hy saam met ons studio toe kon gaan en toer. Ons het hom destyds in die dae van New World Inside leer ken as die drummer van Neshamah – die band wat al die local shows georganiseer het, want hulle vocalist, Matt Hoyle, het al die connections by die skole en die skate parks gehad. Toe ons as New World Inside begin rehearse het, het ons Neshamah genooi om ons rehearsals te kom uitcheck sodat hulle kon sien of ons goed genoeg is, en ons dalk op 'n bill kon kom saam met hulle. Op die ou end het New World Inside baie shows saam met hulle gespeel. Justin se eerste vrou met haar swanger maag is tot op die cover van New World Inside se album *dream hope fear*.

Justin het op 'n moeilike tyd by Fokofpolisiekar ingestap. Ons was in

daardie stadium the most hated band in die land, met 'n hectic negatiewe energie rondom ons weens die storm in die media en die ongemak en ontsteltenis oor wat met Snake gebeur het. Snake se besering was ernstig en daar was op 'n kol selfs sprake daarvan dat hy nooit weer sal kan tromme speel nie, maar hy't 'n baie goeie dokter gekry wat sy arm uitgesorteer het. En hy't baie hard gewerk om back in the game te kom, met baie rehabilitasie en oefening. Die tyd wat hy nie vir ons gejol het nie, het hy saam met Laudo rondgetokkel om sy arm weer aan die gang te kry.

'n Goeie twee maande nadat die kak begin spat het, moet Fokofpolisiekar in April by die KKNK gaan speel. 'n Klomp shows is toe al gecancel, maar KKNK het gesê ons kan nog kom speel, hoewel daar protes was. Volgens berigte het mense gesê hulle gaan hul rekeninge by ABSA toemaak omdat hulle die KKNK borg en ons daar gaan speel. Maar die planne vir die shows gaan toe anyway voort. (Ek het êrens gehoor dat Schalk Burger senior gaan praat het met die organiseerders en leiers van die KKNK om hulle te oortuig dat ons nog moet kom, maar ek weet nie of dit waar is nie.) Hoewel ons steeds daar kon gaan speel, kon ons nie in die dorp bly nie; alle akkommodasieplekke in Oudtshoorn het geweier om ons toe te laat. Waaroor daar toe natuurlik baie berigte en spotprente in die dagblaai is, met opskrifte soos *Blywegpolisiekar*.

Gedurende die KKNK bly ons toe in 'n familiehuis van Albert (van ons record label) in Glentana en ry van daar af deur na Oudtshoorn, waar ons vir 'n paar aande op die MK-verhoog speel, met Justin op tromme.

Elke aand voor die show is die polisie daar om die venue deur te gaan met snuffelhonde om te kyk of daar nie bomme is nie. Daar was gebedsgroepe buite die venue wat vir ons gebid het. Daar was blykbaar ook snipers in bome op die uitkyk vir dreigende gevaar. Ons het selfs 'n geheime escape route van die venue af gehad, wat ons vooraf moes inoefen. Dis hoe mal dinge geraak het daai tyd.

Ek wonder soms hoe dié hele storie sou afspeel as dit nou gebeur het, in die dae van sosiale media. Nuus versprei vinniger, maar dinge waai ook baie vinniger oor. Toe het dit gevoel asof die storie voortsleep en net nie ophou nie.

Dit het strain geplaas op die band. Die dynamic was reeds anders omdat Snake weg was. Justin was ons vriend, maar dit was nie dieselfde sonder Snake nie. Ek dink dikwels hoe ongelooflik dit is dat ons vyf mekaar

gevind het en hierdie ideale, spesiale dinamika kan hê, dat ons al vir meer as twee dekades saam kan musiek maak en werklik goeie vriende is. Vyf mense wat regtig oor die weg kan kom vir al meer as twintig jaar. Maar vir daardie tydjie was dit anders; dit voel toe net nie heeltemal reg nie.

En toe kom die gevoel, die vrees, dat dit dalk nou die einde kan wees.

Ek het nie regtig enigiets anders gehad om op terug te val nie; ek het altyd geglo Fokof is die ding wat ek vir altyd gaan doen. Maar omdat dinge in daardie tyd so moeilik was en daar so baie druk op ons was, het ons begin praat oor of Fokofpolisiekar vir ewig kon hou en of ons daarmee moes voortgaan. Ek dink dit was Hunter en Johnny wat eerste daaroor begin praat het. Eers wou ek, Wynand en Snake voortgaan, maar ek dink hulle twee het gedink dis dalk die begin van die einde, en die trein het bietjie begin ontspoor. Daar is so baie ingepak in daai eerste klomp jare van Fokofpolisiekar, hierdie hectic energie, en dit was asof die “Fok God”-aand die borrel laat bars het en wat oorgebly het, was onsekerheid.

Hierdie gevoelens is tot ’n mate gechannel in ons liedjieskryfproses, en het uitgekóm in van die songs op *Swanesang* – maar ’n liedjie soos “Ek skyn (heilig)” is al geskryf voor hierdie insidente en opgeneem tydens daai eerste sessies by B Sharp saam met Justin, net ná die beursie-aand. Dit was profeties. Ek dink Hunter het in die lirieke laat deurskemer dat ons die einde van hierdie ding nader.

En toe word die album, wat ons in 2006 vrystel, *Swanesang* gedoop. Ek het myself probeer oortuig die titel dui net op die einde van ’n hoofstuk of tydperk, maar vir Hunter en Johnny was dit dalk eerder ’n aankondiging dat hulle hierdie ding wil beëindig. Dit was vir my ontsettend moeilik om dié gedagte te aanvaar, want ek het geen idee gehad wat ek dan sou doen nie.

Intussen doen ons toe steeds shows. En ek suip die ongemak en onsekerheid weg.

In Augustus is ons Oppikoppi toe. Omdat ons toe reeds twee jaar in ’n ry daar gespeel het, het die organiseerders besluit ons kan terugkom as ons iets anders doen met die show. Ons skep toe “Fokof en Trawante”, waar ons ’n klomp collabs met van ons vriende uit ander bands doen: Bed on Bricks, Inge Beckmann van Lark, Hanu de Jong van The Narrow en Warren Snaith van Soulja. Dit was een van die headline shows by Koppi daai jaar.

Voor die tyd oefen ons hard om die show saam met dié mense so goed moontlik te maak. Ons rehearse saam met al die gaskunstenaars in Kaapstad

by The Bin in Harringtonstraat. Almal leer die songs en die show is tight. Om seker te maak alles verloop glad, laat Brendan almal 'n kontrak teken waarin hulle ooreenkom dat hulle nie sal suip voor die show nie. Dit was die plan, maar nie almal van ons kon daarby hou nie.

Toe ons die show doen, is ek die dronkste dude by Oppikoppi. Ek is op die verhoog saam met al hierdie ander musikante wat kontrakte moes teken dat hulle sal nugter bly, maar my stem is weg, want ek het te vroeg aan die suip geraak, reeds die aand voor die tyd, en dwarsdeur die nag. Ek het net aanhou party tot ons op die verhoog moes gaan. En toe is almal kwaad vir my. Soos gewoonlik. Dit was nie die greatste show nie.

Ek het harder en harder begin party en soms die dood getart. Iewers in daai jaar het ons by 'n bike rally by Kleinplasia in Worcester gaan optree. Dit was 'n wilde ervaring. Ons het baie min bike rallies gespeel in ons geskiedenis, ek dink dit was dalk die enigste een hierdie. Ons hang backstage uit saam met bikers, waar een dude vir my speed voer op die punt van 'n vlymskerp sakmes. Op die verhoog loop ek op 'n kol vorentoe en in die hazy van dronkheid en hoog wees, trip ek oor die monitor en val van die verhoog af vorentoe, winduit. Ek lê daar op die grond met die mic en hyg: "Hôôô ..." Ek kan nie opkom nie, die sekuriteit en organiseerders moet my ophelp. Maar in plaas daarvan om weer op die verhoog te klim, loop ek reguit in die crowd in en sing by die reling die res van die laaste song, "Fokofpolisiekar". Ná die show ry ek nog huis toe van Worcester af, met my vriend Rufio Vegas saam met my.

Die volgende oggend word ek wakker en sien my arm is blou aan die binnekant, van my elmboog tot by die pols. En dis seer, maar eers dink ek nie daar is regtig iets fout nie. Eers so 'n maand later gaan ek na 'n dokter toe, die een wat Snake se arm gered het. Hy sê toe ek het my elmboog gekraak, maar dis nou eintlik te laat om iets daaraan te doen, ek kan dit maar net los, anders gaan hy dit weer moet breek om dit reg te maak. (My linkerelmboog kan tot vandag toe nie heeltemal reguit strek nie.)

So het die jaar voortgesleep in 'n was van wilde shows en lang toere, en die gesprekke op die pad het meer en meer gedraai om die vraag: Wat volgende?

Ek onthou 'n spesifieke Sondag by 'n Pretoriase backpackers waar ons almal met moerse hangovers sit, en ek so 'n gesprek hoor tussen Hunter en Johnny. Ek dink Johnny se mission was in daardie stadium om 'n studio te

begin; vir hom was dit altyd baie belangriker om die musiek te maak as om dit te perform; hy's veel gemakliker in 'n studio as op 'n verhoog. En in 'n band is mens in effek getroud met jou bandmates, jy moet hulle besluite respekteer. Ek is nie seker wat Hunter toe wou doen nie; ek reken hy't van die begin af gedink ons gaan 'n sekere aantal albums maak en dan gaan ons klaar wees.

Dit was 'n crazy journey tot daar, 'n besonder moeilike jaar, en almal was moeg.

Aan die einde van 2006 word toe besluit dat Fokofpolisiekar vir 'n onbepaalde tyd 'n break sal vat.

Hunter begin waiter, werk agter 'n bar vir 'n ruk. Hy't ook ingeskryf vir 'n kursus in skryfkunde aan Unisa, wat hy nooit sou klaarmaak nie. Johnny begin sy studio en Snake oefen songs saam met Laudo – wat toe aKING word. (Later sou Hunter by hulle aansluit.) En Wynand en Brendan fokus op die bestuur van bands.

Maar ek het geen idee wat volgende nie.

In Fokofpolisiekar was ek die dronk vocalist. Dit was my job; om op die verhoog te klim en te gaan perform; om die wilde, crazy, dronk front man te wees. En as ek nie dít het nie, wat is ek?

Ek skryf toe ook in vir 'n kursus by Unisa, ek kan nie eens onthou wat nie, die een of ander BA, en het dit nie klaargemaak nie. My ouers het daarvoor betaal en dis seker iets waarvoor ek hulle tot vandag toe nog skuld.

Ek het daai tyd nie gedink daar's 'n kans dat ek 'n ander band op my eie kan begin nie, om nie eens te praat van 'n sololoopbaan nie. En dis ook glad nie iets wat ek toe gedink het ek wil doen nie. Ek wou net in Fokofpolisiekar wees, dit was my alfa en omega, dís wat ek wou doen. Maar toe daai mat onder my uitgeruk is, is ek geforseer om verder te dink.

Daai tyd het mens nog CD's verkoop, so ek het elke maand 'n piepklein inkomste gehad uit wat die record label vir ons uitbetaal, maar dit was nie genoeg om 'n lewe van te maak nie. Ek moes dringend 'n plan beraam om vir myself te kan sorg, daarom begin ek toe om klein solo shows te doen. Wynand het my ook aangemoedig om aan te gaan.

My eerste solo show was in die Kunskafee in Durbanville. Ek was super nervous so heeltemal op my eie, veral omdat ek toe kitaar moes speel. Ek het die Fokofpolisiekar songs gekies wat ek die beste op 'n akoestiese kitaar

kon speel, saam met een nuwe song wat ek geskryf het, “Verdoof. Vergiftig. Verskoon my”. Hiermee het ek toe bietjie gaan toer saam met Laudo. Ons vat die pad en toer deur die land; ek en hy en twee akoestiese kitare, van Bloemfontein en Bethlehem tot Johannesburg en Pretoria. Ek scheme mense het toe gedink ek gaan solo, maar dit was nie regtig wat aan die gebeur was nie, ek het net hierdie klein solotoer gedoen, just to get by. En ek was definitief baie onseker van myself.

So het ek probeer om geld te maak terwyl ek halfhartig swot. My kop was glad nie daar nie. Ek het toe nog in die Scottstraathuis gewoon waar daar elke dag geparty is tot die son opkom, en dis onmoontlik om in sulke omstandighede te studeer. Ek dink ek het boeke ontvang en dalk een taak ingehandig, en dis dit. Ek wou eintlik net musiek maak.

Die teleurstelling van Fokofpolisiekar wat nie meer aktief was nie en die onsekerheid oor wat ek volgende met my lewe wou doen, het veroorsaak dat ek selfs nog meer geparty het as tevore. Tydens die toer met Laudo het ek my in my moer in gesuip. Daar was shows wat hy moes oorvat en verder lei, want ek was te dronk om kitaar te speel. Wasted. Aan die einde van daai Fokof-tyd het ek op 'n meer gereelde basis begin cocaine snuif en as dit eers in die mix inkom, bly jy langer wakker en drink meer. En toe Fokofpolisiekar 'n break vat, het ek selfs nog meer cocaine begin doen. Dit was so 'n bietjie van 'n open secret. Mense het gedink my naam is Francois van Coke omdat ek so baie coke snuif, en hoewel dit nie die ware rede was nie, het ek die naam gestand gedoen.

Te midde van dit alles was daar 'n ligpunt. Lauren het aan die begin van 2007 teruggekeer nadat sy 'n ruk lank in Londen gewerk het. Sy't toe nêrens om te bly nie en trek by ons in. En daar sou ons mekaar toe weer vind.

Ek voel nou nog baie sleg oor hoe moeilik daai tyd vir Lauren was. Sy't 'n day job gehad terwyl ek en my vriende deurnag geparty het. Ek sou nog wakker wees van die vorige aand se party wanneer sy opstaan en werk toe gaan; sy sal terugkom en ek sal steeds wakker wees. En so sou dit aangaan, dag in en dag uit.

## Bumble binge



Iewers in 2007 oortuig Wynand my dat ek en hy 'n wilde rock 'n' roll band moet begin. Ons twee het altyd gehou van die harder kant van Fokofpolisiekar. Ons wou aangaan met die rock 'n' roll-lewe: harde musiek en hard party. En ons moes 'n manier vind om 'n inkomste te maak.

Só is Van Coke Kartel gebore. Ons het skielik so baie tyd by die huis gehad. Ons was naweke tuis in plaas van op toer saam met Fokofpolisiekar, en ons het dit gebruik om te party. Ons het naweke konstant by The Shack uitgehang, sonder om ooit werklik te gaan slaap. Ek en Wynand sou Vrydagaande begin, en teen Sondag was ons emotional wrecks. Dan is jy hungover vir twee dae voor jy maar weer begin. Te midde van hierdie hazy, drugged-up, drunken storie begin ons nuwe band se songs vorm kry.

Vroeg in dié jaar nooi my vriend Warren Snaith my om saam met hom in Durban 'n song te gaan opneem. Warren was die lead singer van die band Soulja, wat in dieselfde tyd as Fokof op die Kaapse scene gekom het. Toe ek hom die eerste keer ontmoet, het ek gedink hy is 'n doos. Hy's 'n groot dude en was op sy dag kaptein van Maritzburg College se eerste rugbyspan; hy kon mense afpis en vat nie kak nie. Maar ons het gou besef ons het 'n gemeenskaplike liefde vir musiek, alle vorms van rock 'n' roll, dagga en rugby, en hit dit toe af. Hy's ook 'n baie talentvolle kopieskrywer en het intussen Durban toe getrek om daar te werk vir 'n ad agency, en sou later 'n ander band stig: The Shotguns. Die song wat ek toe saam met hom gaan

opneem, “Breaking Bongweni”, is ’n baie spesiale een wat gaan oor Warren se oupa wat doodgeskiet is in ’n plaasmoord en waarin Warren – wat vlot Zoeloe praat – dele in Zoeloe sing.

Ek vlieg Durban toe ná nog ’n mega-partytjie in Kaapstad. In die vliegtuig se toilet snuif ek nog ’n lyn, nadat ek reeds deurnag gegaan het. En ten spyte van daardie lyn is ek steeds so moeg dat ek uitpass tydens die vlug. Ek weet nie hoe ek moes gelyk het nie, maar toe ons land en ek word wakker, sê die vrou wat langs my sit vir my: “I just want to tell you my husband is a medical doctor.” Ek weet nie of dit beteken dat ek gelyk het of ek besig is om dood te gaan en ’n dokter nodig het nie, maar dis wat ek aanneem.

In Durban aangekom, begin ek en Warren dadelik suip. Brandewyn en Coke en ’n klomp cocaine word gekoop. Die eerste dag is al klaar ’n fokop en ek sou omtrent ’n week daar bly. ’n Klomp van Warren se goeie Durban-tjommies party daardie hele week saam met ons. Hulle noem mekaar heeltyd “my boy”. Op dag een is ek alreeds so in my moer dat toe ek vir Lauren bel, sign ek af met: “I love you, my boy.” Sy was worried, to say the least.

Iewers in daardie week is ons na ’n studio om die song te gaan opneem waarvoor ek al die pad Durban toe gekom het. Dit was ’n freak-out, want ons kom by die studio aan en dit is toe ’n ongelooflik deurmekaar plek wat nie lyk of dit vir daardie doel gebruik kan word nie; dit is so half agter in ’n huis en daar is goingsakke wat die studio-deel afskort van die res van die blyplek. Langsaan is die kombuis vol vuil skottelgoed, en in die agterplaas is daar oral hondestront. Ek was in hierdie stadium gewoond aan vuil huise, maar dit was vir my net te erg. Skielik het die toekoms van musikantwees in Suid-Afrika vir my ongelooflik bleak gelyk.

Terwyl Warren bedags by die werk is, sit ek by sy woonstel en pen lirieke neer vir Van Coke Kartel se eerste album. Dis waar ek toe “September Fools” skryf, gebaseer daarop dat ek, Wynand en Warren almal in September verjaar. Behalwe vir die opneem van die song saam met Warren en skryf van ’n paar lirieke, was dit nie ’n baie produktiewe week nie, want ons party basies maar net die res van die tyd.

In die Kaap het ons in daardie tyd baie coke gesnuif, maar in Durban is hulle toe op ’n pil-vibe: Ecstasy, of MDMA, is die drug of choice, en die locals noem dit Bumbles. En vir so te sê ’n week vat ons Bumbles op al die

maniere wat jy kan – ons sluk dit, ons snuif dit en ons drink dit. Só vat ons aanhoudend E, van die oggend tot die aand.

Saans sou ons uitgaan en hier en daar in 'n bar 'n klein show'tjie doen, as Van Coke & Snaith Unplugged, waarvoor ons sê nou maar tweeduisend rand vir die optrede betaal is. Voor een van die shows is Warren so hoog dat hy, terwyl hy nuwe snare op sy kitaar sit, die splinternuwe snaar morsaf knip by die kitaar se nek, in plaas daarvan om net die ekstra stuk af te knip. So, hy't sy kitaar restring, maar moes toe met myne die show speel. Dis hoe in ons moer ons was.

Een aand is ons by 'n plek genaamd Beanbag – so 'n hippierige plek met beanbags en hookah pipes. Daar vat ons weer MDMAs. Warren draai na my en sê: “Jissus, my boy, this Indian oke is klapping me.” Ek was dadelik gereed om hom te verdedig: “Which Indian oke? Which Indian oke? Where is he?” En ek kyk om ons rond. Ná 'n paar sekondes besef ek toe hy het actually gesê: “This MDMA is klapping me.” Duidelik was dit besig om ons albei hard te klap.

Die laaste show'tjie wat ons die Vrydagaand speel, my tweede laaste aand daar, is in 'n piepklein bar en ons word 'n paar rand daarvoor betaal. Ons besluit ons het nog nie genoeg pille gevat nie, ons gaan die geld gebruik om nog MDMA te koop. En dat ons van daar af na 'n house party sal gaan waar daar 'n klomp mense sal wees aan wie ons dan van die pille sal kan uitdeel.

Maar toe ons uiteindelik by die huis aankom waar die house party sou wees, is dit net ek, Warren en twee van sy tjommies – 'n party van vier dudes. En ons het al hierdie MDMA. So, toe sluk ons maar soveel as moontlik daarvan so gou as wat ons kan en probeer steeds 'n epic house party hê. Om die een of ander rede is die destydse Proteas-kaptein Graeme Smith se krieket-kit in die huis – iemand daar was tjommies met hom of iets – en op 'n kol het Warren Graeme Smith se full krieket-kit aan, met sy bat en al, en hy val daarmee in die swembad, hoog op Bumbles.

Ek dink ons het elkeen vier MDMAs gevat, en teen dagbreek, toe ek die laaste een vat, besef ek die party is nie regtig meer lekker nie. Dit was eintlik nooit. Ek en Warren ry na sy flat toe, moerse depressed: the worst comedown wat 'n mens ooit kan kry. Toe ons daar aankom, pass ons uit op die sitkamerbanke, word wakker en bestel pizzas. Ons kyk rugby terwyl ons die pizza eet en ontsettend kak voel van die comedown. Ons kry onself en mekaar baie jammer.

Iets wat ek nog nie voor daardie dag ervaar het nie, is dat as jy comedown op MDMA, kry jy sulke weird electric pulses wat deur jou lyf skiet. Sodra jy begin relax en aan die slaap wil raak, dan kom daar so 'n electric pulse deur jou lyf wat jou weer wakker ruk. Blykbaar is die term daarvoor brain zaps. Ná 'n bitter lang sukkelstryd, slaag ek daarin om in 'n haze aan die slaap te raak.

Die Sondagoggend toe ek daar op Warren se bank wakker word, loop ek toilet toe en voel my boxer is nat. Vir 'n oomblik dink ek dat ek in my broek gepis het, maar wat weird is, is dat dit nie voor in my boxer nat is nie; dis agter nat. Toe tref dit my: Ek het in my broek gekak, op my vriend se bank tydens hierdie MDMA comedown. Dis hoe naby my party habits my aan *Trainspotting* gebring het.

In daardie absolute depressed toestand moet ek toe die covers van sy bank se kussings in die wasmasjien gaan sit, en op daai noot is ek terug Kaapstad toe. Dit was pretty bad. Dan begin mens so in jou agterkop dink: Dalk het ek 'n probleem. Maar ek was nog nie naastenby gereed om dit heeltemal teenoor myself te erken nie. Ek is terug Kaap toe, terug na nog groot parties daar.

My vriendskap met Warren het dit darem oorleef. Hy is nog steeds een van my beste vriende. Deesdae voer hy 'n baie rustiger bestaan as 'n boer in KwaZulu-Natal. Hy boer met blueberries. From bumbles to blueberries.

## **“een konfrontasie van ’n kopklits af”**



Die begin van Van Coke Kartel was seker die wildste tyd in my lewe. Daar was groot belangstelling voor die band begin het, maar nie ’n groot sukses ná al die hype om ons launch gaan lê het nie. Van die begin af het dit gevoel asof ons die hele tyd in ’n battle is.

Reeds met die opname van ons debuutalbum in September 2007, het die battle begin. Ek en Wynand het dooshard geparty in die tyd wat ons daardie eerste album se songs geskryf het. Baie van die skryfsessies het in deurnag-parties verander. Die break van Fokofpolisiekar was vir my nie ’n lekker ding nie en die parties was seker ’n manier om te deal daarmee en met my insecurities oor die nuwe projek.

Ons gaan neem toe die songs op by die legendariese producer en lead gitarist van die Springbok Nude Girls, Theo Crous, se studio in Bellville. Sedertdien het ons al baie saamgewerk, maar dít was die eerste keer. Ek dink ons het moeg geraak daarvan om Boksburg toe te gaan waar ons tot in daardie stadium al die Fokof-goed opgeneem het, en ons wou ’n ander sound hê.

Maar op die eerste dag al besluit Theo dat Justin Kruger, wat ons as Van Coke Kartel se drummer ingekry het, nie op die album moet speel nie, en hy kry toe vir Mike Horn om tromme te speel. So met die intrapslag was daar al hierdie shake-up en weird vibe omdat Justin nie op die album speel nie, for the greater good of the project. Hy het toe wel live saam met ons

begin optree en interessant genoeg sou Mike 'n paar jaar down the line weer 'n kort comeback maak in Van Coke Kartel, as een van die vele drummers wat ons in die band sou hê.

Tydens die opnames het ek ook gesukkel met my stem. Weens die kombinasie van hard party en min slaap en hoe ek daardie eerste Van Coke Kartel-songs sing, het my stem baie strain gevat. Ek kry toe Prednisone (kortisoon) by iemand en sluk 'n handvol daarvan. Dit was soos 'n wonderwerk. Ek reken toe dat ek die miracle cure vir my stem gevind het, maar dit was die begin van 'n lang en ongesonde verhouding met kortisoon. Nog lank daarna sou ek dit neem om deur shows te kom. En later in my lewe sou ek die regte mediese hulp moes kry.

Met die launch van die selfgetitelde debuut is ons toe die eerste offshoot van Fokof wat 'n album release. Ons speel aan die einde van November by Mercury Live. Dit was packed out, 'n massive show. Ek dink die hype was so groot dat ons live show bietjie ge-underdeliver het. En ek het dit besef. Dit was nie net die feit dat ons so moerse hard geparty het nie, maar ook dat ek skielik moes kitaar speel en sing. Ek kon dit nie afpull nie. Ná daardie eerste show het ek geweet: This was not the shit. En dit was 'n bummer. Die moerse build-up, 'n sold-out eerste show, en dit was toe nie so great nie.

Direk daarna gaan ons op toer na al die groot metropole, maar by elke show wat ons doen, skree mense die name van Fokof songs uit: "Speel 'Skyn heilig'!" So, dit was moeilik om die oorgang te maak na 'n ander projek. Dit het vir my gevoel asof niemand van ons hou nie. Ons was definitief nie die grootste live band op aarde nie. Ek was nie 'n great gitarist nie, Justin speel al die songs te vinnig en ons het heeltemal te veel geparty. Dit was wild en loud en dit het elke aand gevoel soos 'n geveg wanneer ons op die verhoog gaan. Ná vier jaar van speel in die grootste band in die land, was dit 'n aarde-toe-kom-ervaring.

Die Desember ná Van Coke Kartel se launch, sluit ons aan by die MK Avontoer – 'n kuslangse toer van local bands wat 'n paar jaar lank oor elke somervakansie plaasgevind het. Die Avontoer-bands en 'n klomp van hulle tjomies ry almal in twee groot toerbusse van dorp tot dorp waar daar opgetree word, en almal kamp dan op sportgronde of waar hulle ook al plek kry.

Maar ons mission op ons eie in Wynand se ou Honda Ballade en kom aan in Plettenbergbaai 'n rukkie voor die show die aand in 'n baie klein,

bedompige bar sou plaasvind. Onmiddellik begin ons cocaine soek, maar kan nêrens in Plett dit kry nie. Al wat ons in die hande kan kry, is dieetpille, Thins, wat ons crush en snuif. Dit, saam met ongelooflik baie booze, maak toe die show super-chaoties. Ek onthou sulke flashes van Wynand waar hy shirtless oor die tafels hardloop en Justin wat teen 220 beats per minuut tromme speel. Saam met my wat nie regtig kan kitaar speel nie en so natgesweet is dat my klere aan my vaskleef en my takhare oor my gesig hang, was ons 'n morsige, noisy, wilde spul. Ek weet daar is mense wat daarvan gehou het, maar ek weet ook hoe obnoxious dit moes wees om dit te hoor en sien.

Vieruur die oggend sit ek op 'n groen sportveld en gesels met Fred den Hartog, wat baie jare later in Die Heuwels Fantasties sou wees. Hy is toe nog moer jonk, net klaar met matriek, en in 'n band genaamd Die Helde. Hy pak toe by my af oor hoe kak die lewe is, en ek sê vir hom: “Dit raak beter as jy ouer raak.” Jare later sou hy vir my sê: “Jy was reg, dit raak actually beter as jy ouer raak.” En teen daardie tyd sou ek dit self glo.

Omdat Van Coke Kartel so 'n underground band was, het ons nie dadelik groot festivals gespeel nie, en ons word toe gebook vir 'n gig by 'n hoërskool – vir 'n fondsinsameling vir hulle eerste rugbyspan. Dit was op so 'n klein veldjie in die noordelike voorstede, met 'n eenvoudige setup. Toe ons daar aankom, kan ons reeds sien die sound lyk of dit 'n fokop gaan wees. Ons was chaoties en als, maar ons het nog steeds 'n standaard gehad as dit kom by instrumente en klank. En omdat ons kon sien die sound setup is glad nie up to scratch nie, en weet dit gaan 'n globale fokop wees as ons mekaar nie kan hoor nie, vra Wynand toe die organiseerder vir ons betaling voor die tyd.

Ons klim op die verhoog nadat ons baie gesuip het, en soos ons gedink het, kan ons mekaar glad nie hoor nie en is dit toe 'n fokop. In die middel van die show begin Wynand die mic en cymbal stands omstamp. Ons fok toe die verhoog op, maar breek nie regtig iets nie – ek dink daar het een mic gebreek, waarvoor ons eventually moes betaal. Sonder om die set klaar te speel, loop ons af en mik vir Wynand se Honda Ballade.

Natuurlik wil die organiseerder sy geld terugkry. Hy en 'n paar van die rugby-pa's wil ons moer omdat ons nie die show klaar gespeel het nie en omdat ons die equipment opgefok het, en eventually is daar 'n scuffle. In die deurmekaarspul word Tarina (Wynand se meisie met wie hy later

getroud is) deur iemand raak geklap, en sy beland op die grond. Te midde van die chaos spring ons almal in Wynand se Honda. Iemand breek die handle van Wynand se deur af soos wat hulle ons uit die kar uit probeer kry. Ons jaag van die venue af met hierdie mense agter ons aan wat ons wil moer.

'n Week of wat later, vroeg in 2008, speel Van Coke Kartel vir die eerste keer by Ramfest – die Real Alternative Music Festival – wat gehou is by die Nekkies-vakansieoord buite Worcester, georganiseer deur 'n baie goeie vriend van ons, Dawid Fourie. Ná die show op die Vrydagaand sit ons soveel dwelms en alkohol in ons lywe as wat ons kan. Hunter is ook daar en toe die son begin opkom, strompel ek en hy rond op die kampeerterrein, maak kak en destroy die een of ander ou se kampplek sonder dat ons regtig besef wat ons doen. Iewers deur die loop van die nag het ek my hemp en skoene verloor en toe hang ek die dag kaalbolyf en kaalvoet in my jeans rond, met my boepens wat uithang, terwyl die Februarie-son my in my moer in brand.

Albert du Plessis, die eienaar van ons record label, is daar. Soos altyd het hy classic tunes waarmee hy ons vermaak. Ons hang op die feesterrein buite Albert se rooi kombi, met Lauren en Tarina ook in die rondte, en luister na die The Beatles. Skielik hoor ek hoe Wynand vir my skree: “Kom hier!” Ek kan sien hy gee iemand kak wat so dertig meter van ons af is en skree iets vir hom. Lauren en Tarina het iewers heen gestap en Wynand het (verkeerdelik) gedink die ou tune hulle. Die dude skree iets terug vir Wynand en ons pyl reguit op hom af.

Ek weet nie regtig wat aangaan nie, maar ek headbutt die eerste ou wat ek sien so hard moontlik. Die ou strompel daar weg terwyl hy sy kop vashou. Albert skree nog agter hom aan: “You should respect women!” Hy't gedink die ou het iets verkeerd gedoen, maar hy het actually nie. Ek neem toe maar aan die ou het vir Lauren en Tarina kak getune en dit is hoekom ons hom moes moer. Ek dink Wynand was nog on edge ná die gig waar Tarina 'n hou gekry het, en dit is dalk hoekom hy gedink het iemand tune ons girlfriends. Ons het 'n totaal ander verhaal in ons koppe gehad as wat in werklikheid besig was om af te speel.

Ná die gedoente by Ramfest moet ons nog 'n show gaan doen, dieselfde dag, by 'n kleiner fees genaamd RAKA, buite Swellendam. Ek leen by iemand 'n hemp en het steeds geen skoene nie, daarom is ek die aand op die

verhoog in Lauren se plakkies. My stem was weg van al die geparty en die geskree by Ramfest, so ek kon skaars 'n woord uitkry toe ek moet sing. Ek vra sommer iemand in die crowd om op die verhoog te klim en hou vir hom die mic. Dis toe Francois van As, wat later bekend sou word as komediant. Hy sing die meeste van die show in my plek, want ek was useless.

Maar die show is verby en ek en Lauren drink nog 'n paar doppe saam met die organiseerder. (Ek kon nie praat nie, maar ek kon nog drink.) Die Sondagoggend word ons in 'n tent langs die Breederivier wakker en begin ons pad huis toe vind.

Daardie Maandagoggend laat weet RAKA se organiseerder hulle kan ons nie betaal nie, want ek het nie gesing nie, ek was te wasted om die gig te doen. Wynand moet toe fight vir ons fooi, en kon hulle oortuig om darem die helfte te betaal. Dis iets wat nog 'n paar keer in Van Coke Kartel se toekoms sou gebeur. Dit laat my toe 'n downer slaan, want ek voel toe, ag, ek het al weer soos gewoonlik alles opgefok, ek moet weer vir almal jammer sê.

Asof dit nie genoeg is nie, kry ek die middag 'n boodskap van Lauren terwyl sy by die werk is: *Ek kan nie glo jy het dit gedoen nie*. Sy't intussen 'n boodskap gekry van iemand wat saam met haar in Hugenate Hoërskool was, die ou wat ek die middag by Ramfest geheadbutt het. Hy vertel toe vir haar die hele storie, dat ek hom met die kop geslaan het vir geen rede nie. Ook dat hy toe al 'n GP besoek het, maar na 'n spesialis verwys is, want die dokter vermoed sy sinuskanaal is gecrush.

Ek was baie upset oor die ding. Ek wil nie mense seermaak nie. En Lauren is kwaad vir my. Ek bel hom dadelik en sê ek sal al sy mediese koste cover, want dit is alles my skuld en ek is baie jammer. Hy gaan toe vir 'n CAT scan en ek het daarvoor betaal, maar gelukkig was daar nie regtig iets fout nie. Behalwe dat Lauren se Hugenate-tjommies lank gedink het ek is 'n doos.

Die volgende dag skryf ek toe in 'n comedown-depressie die woorde vir "Wat het van ons geword". Ek wou vir Lauren sê: "O, my liefie, jy moes jou hart vroeër toemaak."

## Wie het Van Coke opgef\*k?



Ná die launch van Van Coke Kartel se eerste album, het ons besef die band is nie so suksesvol soos wat ons gehoop het dit sal wees nie. Later jare sou baie mense vir my sê die debuutalbum was hulle gunsteling, maar daardie tyd het dit vir my gevoel asof niemand regtig van ons musiek hou nie.

Intussen skop aKING toe soos 'n rocket af, waarin Snake en Hunter speel, met Laudo Liebenberg as voorsanger. Hulle oornagsukses het my ook so 'n bietjie ontmoedig, of miskien gemotiveer – dalk 'n bietjie van albei. Dadelik het hulle al wat 'n festival is geheadline, maar Van Coke Kartel speel in die sweterige clubs en dié is nie altyd vol nie.

Kort voor die eerste KKNK waar aKING en Van Coke Kartel saam sou optree, is “The Dance” vrygestel, hulle eerste single. Hulle het net begin speel, en toe “The Dance” op die PA system aangaan, sing álmal in die venue dit kliphard saam. So, die ander lede van Fokofpolisiekar (Snake en Hunter) is nou in 'n massive band wat dadelik kommersieel byna meer suksesvol is as wat Fokofpolisiekar tevore was, en Van Coke Kartel fight elke aand 'n battle teen die wêreld in dingy clubs – soms met mekaar ook. Ons suip te veel en sukkel voort.

Teen hierdie agtergrond begin ons aan die tweede Van Coke Kartel-album werk en probeer daarmee 'n effens ander rigting inslaan. Wynand begin byvoorbeeld om met 'n upright bass te speel. Dit lyk cool op die verhoog, maar dis 'n nagmerrie om daarmee te toer. Oral waar ons gaan, breek die

ding se bridge af en dan moet Wynand 'n plek vind wat dit kan regmaak. Ons keer toe ook terug na B Sharp in Boksburg om *Waaksaam en wakker* by JP de Stefani te gaan opneem, en hierdie keer speel Justin wel daarvoor tromme. Ons was desperaat om 'n tight eenheid te wees, maar lank het dit net nie gevoel asof ons is nie.

Ons word toe gebook vir Oppikoppi Easter 2008 – die kleiner Oppikoppi. Ons speel die Vrydagaand en hang die Saterdag daar uit saam met ons buddies. Enigiemand wat ooit by Oppikoppi was, sal weet dis absolute debauchery. Kort voor lank party ek my al weer uit my skoene uit en strompel kaalvoet op die Bosveld-feesgronde rond. My goeie vriend Merwe – wat ook hou van 'n goeie partytjie – is daar, en is gaaf genoeg om vir my een van sy skoene te leen. Hy't toe die een skoene aan en ek die ander.

Terwyl ons hard party, is die spoken word band The Buckfever Underground op die verhoog. Ek skree van voor die verhoog af vir die front man, Toast Coetzer: “Sing net die song! Sing net die song!” Maar ek dink Toast verstaan my toe verkeerd. Ek het bedoel hulle moet aangaan na die volgende track, maar hy't seker gedink ek bedoel hy moet sing en nie spoken word doen nie. Toe tune hy my van die verhoog af: “Ek sal begin sing as jy leer kitaar speel.” Goeie diss, ek moet sê.

Hy't my ook gevra: “Het jy jou skoene verloor?” Toe antwoord ek hom: “Nee, ek het een skoene gevind.”

So was die vibe dié dag; 'n beautiful dag met live music en baie alkohol. Teen die namiddag, omdat ons so baie gedrink het, begin ek en Merwe mekaar so hard as wat ons kan klap: 'n hou vir 'n hou. Maar all in good spirits. Later jare sou Jedd Kossew, wat ons toe nog nie geken het nie, maar wat later as gitarist saam met my in Van Coke Kartel en in Die Gevaar sou speel, vir my vertel hoe hy my en Merwe staan en dophou het en gedink het: Hierdie ouens is heeltmal mal. Want mettertied gaan die klappe toe oor in soene.

En toe ek en Merwe mekaar soen, is die *Sondag*-koerant se crew net daar, met die joernalis Angola Badprop (Jaco Nel) aan die stuur van sake. Angola sê toe vir my: “Francois, ons gaan 'n foto neem hiervan.” En ek antwoord: “Ja, man, go for it! Ek voel 'n fok. Wees 'n man, soen 'n man!” Ek het nog nooit 'n probleem daarmee gehad om vir my mansvriende te sê of te wys ek het hulle lief nie. En ek klapsoen toe weer vir Merwe terwyl hulle 'n foto daarvan neem.

Natuurlik het ek teen die volgende dag heeltemal van hierdie insident vergeet. Ons gaan doen nog 'n show en gaan aan met ons lewens. Die daaropvolgende naweek ry ons huis toe van 'n event af, stop by 'n petrolstasie en sien lewensgroot op die *Sondag* se voorblad die foto van my en Merwe wat soen, met die woord *Siesa!* daarby. En: “*Wees 'n man, soen 'n man,*” sê *Francois van Coke*. Ook, oral teen die lamppale verkondig die plakkaat: *COKE SOEN 'N MAN*.

Lauren is in die Kaap en haar suster, Megan, stap vroeg die oggend by 'n winkel in en sien dié storie. Lauren vertel dat Megan haar toe bel en sê: “Lauren! On the front page of the newspaper *Francois* is kissing ...” Lauren sê toe sak haar gemoed. Megan gaan voort: “A man!” Toe's Lauren soos: “Oh, okay, that's fine. Nothing new.” Heel verlig. Intussen het Merwe daarvan gehoor, na Welgemoed – waar sy ouers woon – se kafee toe gegaan en ál die *Sondag*-koerante gaan koop, want hy wou nie hê sy ouers moes dit sien nie.

Dit was nie die laaste sensasionale opskrif nie.

In 2009 nader die kunstenaar Peet Pienaar my met 'n crazy idee. Peet het in daardie stadium 'n ontwerpmaatskappy in Kaapstad met die naam *The President*, wat in samewerking met die kanaal *MK* 'n magazine uitgegee het, *MK Bruce Lee*. Hunter was daarby betrokke en die ontwerp daarvan was onkonvensioneel en amazing. *MK Bruce Lee* het baie interessante fotokonsepte van Van Coke Kartel produce, en dit het vir my gevoel asof Peet in Van Coke Kartel belang stel op 'n manier waarop niemand anders daai tyd regtig het nie.

Peet sê toe vir my hy wil 'n toneelstuk getiteld *2-21* op die planke bring, met my en die aktrise Anneke Weideman in die hoofrolle. Anneke was toe nog maar sestien jaar oud. Die Hertzogprys-wenner Willem Anker skryf toe saam met Hunter die teks, die bekroonde Jaco Bouwer behartig die regie, en Peach van Pletzen (van *Yesterday's Pupil*, *Bittereinder*- en *Van Pletzen-faam*) skep die klankbaan. Dit was die eerste keer dat ek saam met Peach werk, en die begin van 'n spesiale vriendskap. Ek was van dag een af mal oor Peach. Ons het saam geskryf, getravel, gekots en baie lief geraak vir mekaar.

Ek en Peach het die songs saam met Hunter geskryf, en dan het Willem Anker teks bygevoeg wat byna Bybels was. Dit was 'n extremely weird stuk. Daar was 'n skateboard ramp op die verhoog en Anneke het 'n

weergawe van my gespeel. Ek dink nie enigiemand het verstaan wat daar aangaan nie, ons ook nie. Dis maybe wat dit so cool gemaak het. Of dalk was dit glad nie.

Die songs wat ons vir 2-21 geskryf het, sou ek en Peach later onder die naam Oorlog Frankenstein vrystel. Die een song se lirieke gaan: “Penis, penis, penis is my lewe.” Ek probeer so ver as moontlik afstand doen van daardie song, want ’n dude wat ek ken, het vir my ’n porn clip gestuur waarin dit as klankbaan gebruik word. Nou kan ek nooit, ooit weer daarna luister nie. Peach het my gevra of hy die Oorlog Frankenstein songs op die streaming platforms kan sit, en toe sê ek vir hom hy kan net “Dans, dans, dans” daarop beskikbaar stel, wat later deel geword het van ’n Jack Parow song. “Penis” moet maar liewers ’n stille dood sterf.

“Dans, dans, dans” en “Penis” se lirieke het uit jokes ontstaan tydens 2-21 se skryfproses. Nadat ek die verse gesing het, het ek ’n klomp random goed gesing; wat ook al in my kop gekom het. Toe’t ons besluit ons hou dit maar, want anything went in daardie toneelstuk.

Ons het 2-21 vir die eerste keer by die KKNK gaan opvoer, en van die begin af was daar baie mediaberigte rondom die ding. Die eienaar van die gastehuis waar ek tydens die fees sou bly, het op die laaste minuut my verblyf gekanselleer toe hy uitvind dat ek sy gas sou wees, want die vorige jaar se beursie-insident was nog vars in sy geheue. Daar’s toe ’n berig in die koerant: *Francois van Coke is too wild for Oudtshoorn*.

Verder het die media geen idee gehad wat om te maak van die toneelstuk toe ons dit begin opvoer nie. Die woord “spektakel” het dikwels opgeduik. Dit was meestal jongmense wat kom kyk het, en nou en dan het iemand amper uitgefigure wat daar aangaan. My goeie ou vriend en in daardie stadium huismaat en basies girlfriend, Rufio Vegas, was die verhoogbestuurder en ons het elke aand gedrink tot ons kots of uitpass. Sukses!

Ons neem toe hierdie spektakel Potchefstroom toe vir die Aardklop Kunstefees. Vegas is nie dié keer saam nie en Wynand is die verhoogbestuurder. So, die parties was nie minder of skoner nie. Teen daai tyd het ons geweet hoe dinge werk: Ons sou elke aand die verhoogstuk opvoer en ná die tyd sou Van Coke Kartel ’n show doen vir die crowd. Ek, Wynand, Peach en Justin het saam akkommodasie op Die Dam in Potch gehad.

Ons kom die eerste dag daar aan, doen 'n vinnige rehearsal, suip 'n bottel Jägermeister uit en raak completely wasted. Peach het geparty, maar nie soos ons ander drie nie. Ons was op 'n ander level.

Daardie aand begin ek en Wynand baklei. En dit ontaard in die grootste fokken fight van ons lewens. Ek kan nie onthou hoe dit begin het nie, dit was een van daai booze-fueled aande. Daar is videomateriaal van waar ons armdruk voor die fight begin – ek weet nie of dit dalk daartoe bygedra het nie. Wynand sê ons het mekaar op die ballas geklap, 'n extreme weergawe van 'n hou vir 'n hou. Maar toe ons eers regtig begin baklei, is die duiwel los.

Uit Peach se vertelling van die gebeure kon ek later die legkaart aanmekaarsit. Hy het iewers deur die loop van die aand in sy kamer gaan chill en series gekyk op sy laptop met oorfone aan. Maar tussendeur kon hy hoor hoe ons mekaar uitdaag en die kak tussen ons begin spat. Ek en Wynand het mekaar blykbaar deur die huis gejaag en geslaan met als waarop ons ons hande kon lê. Ek is net in my boxers en probeer hom bykom met twee braaitange. 'n Besete halfkaal krap. Uiteindelik kry ek hom in 'n hoek vasgekeer. Toe slaan Wynand my met 'n glasslaaibak, skuins bo my linkeroog. Die hele chalet was onder die bloed; dit het gelyk soos 'n scene uit *Pulp Fiction*.

Justin het eventually vir Peach gaan roep en hy het Justin oortuig om ons hospitaal toe te vat. Dit was al kort voor sonsopkoms. Peach vertel hoe hy toe vir hom wil koffie maak en sien dat selfs al die teelepels in die oop kombuislaai vol bloed is.

My eerste duidelike herinnering is waar ek en Wynand in 'n hospitaalbed in mekaar se arms huil. Al wat ek werklik van die aand onthou, is hoe ons Jägermeister begin drink – daarna is dit maar hoe ons in die hospitaalbed lê en huil.

Die dag ná die fight kom doen 'n joernalis van *Beeld* 'n onderhoud met my oor 2-21 by die teater waar ons dit sou opvoer. My gesig is vol steke en my hand is heeltemal in sy moer in, in 'n verband toegedraai. Natuurlik word daarna uitgevra. Ek wil toe nie sê ek en my beste vriend het mekaar gemoer nie, en sê ek het op 'n bottel Jägermeister gegly.

Daardie dag het ons maar backstage begin drink en deur die dag iemand ontmoet wat crack rook. Hy't dit met so 'n noordelike aksent uitgespreek: “Wil julle rhôks rook?” Ons was so ontsteld oor die vorige aand, ons het

sommer tussen performances deur saam met dié dude sy crack pipe in die toilet gerook en coke gesnuif om te probeer beter voel.

Die volgende oggend is die opskrif teen die lamppale: *WIE HET VAN COKE OPGEF\*K?*

Ek en Wynand het nooit weer baklei nie. Niemand het ooit gewen nie.

## Skop, skiet & donner



2-21 was die laaste toneelstuk waarin ek ooit gespeel het. Dit was whack en ek is bly dis verby en ek hoef dit nooit weer te doen nie. Maar die belangrikste ding wat uit daardie ervaring gekom het, was die samewerking en nuwe vriendskap met Peach van Pletzen. Peach is 'n ontsettend talentvolle musikant en producer, en hy kom toe aan boord en vervaardig Van Coke Kartel se volgende album, *Skop, skiet & donner*, wat ons vroeg in 2010 vrygestel het. Ek en Wynand het die songs in die Kaap geskryf, vir Peach gekry om insette te lewer en dit toe by B Sharp gaan opneem. Uiteindelik speel Peach toe ook tromme op die meeste van die tracks.

Die naam vir die album het ek gekry by 'n dude van 'n awesome Kaapse rockabilly band, Tornados. Hy't eenkeer vir my gesê hy wil 'n album uitbring en dit *Skop, skiet & donner* noem, en ek het gedink dis 'n befokte titel. Toe ons hierdie album opneem, het ek hom gekontak en gevra of ons dit kan gebruik, en hy't ingestem.

*Skop, skiet & donner* sou dinge vir Van Coke Kartel verander. Op musikale vlak het ons 'n nuwe – beter – rigting ingeslaan, met 'n lead guitar (gespeel deur Nathan Smith) en elektroniese elemente deur Peach. Dit het van my gunsteling-tracks van Van Coke Kartel op – ek reken “Voor ons stof word” en “Ondier kom” is van die beste songs wat ons ooit geskep het. Maar as geheel is dit nogal 'n weird album. Buiten die originals is daar 'n klomp covers – ons het onder meer “Cocaine” van JJ Cale gecovert. Ek het

baie cocaine gedoen daai tyd, so dit was nogal gepas. Ook het ons “Maniac” – ’n cheeseball 1980’s *Flashdance* song wat ons daai tyd gehoor het – gecover, en langs dit “Skadu’s teen die muur” van Koos du Plessis, wat een van Wynand se gunstelingliedjies is. Die album is dalk nie baie samehangend nie, maar dit het baie bygedra tot wat Van Coke Kartel daarna sou word.

*Skop, skiet & donner* was ook ’n keerpunt vir my as songwriter. In my twintigs het ek probeer wegstroom van love songs, want ek het gedink dis weak. Ek onthou met *Monoloog in stereo* wou Hunter meer oor die liefde begin skryf en het ek nie gevoel dis iets waartoe ek relate nie. In daai tyd het ek alles wat normaal was probeer vermy. Ek wou byvoorbeeld nie my eie kar gehad het nie, want ek wou nie deel raak van Die Sisteem nie. Fokofpolisiekar was vir my balls to the wall, anti-establishment; ek het gedink as mens vulnerable is en oor die liefde praat, is dit te sag. Dis nie wat ek wou wees nie.

Toe, in die tyd toe ons aan *Skop, skiet & donner* skryf, breek ek en Lauren vir die soveelste keer op. Toevallig, terwyl ons uitmekaar is, vra Carien Loubser, die redakteur van die tydskrif *Bravo!*, vir my om ’n essay oor die liefde te skryf. Dit vang my onkant, maar ek besef toe dis dalk ’n goeie manier om vir Lauren ’n liefdesbrief te skryf. Die essay is gepubliseer onder die titel “Vir die een wat ek eerste liefgehad het”. Dis ’n eerlike account van hoe alleen ek sonder haar is – iets wat ek net besef het op tye wat ek nie wasted was nie, soos Sondaie met ’n hangover, alleen in my huis ná ’n week van toer en suip.

Terwyl ons nie saam was nie, het Lauren gebly by goeie vriende van ons, Liezl en Wouter. En toe die tydskrif uitkom, vat ek dit vir Wouter en vra hy moet dit op haar bed sit. Voor dit sou ek haar ’n honderd keer bel en sy sou my net ignoreer. Ek was net hierdie irriterende eks-boyfriend wat ’n way probeer terugvind in die verhouding wat ék opgefok het. Vir ’n baie lang tyd het ons nie gepraat nie. Maar ná daai brief in die tydskrif het sy vir my ’n boodskap gestuur en gesê: *Jy skryf regtig baie mooi*. En toe het ons weer begin gesels, en uiteindelik het ons weer bymekaar uitgekom.

Daardie essay word toe “Die laaste Sondag”, my eerste love song wat ons opneem vir *Skop, skiet & donner*. Behalwe daarvoor het my Van Coke Kartel-lirieke steeds meestal gegaan oor my interne worsteling: hoe fucked-up ek is en hoe ek nie ’n manier kan vind om dinge te verander nie, en hoe

ek myself aanhoudend daarvoor straf.

Ná ons aan die einde van 2009 die songs vir *Skop, skiet & donner* opgeneem het, is Van Coke Kartel danksy Peet Pienaar en The President Argentinië toe. Peet het 'n design agency daar gaan open en ons speel by die launch – ek, Wynand en Peach met 'n gekombineerde set van Van Coke Kartel en Oorlog Frankenstein songs. Ons het toe al in Holland, België en Engeland opgetree, maar Argentinië was 'n ongewoner, interessanter plek vir 'n Afrikaanse band om op te tree.

In daardie tyd doen ons afstand van Justin as drummer, en Peach sou die daaropvolgende Desember in sy plek saam op die kuslangse Vanfokkingtasties-toer gaan: 'n toer bestaande uit Van Coke Kartel, Fokofpolisiekar, aKING en Die Heuwels Fantasties. Maar voor die tyd, reeds in Argentinië, het ons besef ons sal nou dringend 'n lead gitarist moet kry om die klank wat op *Skop, skiet & donner* is te reproduce. (Peach het daardie klank geskep deur Nathan Smith tydens die opnames lead guitar te laat speel).

Maar damn, waar begin mens in Kaapstad soek na 'n goeie lead gitarist? Ons kort iemand wat shred-solo's doen, en ons ken nie ouens wat sulke crazy solo's kan pull nie. Ons onthou toe van 'n windgat gitarist wat ons eenkeer sien speel het by die Whammy Bar, toe hy maar nog 'n laaitie was. Daarna het ons hom 'n paar keer weer op die scene gesien, saam met die bands Mink, Cruel April en 7th Son. Hy was die enigste ou aan wie ons kon dink wat so 'n sick lead guitar-speler is.

So, toe ons terugkeer van Argentinië af, was ons vasberade om hierdie ou op te spoor en ek kry toe sy nommer iewers. Om die een of ander rede het ek en Wynand gedink hy's 'n Italianer; hy't seker maar 'n Italian look. En heel toevallig sê hy toe hy sal ons ontmoet vir koffie by Giovanni's – 'n Italiaanse deli in Groenpunt – wat ons gedink het bevestig dat hy Italiaans is.

By Giovanni's ontmoet ons toe vir Jedd Kossew, 'n Jewish Milnerton boytjie. En ons kliek dadelik. Ons vra hom of hy keen is om vir Van Coke Kartel te jol en reeds die komende Desember saam met ons te toer. Hy stem in, maar sê daarna gaan hy terug Engeland toe, waar hy dit probeer maak as 'n professional muso. Hy is eintlik net vir 'n kort vakansie in Suid-Afrika. Hy's ook 'n baie goeie poker player; hy maak in Engeland sy geld daarmee en jol daar in bands.

Ons doen toe die Vanfokkingtasties-toer met Jedd op kitaar en Peach op tromme. En dit voel soos 'n breath of fresh air vir Van Coke Kartel. *Skop, skiet & donner* sou eers in April 2010 vrygestel word, maar ons speel toe reeds van daardie songs. Dit was 'n nuwe hoofstuk vir die band; dit het eintlik gevoel soos 'n heel nuwe band. Ek dink Jedd besef toe dis beter om saam met ons in Suid-Afrika te speel as in Engeland voor fokol mense in klein clubs (wat hy die toilet circuit noem). Op die Vanfokkingtasties-toer speel ons voor honderde mense, wat waarskynlik vir hom veel lekkerder was, hoewel hy basies niks verstaan het nie omdat hy glad nie Afrikaans kon praat nie. Die toer het bestaan uit tien Afrikaanse dudes en Jedd. Hy't die heelyd vir my gevra: "What is that guy saying?" Maar ten spyte van die taalverskille, het ons onmiddellik geconnect.

Die eerste show wat Jedd saam met ons gespeel het, was op 26 Desember 2009 op Stilbaai by die Groot Gees Fees, wat deel was van die Avontoer. Ons het daai aand so 'n goeie tyd gehad, dit het geëindig met Jedd wat tussen Wynand en Tarina in 'n tent slaap. Ons het dit afgehit en ek en hy het regtig goeie vriende geword. Jedd is die gaafste, rustigste mens wat met almal oor die weg kan kom. Niks jaag hom nie. Hy is so easy. En boonop 'n ongelooflike gitarist en songwriter. Ek is baie gelukkig dat ek nog so 'n goeie songwriting partner en vriend soos hy kon vind. Later sou hy 'n massiewe deel van my sololoopbaan word, iets wat ek nooit sou aangepak het as hy nie daar was nie.

Hoewel ons met Peach ook goed oor die weg gekom het en hy net so 'n amazing bydrae tot die band gelewer het, was sy fokus nie by Van Coke Kartel nie; hy't 'n studio gehad, hy was besig met sy soloprojek, *Yesterday's Pupil*, én hy was deel van Bittereinder. So hy kon nie by ons bly op drums nie. En daarna sou ons nogal sukkel om die regte drummer te kry. Vir 'n tydjie het ons saam met Mike Horn gespeel. Toe kry ons vir Jason Oosthuizen op tromme.

Uiteindelik voel dit asof dinge dalk vir die band in plek begin val toe ons in April ons eerste show saam met Jason op tromme speel: die launch van die *Skop, skiet & donner*-album. Toe is ons 'n goeie live band en daardie gevoel dat ons elke aand op die verhoog by 'n battle betrokke is, is vir eers weg. Die drugs en booze het natuurlik bygedra tot daai gevoel, en dit het nog glad nie verander in dié nuwe formaat nie. Ek kon nie 'n bier drink sonder dat dit opeindig in 'n deurnag-party nie.

## Never take acid alone!



Rondom 2010 het daar 'n lekker bar genaamd Brewers & Union in Breestraat oopgemaak. Dit was naby die woonstel wat ek en Lauren toe in Groenpunt deel, en ek en my tjommies het gereeld doppe daar gaan drink. Dit was een van die eerste plekke in die Kaap wat craft-bier verkoop het, sterker as gewone bier, so dit het my en my vriende goed gepas. Onder meer het hulle 'n groot bier in 'n vonkelwynbottel gehad wat jou goed opgefok het. My gunsteling. Een middag, die dag voor ons die musiekvideo vir ons cover van “Maniac” in Pretoria moet gaan skiet, haak ons daar vas ná 'n meeting en raak 'n bietjie dagdrunk.

Die regisseur, die kunstenaar Louis Minnaar (wat ook in Bittereinder was), het ongelooflike musiekvideo's vir van die songs op *Skop*, *skiet & donner* vir ons vervaardig. Louis het onder meer die video vir “Ondier kom” en “Voor ons stof word” gemaak, wat konstant op MK gespeel het. Hy het goed geweet hoe baie ons suip en is 'n ontsettend professionele dude. Hy't altyd vir ons gevra om asseblief nooit gesuip of hungover op 'n shoot te wees nie en ook nie op die dag van die shoot te booze nie, want hy't besef hoe sleg ons dan gaan lyk. Dit was nogal moeilik in daardie tyd, en ná 'n paar biere het ons gou van Louis se versoek vergeet.

Op pad na die lughawe later die dag, onthou ek dat iemand die middag vir my 'n halwe acid cap gegee het, en dié ding begin brand in my sak. Ek het redelik min ervaring met acid gehad en dit was nooit regtig goed nie. In daardie stadium sou ek veel eerder mushrooms chow. Maar toe ons op die

vliegtuig Gauteng toe klim, besluit ek fok dit, ek gaan nou die acid vat en kyk wat gebeur, want ek's klaar bietjie gesuip. Die acid skop toe so ligweg in, nothing extreme. Ek gesels net heelpad lekker met Wynand op die vliegtuig. In Johannesburg huur ons 'n kar en ry na ons akkommodasie toe.

Daar aangekom, sien ons die plek waar ons oorbly, is die vuilste, mees fucked-up gastehuis in Joburg. Ek weet nie hoe ons daar beland het of wie dit vir ons bespreek het nie, maar dit was 'n fucked-up, dingy plek wat lyk soos iets uit *Triomf*, met 'n squeaky metaalhekkie en lang, bruin gras in die voortuin. Die man wat die plek bestuur, lyk asof hy hoort in Roger Ballen se *Platteland*. Binne lyk en ruik dit soos 'n ouetehuis, wat my toe heavy uitfreak, want teen daardie tyd het die acid behoorlik ingeskop. Maar ek besluit: Fokkit, ons gaan mos net hier slaap dan is ons môre vroeg weg. Ek moet dit net deur die nag maak.

Wynand is moeg en gaan dadelik na sy kamer om te slaap, maar ek is op hierdie acid buzz en is glad nie vaak nie. In my agterkop dink ek heeltyd hoe Louis vir ons gesê het ons moet die volgende dag op ons stukke wees, so ek gaan lê in my muwwerige kamer en probeer slaap, maar my brein bly wakker en ek kan glad nie fokus nie. Verder verdwaal ek kort-kort in die donker in hierdie horribale huis op soek na 'n toilet, want my kamer het nie 'n en suite-badkamer nie en my maag is toe heeltemal onderstebo as gevolg van die booze en acid. Later probeer ek series kyk op my laptop. Ek forseer myself om so vyf episodes van *It's Always Sunny in Philadelphia* te kyk sodat ek kan uitchill, maar my kop bly deurmekaar. Ek luister toe musiek, maar dit klink kak.

Mense wat weet hoe dit voel om wakker te lê van dwelms, weet watse straf dit is, maar om van acid wakker te lê is erger as coke- of Cat-horries, want jou brein is op 'n destructive pad. Hoe later dit word, hoe meer worry ek oor hoe ek die volgende dag die performance van die video gaan afpull met geen slaap nie.

Uiteindelik dink ek: Dinge kan nie so aangaan nie, ek moet hierdie acid trip nou embrace, want dit sal nie verbygaan nie, ek moet net uitfigure wat om te doen om dit te kan geniet.

Ek google: *What do you do when you took acid alone.*

Die eerste link wat ek oopmaak, lees: *Never take acid alone!*

O, fok.

*Always take acid with good friends in a nice environment.*

O, fok.

En die volgende ding wat opkom, is: *Be in the outdoors*. Wel, dit help my veel; ek is in 'n spooky ouetehuis, stuck in 'n infinity loop tussen 'n disgusting kamer en 'n kakhuis. Fokken disaster.

Ek lê wakker op die blommetjiesbeddegoed in daai sif kamer tot die son opkom, en ek en Wynand waai voor ons nog 'n kak breakfast ook moet eet.

Ons skiet toe in 'n klein teatertjie in Pretoria die video vir “Maniac” en op die een of ander manier loop dit fine af. Maar as ek daai video sien, dink ek net: *Never take acid alone*.

**“That isn’t music.”**

Destyds toe ons begin het met Fokofpolisiekar, het ek nie baie ver die toekoms in gedink nie. Ek het toe nooit gedink ek gaan dertig word nie. Nou is ek bly dinge het verander en dat ek anders dink oor die lewe en oor lewendig wees oor die algemeen, maar toe ek sewe-en-twintig was, het ek so hard geparty dat dit vir my fine sou wees as ek op sewe-en-twintig doodgegaan het. Ek onthou nog hoe weird dit vir my gevoel het om ag-en-twintig te word, want ’n deel van my het geglo ek gaan dit nie tot daar maak nie.

En toe kom dertig after all.

My dertigste verjaarsdag was in ’n tyd wat Van Coke Kartel nie net hard geparty het nie, maar net so hard gewerk het. Die band was ons hoofinkomste en om genoeg geld te maak om ’n salaris te kan trek, moes ons onself doodspeel. Ons het getoer soos crazy, hoewel ons nie baie festival bookings gekry het nie. Ons het moer baie gespeel regoor die land, soms vyf shows ’n week – van klein clubs tot groter events, tot acoustic shows in teaters. Tussendeur het ons, met Jedd en Jason in die band, begin skryf aan ons volgende album, wat *Wie’s bang* sou word.

Die dag toe ek dertig word, speel ons ’n show in Hatfield Square – ’n ongelooflike venue in Pretoria waar ’n verhoog opgestel is in die middel van ’n quad, en daar is ’n klomp restaurante en bars rondom. Dis ook lekker naby aan Tukkie’s, so die studente kon maklik daar uitkom en dit kon duisende mense akkommodeer. Oor die jare het ons groot shows daar

gespeel en dan sou almal op die ou end opeindig in Drop Zone, 'n club aan die een punt van Hatfield Square, waar ek meer as een keer in my lewe gedonner is.

Al ons tjommies is dié dag daar en die show ontaard in 'n moerse party. Ek kon nie vir 'n beter verjaarsdagpartytjie gevra het nie. Dit raak toe ook een van daai blackout-aande, maar gelukkig is Lauren daar om my sane te hou. Wel, sy't probeer.

Die volgende oggend word ek wakker in 'n hotelkamer nadat ons twee net 'n uur of twee geslaap het, en ons moet lughawe toe te gaan. Lauren slaap toe nog en ek sê vir haar ons moet nou gaan, daar's 'n bussie wat wag om ons lughawe toe te neem en ons kan dit nie mis nie, want dan verpas ons die vlug. (Daardie aand moet Van Coke Kartel 'n Vanfokkingtasties-show by Mercury in die Kaap doen.) Toe het ek en Lauren so 'n bietjie van 'n tiff oor die opstanery. En ek skop haar pot aqueous cream teen die muur stukkend. En die tiff sit om in 'n moerse fight. Uiteindelik klim ons in die bussie om lughawe toe te ry; Lauren eerste, en toe is daar net een seat oop en dis langs haar. En toe ek inklim, vra ek nog so kliphard: “Waar de fok moet ek nou sit?”

Nadat ek my sit gekry het, op pad lughawe toe, besef ek my ribbekas is moerse seer aan die kant van my lyf. Wat de fok het gebeur? Ek kan nie onthou nie.

Later bel Rudi, die eienaar van Aandklas in Pretoria, en vra of my kop oukei is. Ek sê vir hom daar's niks fout met my kop nie, hoekom wil hy weet? Toe het hy op die CCTV footage gesien hoe ek die vorige aand, of eintlik baie vroeg daai oggend toe die son al begin opkom, dans in Aandklas. Ons het ná die show daar gaan party en omdat ons vriende is met Rudi, kon ons daar kuier so lank as wat ons wou. En die footage wys my wat dronk oor die tafels dans en bottels afskop. Dan kom Lauren na my toe, reprimand my, dan klim ek van die tafels af en chat weer bietjie met die ouens by die bar. Sodra sy wegdraai, klim ek weer op die tafels. Hunter dans daar in die agtergrond. Terwyl ek so dans op die tafels, trek ek my baadjie uit en swaai dit deur die lug en gooi dit neer, en Lauren reprimand my weer en ek klim weer af ... en net toe sy wegkyk, hardloop ek weer oor die tafels. En toe ek so besig is daarmee, gly ek en val moer hard van die een tafel af bo-op die ander een, reg op my ribbekas. Maar al wat ek onthou van daai oggend, is hoe ek wakker word in die hotelkamer.

So, in 'n drunken haze en met gebreekte ribbes is ek my dertigs in.

Van Coke Kartel se gewildheid het stadigaan toegeneem en 'n paar weke ná my verjaarsdag is ons gebook vir twee shows op een dag. Dit het nie baie gebeur nie en ons was happy met die double booking, want ons is nie baie groot fooie betaal daardie tyd nie en elke show het gehelp. Die eerste een was by die Forbidden Fruit Festival op 'n wynplaas buite Durbanville vroeërgoedie middag. Die aand moes ons in Langebaan wees vir 'n gig by Vlakvarkgat, een van die groot party-plekke vir Langebaan locals, so 'n entjie buite die dorp. Daar word 'n klein naweek lange fees gehou en ons is die headliner.

Vroeër die week is ek gekontak deur 'n skoolvriendin, Nanette, wat werk vir 'n company wat limousines verhuur. Sy het gesien ons het twee shows die dag en bied aan om ons tussen die shows te vervoer met 'n fancy Hummer limo. Hulle sal vir ons drinks supply en ons kan lekker party in die limo, in ruil vir 'n foto by die voertuig as PR vir die maatskappy. En natuurlik is dit iets wat ons wou doen.

Die eerste show gaan goed af, al is dit vroeg in die dag met min mense voor die verhoog, maar ons is amped vir die limo ride Langebaan toe. Toe ry ek, Jedd en Jason in die silwer Hummer saam met Nanette en haar boyfriend, drink 'n paar doppe, en die oomblik wat ons by Vlakvarkgat aankom, is ons reguit bar toe. Wynand en Tarina sluit by ons aan, ook Lauren en haar pa, Jedd se neef Raph, en 'n paar van ons vriende. Ons drink 'n paar shooters en dinge is lekker. Voor die show dans ons so wild dat Jedd se neef 'n liesbreuk kry. 'n Moerse party. Soos gewoonlik.

En soos dikwels by hierdie klein festivals gebeur, loop die event laat. En soos ook al dikwels in ons geskiedenis gebeur het, is dit 'n fokop. Want ons sou begin drink en dan op 'n level wees waar ons nog kan speel as dit elfuur die aand tyd is vir ons om op die verhoog te gaan, maar dan word dit tweeuur die oggend en eers dán begin ons speel. Drie ure se ekstra drinktyd kan jou goed in jou moer stuur.

Ek onthou ons was besig om 'n baie goeie tyd te hê by die binneste bar van Vlakvarkgat, en ewe skielik skrik ek langs Lauren wakker in haar pa se huis op Langebaan. Ek maak haar wakker en vra dadelik: “Oh my fok, babe, het ons gisteraand gespeel?” Lauren het ook baie lekker geparty en sê toe: “Ja, julle het gespeel en dit was awesome. Cool show.” So sy is redelik positief oor die storie. Ek kan nie onthou ek was op die verhoog nie en kan

absoluut niks onthou van die show nie.

Daarna gaan eet ons saam met Lauren se pa ontbyt by die Langebaan-gholfbaan en stadig maar seker begin ek die stukkies bymekaarsit. Lauren se pa is 'n Langebaan local en het ook so hard geparty dat hy nie veel kan onthou nie. Maar ons tjommie, Marcus Oosthuizen, die eienaar van The Daisy Jones Bar en 'n klompie ander bars regoor die land, eet ook ontbyt by die gholfbaan. Hy was die vorige aand by die show en vertel toe vir my die oggend ek was so dronk dat ek nie self my kitaar en pedals kon opstel nie. Hy het dit vir my gedoen en die kitaar oor my skouers gehang toe ons moes begin speel. Dit kan nie goed wees nie. Maar Marcus sê al was ek moerse dronk, was die show fine. Volgens hom het ons weggekom daarmee.

Maar soos gewoonlik begin die kak die Maandag spat, toe die organiseerder die balans van ons fooi moet betaal. Hy vertel vir Wynand stories van my wat die fees se MC so uitgekak het dat sy in trane in haar kar geklim en weggejaag het. Ek het blykbaar iemand geheadbutt in die crowd, gevloek en geskel tussen songs en op 'n manier 'n uur lank op die verhoog gebly. Ek kan nie eens onthou ek was daar nie. Wynand en Jedd kan omtrent niks van die show onthou nie en Jason – wat gewoonlik die dronkste een was – kan 'n klein bietjie daarvan onthou. Ek dink ons is dalk iets betaal toe al die drama verby was, maar definitief nie ons volle fooi nie.

Dis die show wat ek altyd sal onthou as die een wat ek heeltemal vergeet het.

Jare ná hierdie show het ek vir David Scott van The Kiffness ontmoet. Sy jong band, Olinosterfant, was een van die acts daai aand op die bill by Vlakvarkgat. Dit was sy eerste Van Coke Kartel experience en hy vertel hy het gedink ons is heeltemal van ons koppe af en 'n terrible band. Jedd se meisie se pa – wat later sy skoonpa sou word – was ook daar, en dit was ook die eerste keer dat hy ons sien optree. Hy't blykbaar vir sy dogter gesê: "That isn't music."

Ons wou maar net 'n goeie tyd hê, en die party het belangriker geword as die show.

En soos ek my dertigs ingegaan het, was ek op 'n self-destruct mission.

## “Tot die son uitkom”



Die partying het oorspronklik begin as 'n manier om my vryheid uit te leef. Toe ek en my vriende destyds uit die Christen-scene van ons tienerjare uitgekom het, het ons begin jol om te wys: Fuck it all, ons is nou vry. Dis waar dit vandaan gekom het. Maar waar ander mense 'n goeie tyd het as hulle party, het dinge al hoe donkerder en donkerder geraak hoe langer ek gedrink het.

Intussen het ek darem nog goeie vriende gehad, en vir Lauren wat deur dik en dun by my gestick het, selfs al het sy die kakste deel van my gesien.

Toe ek en Jedd in 2010 begin skryf aan liedjies vir *Wie's bang* wat in 2011 vrygestel is, het die tema van die einde van die wêreld – wat volgens die Mayan-kalender in 2012 sou wees – in die lirieke deurgekom. Die hele album het 'n apokaliptiese tema, wat seker ook te make het met my eie pad na self-destruction daai tyd. Ek het gelewe asof daar nie 'n toekoms is nie, maar op die een of ander wonderbaarlike manier kon Lauren deur dit als sien wat ons kon word. Dis vir haar wat ek toe “Tot die son uitkom” geskryf het.

In daardie tyd het Die Antwoord 'n groot internasionale deurbraak toe die website Boing Boing hulle video vir “Enter the Ninja” feature en dit oornag viral raak. So twee jaar voor dit het ek die song “Doosdrunk” saam met hulle opgeneem. Die idee was aanvanklik dat dit 'n Fokofpolisiekar-Die Antwoord collab sou wees; Johnny het die musiek gemaak en ek het gesing. Ons het die song een keer live gespeel by Die Antwoord se heel eerste groot

performance by Ramfest 2009. Ek het met die opnames vir hulle gaan sing sonder dat daar gepraat is oor geld of royalties – ek wou dit graag doen, want ek was ’n moerse fan van Max Normal, Ninja van Die Antwoord se vorige projek.

Maar toe hulle dit massive strike, kry ek ’n boodskap van die publishing company wat van daar af Die Antwoord sou verteenwoordig. Hulle wil my toe uitkoop uit die song, en bied aan om my ’n eenmalige bedrag te betaal, dan hoef hulle nie oor ’n lang tyd royalties te betaal nie. Met die geld wat ek daarvoor betaal is, gaan koop ek toe vir Lauren ’n verloofring, en op 7 Januarie 2011 het ons verloof geraak. Ek is baie dankbaar dat sy nie die pad gevat het nie, want dit is baie redelik dat sy dit kon doen.

’n Jaar later, op 19 Januarie 2012, is ek en Lauren getroud. Om te trou was een van daai goed wat ek baie graag so lank moontlik wou uitstel. Ek het gedink dis deel daarvan om in normaliteit te verval, soos destyds toe ek nie my eie kar wou kry nie. Maar toe ek eers een kry, het ek besef dis eintlik baie lekker om te kan gaan waar ek wil, wanneer ek wil, so ek weet nie hoekom ek so lank teen iets so simpel gestry het nie. Trou is natuurlik ernstiger as kar koop, maar op dieselfde manier het ek ek gou besef dis ’n goeie ding.

Om te trou het dinge baie vir my verander. Dit verander ’n mens se verhouding – die commitment was nou real. Ek dra nie ’n trouing nie, ek het ’n anker op my ringvinger laat tatoeër. (Eers het ek ’n swart ring gehad, maar as mense voor die verhoog my hand gegryp het, het dit nogal seergemaak, so ek moes dit heeltyd afhaal voor shows en toe verloor ek dit op ’n keer in die huis. Lauren het dit gelukkig later gevind, maar die dag nadat ek dit verloor het, het ek die tattoo gekry.)

In hierdie tyd het ek ook ’n dier in my lewe gekry: Ringo, ’n bulldog wat ’n moerse invloed op my gehad het. Om ’n hond te kry was Lauren se idee; omdat ek so baie met Van Coke Kartel getoer het daai tyd, het sy gesê sy wil ’n hond hê om by haar te wees wanneer ek weg is. En toe ons hom kry, het ek halsoorkop verlief geraak op daardie dier. Dit was soos ons eerste kind, en hy het my ’n verantwoordelikeheidsin gegee. Ek was lief vir hom. Ringo feature meer as een keer in my lirieke en ek het twee tattoos van hom. Bulldogs is amazing, maar hulle gee mens ongelukkig ook vreeslik baie kak – hy’t baie kwale gehad, en moes ’n operasie kry om sy asemhaling te verbeter. Maar dit het my nog nader aan hom gebring. In

2017 is hy dood aan 'n hartaanval, wat vir my moerse hartseer was. Ek het hom in my tuin begrawe. Dit is moeilik om in trane 'n graf in gras te grawe.

Ná ons troue het ek en Lauren eers in Woodstock gebly. Dit was pretty much 'n bachelor pad – daar was 'n jacuzzi in die sitkamer. Van daar af het ons Bellville toe getrek, wat ook iets is waarteen my jonger self sou geprotesteer het. Maar ons wou meer ruimte vir Ringo kry en het seker in ons agterkoppe begin dink aan die moontlikheid van 'n gesin.

Intussen het Van Coke Kartel ontwikkel in 'n well-oiled machine wat rock tunes maklik kan uitpomp en al hoe groter rock shows kon gooi. Toe Jedd en Jason by ons aangesluit het, het dit nuwe gees in die band geblaas, en het dit ons 'n rede gegee om aan te hou. Jedd is 'n ontsettend talentvolle songwriter en kon dit wat ons tot in daardie stadium geskep het, en die idees wat ek gehad het, tot 'n nuwe vlak lig. Dit was ook wonderlik om hom as gitarist aan boord te hê, want dit het die load van my afgevat en ek kon toe daarop fokus om front man te wees.

Ná *Wie's bang* het ons al hoe meer critical acclaim gekry en “Tot die son uitkom” is selfs op RSG geplaylist, wat nooit met enige van die vorige Van Coke Kartel-goed sou gebeur het nie. Maar steeds was daar geen sprake van kommersiële sukses nie.

Dit was altyd 'n struggle om finansiële stabiliteit te hê. Maak nie saak hoe hard ons gewerk het nie, ons kon nooit regtig voor kom nie.

So, in 2012 het ons toe 'n meeting waar ons praat oor of dit die moeite werd is om aan te gaan met hierdie band, want die inkomste is nie regtig genoeg om mee 'n bestaan te maak nie. Ons ly elke maand 'n verlies wanneer ons ons salarisse betaal. Dit was 'n baie ernstige gesprek en dit was vir my verskriklik hartseer om te besef hierdie ding waaraan ons so hard werk, en wat in die openbare oog so suksesvol lyk, is eintlik nié. Ek kan onthou hoe Albert du Plessis van ons vorige label, Rhythm Records, in daai tyd vir ons sê as jou album deesdae gelyk breek, is jy 'n sukses. Vir ons was dit nie goed genoeg nie. En finansiël kon ons net nie uitkom nie.

Maar ons besluit toe ons gaan aanhou probeer en deurdruk. Tog dink ek Wynand het reeds in sy agterkop begin dink aan ander maniere om 'n inkomste te genereer. Toe het hy op management begin fokus, wat later op sy baie suksesvolle agentskap Valkie Van Coke sou uitloop. Maar ek het nog geen ander planne gemaak nie. Ek wou net musiek maak.

En op die oppervlak het dit half goed gegaan. Ons het aanbeweeg van 'n

band wat in dingy clubs speel tot 'n stadium rock band, en het selfs in 2011 gaan optree by 'n massiewe fees in Taiwan – met groot bands van regoor die wêreld en 'n miljoen toeskouers oor drie dae. Ons het daar gespeel vir iets soos honderdduisend mense, waaruit daar seker vyf Suid-Afrikaners was wat saamgesing het. Só was ons op 'n mission om groter en groter stuff te doen, en ons het toe ook in 2012 begin skryf aan nuwe musiek.

Maar dit was 'n weird tyd vir my, want dis ook toe dat ek besef het ek moet afscale op die partying. Ek dink baie mense saam met wie ek uitgehang het, het my net gesien as 'n party animal wat op 'n goeie vibe is, terwyl die mense wat die naaste aan my was die negatiewe sy daarvan gesien het, soos Lauren en Wynand en later Jedd, met wie ek baie op die pad was. Daar's 'n spesifieke aand wat Jedd waarskynlik my lewe gered het, want ek het op my rug gelê en kots in 'n hotelbed, en hy het op my afgekom en my omgedraai. Die negatiewe aspekte van my leefstyl het swaarder begin weeg as die positiewe.

**“I hear they’re going to tear this place down.”**



Omtrent ’n jaar ná daardie ernstige vergadering wat ons in 2012 oor Van Coke Kartel se onsekere toekoms gehad het, het ons *Bloed, sweet en trane* vrygestel. Dit sou ons laaste album wees, hoewel ons dit nie geweet het nie.

Dit was tydens die skryf van die songs op *Bloed, sweet en trane* dat ek begin probeer het om op te hou suip. Ek sou ’n maand ophou drink en dan weer ’n maand lank suip en heeltemal uitfok en dan weer vir ’n maand ophou, en so het dit aangegaan. En dit kom deur in van die lirieke op daardie album, soos in “Een dag op ’n slag”. Ek het ook daai tyd vir die eerste keer in meer as veertien jaar begin oefening doen. Ek wou my lewe in orde kry, maar dit sou nie oornag gebeur nie.

In terme van klank is *Bloed, sweet en trane* van die heavyste tunes wat ons geskryf het in Van Coke Kartel se geskiedenis. Die album is opgeneem by Theo Crous, by wie ons die heel eerste album opgeneem het. Full circle. Theo, met sy rock background, was ’n goeie ou vir ons om mee saam te werk. Vir hierdie opnames het ons vir die eerste keer alles live getrack – voorheen het ons dinge stuk vir stuk opgeneem. Só kon ons die energie vasvang soos ons dit live sou doen. En as band was ons tight genoeg om dit te doen.

*Bloed, sweet en trane* is baie goed ontvang, maar dit was steeds slegs critical acclaim, nie kommersiële sukses nie.

Teen daardie tyd het Van Coke Kartel alles gedoen wat ’n groot rock band in Suid-Afrika kon doen. Ons het toekennings gewen, die groot festivals

geheadline, gecollab saam met groot name soos Seether, en geopen vir groot international bands wat hier kom optree het, soos Alkaline Trio en Metallica.

Alkaline Trio is in 2011 deur Ramfest na Suid-Afrika toe gebring. Om saam met hulle te kon speel was vir ons 'n baie groot geleentheid, want hulle was vir my en almal in Fokofpolisiekar 'n massive influence toe ons daardie band begin het. Van Coke Kartel het drie shows vir hulle geopen en ons het deur die nag geparty saam met Matt Skiba, wat in my vroeë twintigs een van my heroes was.

Ons was 'n hele aand in sy hotelkamer – hy't al die bands wat saam met hulle opgetree het, genooi om saam met hom te gaan party in sy kamer, dis hoe cool hy is. Hy vertel my toe hoe baie hy van die flik *Invictus* hou. Dalk was hy net opgesweep omdat dit toe onlangs vrygestel is en hulle in Suid-Afrika was, maar hy het daardie aand gesê dis sy “favourite movie”. En hy en Jedd het 'n klomp The Beatles songs geluister. Jedd was nooit regtig 'n fan van Alkaline Trio nie, want hy was nooit regtig into punk nie, maar toe connect hy en Matt Skiba oor The Beatles.

Metallica, vir wie ons in 2013 by die Bellville Velodrome geopen het tydens hulle Suid-Afrikaanse toer, was wel een van Jedd se favourite bands. Hy het grootgeword op daai stuff en ken elke Metallica-solo wat daar is; hy het selfs al in 'n Metallica tribute band gespeel. Dit voel actually vir my asof sy Metallica tribute show vir hom belangriker was as enige gig wat ons ooit saam gedoen het, behalwe toe ons twee aande ná mekaar vir Metallica kon open.

Toe Jedd sy held Kirk Hammett backstage sien rondstap, was hy soos 'n kind. Ek was ook fokken amped, want vandat ek kan onthou, was daar Metallica. Enigiemand van ons generasie sal dit verstaan. Metallica se *Black*-album is soos *Nirvana Unplugged*, iets waarna almal geluister het.

Dit was nie die eerste keer dat ek 'n verhoog met Metallica deel nie. In 2006 was Fokof in 'n line-up saam met hulle by die Groenpunt-stadion vir die Coca-Cola Colab Massive Mix (My Coke Fest). Groot international acts soos Live, Seether, Collective Soul en The Rasmus was daar, saam met local bands soos ons, The Parlotones, Flat Stanley en Prime Circle. Dié dag het ek 'n moerse hangover gehad. Ons was een van die eerste bands in die line-up, so ons speel al die oggend. Omdat ek nie great gevoel het nie, met 'n moerse hangover, kots ek toe op die verhoog, en dit wys op die big

screen vir almal in die stadion om te sien.

Ná ons set is ons na die VIP-area in die middel van die stadion, waartoe al die bands en die media toegang gehad het. Ons gaan hang daar en begin hard te party. Die hele tyd slip ons vir ons vriende wat by die festival is bandjies om by die VIP-area in te kom; ons haal ons s'n af en gee dit vir hulle deur die draad aan. Natuurlik word ons later uitgevang en ek onthou hoe ek in 'n stadium staan en skree op 'n bouncer wat my nie weer wou laat inkom nie. Omdat ons so 'n klomp van ons vriende laat ingaan het, het hulle ons uitgegooi. Ek moes kyk hoe sit van my vriende – wat geen connection met die show het nie – daar binne, besig om massages te kry. Ek gaan sit toe op die pawiljoen en die res van die dag is 'n blur. Ek kan nie eens onthou Metallica het daai aand gespeel nie.

So, die aand by die Velodrome in 2013 was vir my befok, want nie net open Van Coke Kartel vir Metallica nie, dit is ook die eerste keer dat ek hulle behoorlik kon sien speel. En ons kry die geleentheid om die band te ontmoet.

Daar was 'n spesiale practice room vir hulle opgestel in 'n container buite die venue, want hulle warm op voor 'n show. Hulle was nog besig om te jam toe ons van die verhoog afkom, en ons staan daar en wag om hulle te ontmoet. Lauren en Tarina is ook daar die aand, maar daar word vir ons gesê hulle mag nie naby kom nie; net ons band en een kamera, niks verder nie. Niks mag gesign word deur die band nie. Heavy strict security.

Uiteindelik kom Metallica na ons toe aangestap, larger than life, die grootste metal band van alle tye. Lars Ulrich en Rob Trujillo groet baie vriendelik; mens hoor altyd Lars Ulrich is 'n doos, maar hy was super nice. En van agter hulle verskyn James Hetfield en gaan so met sy growwe stem en vet Amerikaanse aksent: “Yeah, yeah, so who’s the singer?” Ek staan daar in verwondering en kan skaars uitkry: “Hi, it’s me, Francois, I’m the singer.” En eager om te praise sê ek: “It’s so incredible, we grew up with your music, I just live down the road from here and it’s so insane that you’re playing in Bellville, my home town. It’s so amazing that you are here.” En toe’s James soos: “I hear they’re going to tear this place down.” En ek antwoord: “Yeah, man, yeah, they’re going to tear the place down, they’re going to go crazy.” Maar wat hy eintlik bedoel het, is dat hy vroeër die dag by iemand gehoor het dat die Velodrome gesloop gaan word, dit was die storie. En die venue sou daarmee heen wees. En ek sien so half op

sy gesig hy besef ek het geen idee waarvan hy praat nie. En hy sê: “Yeah, man, we tear it down every night.”

So, my enigste gesprek met James Hetfield het glad nie uitgewerk nie. Ek het ’n minuut gehad en ek het net my naam gat gemaak.

Maar ten spyte daarvan dat Van Coke Kartel toe al op ’n plek was waar ons kon open vir sulke groot acts, was die realiteit dat die band steeds nie regtig finansieel kon uitkom nie. Die mark – ek haat dit om daai woord te gebruik in terme van musiek – was net nie groot genoeg vir ons nie. Daar was te min mense wat geluister het na harde rock in Afrikaans vir ons om ’n bestaan daaruit te kan maak.

So, ons het weer by daai crossroads gekom waar ons moes besluit wat volgende. Wynand het reeds sy mind begin opmaak oor hoe hy bands gaan manage en Jason het besluit hy gaan oorsee, want hy wou kyk of hy dit daar kan crack en vir ’n groot band in Amerika speel. En dit was eintlik reeds die einde van Van Coke Kartel.

Daarna, in 2014, het ons ’n ander drummer gekry, Dylan Hunt, om saam met ons te speel. Ons besluit toe ons gaan nie ’n album skryf nie, ons wil nou eers gewoon raak daaraan om saam met Dylan te jol, maar die dynamic was nooit weer dieselfde nie. Dylan was ’n awesome dude, maar Jason was die eerste en enigste drummer met wie die dynamic in Van Coke Kartel werklik reg was.

Dit was vir my moeilik om te aanvaar dat die band verby is, want dit was vir amper ’n dekade ons hooffokus. Dit was vir my swaar dat hierdie ding ook tot niet gaan omdat ander mense ander goed wil doen met hulle lewe.

Nadat Jason uit Van Coke Kartel uit is, het dinge nie heeltemal reg gevoel nie. Fokofpolisiekar was nou wel in dié tyd nie totaal onaktief nie, maar dit het ook vir my gevoel asof ons nie regtig besig is om iets te doen nie. Ons het hier en daar ’n show saam gedoen, maar min saam geskryf aan nuwe songs. In die tyd toe ek besig was met Van Coke Kartel, het Fokofpolisiekar net die *Antibiotika*-EP en die singles “Dagdrunk” en “Paranoia” opgeneem – ses songs in ses jaar. ’n Ruk lank het Fokofpolisiekar byna soos ’n side project gevoel.

Ek dink toe dis tyd dat ek vir myself iets doen; iets anders; iets waarvan ek ewe veel hou as van my ander bands, maar wat glad nie klink soos Van Coke Kartel of Fokofpolisiekar nie. En ek begin toe op my eie songs skryf.

## “Toe vind ek jou”



As mense my vra hoekom dink ek “Toe vind ek jou” is so ’n spesiale song, sê ek altyd ek dink dis omdat dit so eerlik is. Maar dis nie asof alles wat ek voor dit geskryf het óneerlik was nie. Ek dink dit gaan meer oor hoe die regte goed op die regte tyd bymekaargekom het.

In Van Coke Kartel se laaste dae het ek en Jedd begin met acoustic shows waar ons Van Coke Kartel en Fokofpolisiekar songs gedoen het, maar dit was gebill as Francois van Coke. Ons doen toe ’n toer saam met Arno Carstens. Hy is al my ultimate hero sedert ek op die ouderdom van veertien die eerste keer die Springbok Nude Girls se *Neanderthal 1* gehoor het. Amper so belangrik soos Nirvana en Pearl Jam in my lewe was, was die Springbok Nude Girls. Hulle het vir ons as jong laities gewys jy kan hier in Suid-Afrika in ’n goeie rock band wees. Meer nog, jy kan van Bellville af kom en in ’n band wees, want Theo Crous en Adriaan Brand is van Bellville. Hulle het vir ons gewys wat moontlik is.

Die Springbok Nude Girls het destyds net een song in Afrikaans gedoen, “Papa ek wil ’n popster word”, wat ongelooflik cool was om te hoor toe ons jonk was, en dit moes ons sekerlik beïnvloed het om daaraan te dink om ook Afrikaanse rock te doen. Tydens my grootwordjare was daar min glimpes van hoe Afrikaans cool kan wees, en daardie song was een daarvan.

Ek en Arno het oor die jare tussen festival backstages en langs bars vriende geraak en een aand het die komediant Rob van Vuuren ons twee

gebook vir 'n comedy show – ek het een song gespeel en Arno een. Dis waar ons toe aan die gesels raak en die idee vir die duo-toer ontstaan het. Op die ou end sou ons die land plattoer, van klein kroeë tot groot verhoë, soos by die Grahamstown Festival en Rocking the Daisies. Dit was vir my 'n belewenis, want Arno bly my hero. Op 'n keer tydens die toer moes ons selfs op een bed slaap.

Een aand het ons in Joburg gaan oorbly by vriende van hom, mense met 'n baie nice huis. Die ou het 'n platespeler gehad en hy't 'n klomp vinyls gespeel. Daardie aand het ek nie gedrink nie, maar baie zol gerook. Só luister ons vinyls, praat baie kak, en eventually sit Arno se vriend Pixies se nuwe album op (wat toe pas verskyn het). Dié vang ons toe heeltemal onkant en ons is mesmerised. Ons is almal soos: Fuckit, dit is unbelievable, hierdie nuwe direction wat Pixies ingeslaan het, so heeltemal anders en strange en amazing. Maar toe ons so by die derde song kom, sien ons die platespeler speel teen die verkeerde tempo en ons luister nog die hele tyd na die musiek in slow motion. Maar ons het imagine dis 'n totale reinvention.

Ek en Arno was 'n weird team. Ons albei het in daardie stadium nogal hard geparty – so, sommige aande sou ek te dronk raak en ander aande weer hy. Maar dit was lekker om die shows saam met hierdie eksentrieke dude te speel en ons het goeie tjommies geword. Later sou ons ook saam sing op “Ek weet nie” vir my eerste solo-album, en dit was vir my 'n moerse voorreg om vir hom lirieke te skryf. Arno het al vir my gesê dat die tyd wat ons saam spandeer en getoer het, hom beïnvloed het en bygedra het daartoe dat hy in 2016 'n Afrikaanse album, *Die Aandblom 13*, vrygestel het. Ek dink daardie album is amazing.

In die tyd rondom hierdie toer het die solo-ding stadig maar seker vorm aangeneem. Ek en Jedd het saam “Moontlik nooit” geskryf, wat ons toe met Sheldon Yoko (op tromme) gaan opneem het by Sunset Studios buite Stellenbosch. Hierdie eerste weergawe van die song het nog nie heeltemal reg gevoel nie.

En toe, op een van die solo-toere wat ek en Jedd doen, raak ons op Potchefstroom aan die kuier saam met twee negentienjarige laaities, Dolf Willemse en Francois de Klerk. Hulle sê vir ons hulle is producers. Deur die loop van die aand speel ek vir hulle die opname van “Moontlik nooit” en hulle sê ek moet die song vir hulle gee om iets daarmee te probeer doen. Toe rework hulle dit heeltemal en help só om vir my 'n nuwe sound te skep,

wat toe oorgedra is na my eerste solo-album. Toe ek hulle produksie van “Moontlik nooit” die eerste keer hoor, was ek soos: Fuck, hierdie kan dalk ’n solo-album word! Later sou Dolf deel word van my band Die Gevaar.

Ek het hierdie solo songs geskryf sonder om werklik te weet waarheen ek daarmee op pad is, maar dit was die begin van ’n heeltemal nuwe hoofstuk in my lewe.

In hierdie tyd het ek op persoonlike vlak op ’n plek gekom waar ek besef het: I’ve had enough of this crazy, fucked-up vibe. Ek het toe reeds ’n ruk lank probeer om op te hou drink en het ’n klomp verskillende maniere gevind om dit te doen. Ek kon vir twee weke of ’n maand ophou, maar dan raak die lewe te boring en moet ek maar weer bietjie drink. Dit sou begin met ’n light bier by ’n braai, maar nooit daar stop nie – die volgende dag sou ek heeltemal uitfok en blackout.

In die tyd wat ek so aan en af gedrink het, het ek en Lauren een Saterdag na ’n show by The Assembly in Kaapstad gegaan. Dit was ’n massiewe party, die straat voor die venue was toegemaak en daar was ’n groot tequila sponsor. Ons het van Bellville af deurgedryf met my bakkie, want ek het gesê ek gaan nie drink die aand nie. En toe drink ek een tequila en besef ek gaan nou maar fucked raak.

Langs Assembly was daar ’n parkeerarea met ’n veiligheidshek waar ek my bakkie parkeer het. Toe dit tyd raak om huis toe te gaan, wil ons ’n taxi kry om ons terug te neem Bellville toe. Maar ek dink toe ek kan nie my bakkie vir die nag daar los nie, want dalk sluit hulle die parkeerarea op ’n Sondag en kan ek dit nie dan kry nie. Ek sê toe vir Lauren, kom ons klim in die bakkie en ons gaan park dit voor ons ou huis in Buitenkantstraat, net ’n paar strate op, dan kry ons van daar af ’n taxi. Ek was completely wasted, make no mistake. En ons ry uit die parkeerarea uit en in ’n one-way op, en daar staan ’n polisiekar in die pad. Ek weet toe onmiddellik: Hier word ek nou gearresteer vir dronkbestuur, ek is heeltemal in my moer in.

Toe die polisieman my stop, het ek sommer reeds begin om my belt en veters los te maak en uit te trek, want ek ken mos dié storie.

Gelukkig was Lauren saam met my, want as sy nie was nie, sou sy dalk haar kop verloor het van bekommernis oor wat van my geword het. Sy freak egter steeds uit.

Ek is gearresteer en moes die aand in Buitenkantstraat se selle deurbring. Dit was een van die slegste ervarings van my lewe. Sedert daardie eerste

keer dat ek in Oudtshoorn in die dronksel gegooi is, is ek nog 'n paar keer vir oproerige gedrag en dronkwees op straat in selle gegooi. Maar hierdie keer was anders, want nou's ek nie meer in my vroeë twintigs met min bekommernisse nie. Nou's ek getroud, in my middel-dertigs en veronderstel om verantwoordelik te wees.

My bloed is getrek, ek is stuck in die sel, en Lauren moet gaan oorslaap by haar suster, Megan. En om als te kroon, is dit die aand wat Megan verloof geraak het. Lauren moet by haar en Philip (wat nou my swaer is) crash op die aand van hulle verlowing omdat ek gearresteer is, en die volgende oggend moes hulle my kom haal by die selle. Soos 'n skurk.

Tyd gaan ongelooflik stadig verby as jy in 'n tronksel is. Minute voel soos ure. Ek weet nie hoe mense wat lank tronk toe gaan dit uithou nie, want dis nou seker my grootste vrees in die lewe: om in die tronk te moet wees.

Eers was daar 'n ou saam met my, 'n dodgy karakter wie se vingerafdrukke en ID-nommer nie gematch het nie. Later is hy uitgehaal en ek is toe alleen in die sel. Toe hulle hom kom uithaal, het ek geskree: "Wanneer laat julle my uit?" Ek kon nie slaap nie, ek het op die plek begin draf om myself moeg te maak. En net toe ek gaan lê, kom haal hulle my en sê ek kan nou gaan.

Hierdie keer is daar mug shots en vingerafdrukke geneem, the works. Nie soos die vorige kere wat ek net na die dronksel toe gegaan het nie; hierdie was proper vibes en ek het geweet daar gaan ernstige nagevolge wees.

Dit was net nog iets wat my laat besef het dis nou tyd dat hierdie drinkloopbaan van my eindig. Alles het net begin verkeerd loop. As ek uitgaan en drink, sal ek óf met iemand fight óf moet jammer sê vir iets óf 'n show opfok. En nou het ek nog in hierdie kak opgeëindig ook.

Maar steeds kon ek nie ophou nie.

En toe, ná nog 'n moerse party in Pretoria, 'n naweek van shows en booze en blackouts, het ek by die huis gekom en rehab centres begin bel, want ek moes 'n manier vind om op te hou drink en ek kon dit duidelik nie op my eie doen nie.

Toe besef ek as ek rehab toe wil gaan, sal ek myself vir minstens drie weke moet inbook vir my mediese fonds om dit te cover. Maar dit het my nie gekeer nie; ek besluit toe ek moet eenvoudig 'n manier vind waarop ek dit kan doen én aanhou met shows, want ek moes geld verdien. Ek kom toe

op 'n ou af wat 'n treatment-program doen in die Paarl, waar ek kon inbook as 'n out-patient.

Dit was in die middel van die skryf van my eerste solo-album. Daarom is daar songs op die album soos “Skree”, waar ek sing “Sit jou dop in die lug / Dit is tyd om te rus”, wat gaan oor losbreek en party uit suburbia uit. Maar toe kom daar ook songs nadat ek sober geraak het, soos “Toe vind ek jou”.

Om sober te word was 'n groot deel van “Toe vind ek jou”. Want nadat ek reeds besluit het om op te hou drink, het ek en Karen Zoid bymekaargekom om 'n song te skryf – iets waaroor ons toe al lank praat. Sy was 'n groot fan van “Tot die son uitkom”, wat van die eerste kere was dat ek my fragile kant gewys het. Sy't dit tydens een van haar shows gespeel en ons het dit op haar TV show *Republiek van Zoid-Afrika* perform, waarna sy vir my gesê het ons moet 'n song saam skryf.

Ek het na haar huis toe gegaan op Stellenbosch en net vir haar begin vertel ek gaan deur 'n moeilike tyd. Ek weet nie hoeveel details ek werklik gegee het nie, maar sy't geweet ek gaan deur persoonlike veranderinge en ek wil 'n song skryf waarin ek vir Lauren sê dit gaan nou anders wees; ek het so opgefok in die verlede en ek het vir jou die lewe so moeilik gemaak, ek wil anders wees van nou af.

Al daai jare wat ek so hard gesuip het, het Lauren elke keer as ek uitgaan, gedink ek kan dalk doodgaan. Dit is hoe heavy dit was. Maar sy't deur al daai goed gestick by my, my liefgehad vir wie ek was en gedeel met al hierdie kak, en ek dink sy't maar net gehoop daar gaan 'n einde kom. En dit was die oomblik wat ek gesê het: Dis nou die einde, ek is klaar.

Toe ek die dag daar by Karen aankom, was al wat ek toe reeds vir die song gehad het die woorde “Geen pretensie, geen beheer” en iets soos “Vanaand vir die laaste keer”, wat toe geword het: “Ek lê my wapens neer, vanaand vir die eerste keer.” Ons het by haar huis die eerste verse en die chorus aanmekaargesit en toe het sy nog 'n skryf-session by my huis in Bellville kom doen.

Aanvanklik het die song heeltemal anders geklink; dit het so 'n bietjie van 'n African feel gehad. Toe neem ons dit na Theo Crous en die eerste rowwe version van die song wat ons daar neergelê het, het dit weer in 'n harde rock song laat verander. Daarna het ek met Hunter gesels oor die styl van die song en hy't 'n paar goeie voorstelle gehad. (Dis ook hy wat voorgestel het ons noem die song “Toe vind ek jou” – aanvanklik was die

titel “Geen pretensie, geen beheer”.) Die derde probeerslag was toe die regte een, en Jedd het die intro riff daarvoor geskryf. Ons gaan neem dit toe weer op by Theo Crous se Bellville Studios, met Sheldon Yoko op tromme. Ek en almal wat betrokke was daarby het van daardie oomblik af besef dis ’n spesiale song.

Toe ek dit die eerste keer vir Lauren speel, het sy gehuil.

Ek het dit vir van my vriende gespeel, en almal se reaksie was dieselfde: Dis iets besonders. Selfs my grootste metalhead-vriend Alan Meyer het hoendervleis gekry toe hy dit die eerste keer hoor.

Maar ek het nie geweet hoe ander mense daarop sal reageer nie. Op die album is daar baie meer rock-orientated songs en “Toe vind ek jou” se styl is eintlik meer country.

So het ek in 2015 voortgegaan met die skryf en opneem van hierdie eerste solo-album, maar om dit in die eerste plek te finance, was ’n uitdaging. Ek het uit my eie sak betaal vir die opneem van die eerste song, maar het nie die geld gehad vir ’n hele album nie. Hunter en Pierre Greeff van Die Heuwels Fantasties het ’n label genaamd Supra Familias. Hulle betaal toe vir die album en ek het dit opgeneem op ’n klomp verskillende plekke, in verskillende studios en saam met verskillende producers. Iemand het vir ons ’n huis in Blouberg geleen waar ons ’n home studio kon opstel; dis toe waar Laudo en Arno hulle vocals kom opneem. Die bure het kom kla oor die harde kitaar-amps wat in die middel van die dag sonder soundproofing in die burbs gespeel word, maar dit was die enigste manier waarop ons dit goedkoop genoeg kon doen.

Ons begroting was tight. Pierre het gesê hy kan vir my R15 000 beskikbaar stel vir “Toe vind ek jou” se musiekvideo; dis die volle budget. Ek sê toe vir die director, Quinton Lavery, dis al wat ek het, sit net vir my en Karen in ’n kamer en neem dit af, asseblief. Hy kom toe vorendag met die idee van die lampies wat aan- en afskakel, want dit was budget-friendly.

Ek was so gespanne voor daai album uitgekom het, dat ek vir twee weke moes slaappille drink net om te kan slaap. Ek het geweet dit is nou maak of breek. My vriend Hugo Olivier herinner my graag daaraan dat ek tydens die skryfproses vir hom gesê het dat as hierdie nie uitwerk nie, sal ek en Lauren oorsee moet trek om daar Engels te gaan teach.

Dit was my laaste go. Alles was op die line. En dit is hoekom ek so gestres was daaroor. This was it. Of nie.

Die oggend van my album release sit ek negeuur by my huis in Bellville en maak die musiekvideo vir “Toe vind ek jou” live op YouTube. Van daar af is ek na ’n rehearsal met Die Gevaar, want die eerste gig was daai aand. Teen middagete was daar twintigduisend views – dit was completely unheard of, dit was ongelooflik. En teen die einde van die dag was daar negentigduisend views. Voor ons gig daai aand het mense vir my video’s begin stuur van hulle kinders wat die liedjie sing, en dit is iets wat nog nooit (tot in daardie stadium) met my gebeur het nie. Ek sou nooit kon droom dat daardie duisende views uiteindelik sou oorgaan na miljoene nie.

Duidelik was hierdie song iets waarby mense dadelik aanklank gevind het. Op ’n groot manier. Dit was die perfekte manier om ’n solo-loopbaan af te skop; ek kon nie vir beter gevra het nie. En toe kom die album uit met ’n moerse bang, en moes ek weer vir omtrent twee weke slaappille drink om oor die opwinding daarvan te kom.

“Toe vind ek jou” het alles verander. Karen het baie daartoe bygedra. Sy’t my gehelp om vulnerable te wees deur my te lei in die skryfproses, my gelei om goed te sê wat ek nie noodwendig sou nie, en ek sal haar vir ewig dankbaar wees daarvoor. Ons was twee mense met rock backgrounds wat saam hierdie intieme song doen, maar alles het net reg align op daai oomblik en dit het perfek uitgewerk.

Daar is my lewe voor “Toe vind ek jou” en my lewe ná “Toe vind ek jou”. En die beauty daarvan is dat dit iets is wat ek regtig net nodig gehad het om vir my vrou te sê.

## “Om in jou oë te kyk”



Dit was aanvanklik ’n moerse aanpassing om sober te raak, maar ek sal dit vandag nooit anders wou hê nie. Ek het altyd gedink ’n groot deel van Fokofpolisiekar se charm was dat ons geparty het met die fans. En toe ek sober raak, moes ek ’n besluit neem dat daardie tyd verby is. I’ve done that, dis nou klaar. Nou, ná ’n show, gaan my band dalk steeds uit en party, maar ek gaan hotel toe, en in die tour van eet ek roomys.

En toe het ouerskap my ook verander. Meer as wat ek ooit kon dink.

Toe ek jonk was, het ek dalk gedroom ek wil eendag baie tattoos hê, maar ek kan nie onthou dat ek ooit daaraan gedink het dat ek eendag ’n kind wil hê nie. En ek reken Lauren het vir die oorgrote deel van ons verhouding ook nie gedink ek is reg om ’n pa te wees nie. Maar van die oomblik dat ons besluit het om ’n baba te hê, het dit vir my begin voel dat ek meer oop word vir die idee. En toe Lauren in 2016 swanger raak, het babas vir die eerste keer vir my begin cute lyk.

Intussen begin ek toe skryf aan my tweede solo-album, *Hierdie is die lewe*. Ná die sukses van “Toe vind ek jou” was dit nogal moeilik om nie die druk te voel om dit weer reg te kry nie. Ek het geworstel met vrae oor wie na “Toe vind ek jou” luister, gewonder of dieselfde mense gaan hou van wat ek nou doen. Dit het deurentyd die skryfproses beïnvloed, en miskien nie op ’n goeie manier nie. Ek het heeltyd gedink ek wil nie toelaat dat die sukses van “Toe vind ek jou” so ’n groot invloed moes hê nie, want ’n mens kan nooit ’n song recreate nie; jy gaan nie die magic wat jy die eerste keer

vasgevang het, presies kan herhaal nie. Tog het dit 'n rol gespeel in wat ek toe skryf, en ek speel dit toe eintlik te veilig.

*Hierdie is die lewe* is die enigste album sonder enige vloekwoorde waaraan ek ooit gewerk het. Ek het ook in daardie tyd baie geluister na The Traveling Wilburys, Jeff Lynne en The Beach Boys, en dit het 'n groot invloed gehad op die album se klank. Dit was lost op die fans wat hou van rock en punk, they didn't get that at all. Daar is songs op daardie album wat heeltemal in die atmosfeer in verdwyn het, wat niemand sal onthou nie omdat dit so anders is as die goed wat ek voorheen en daarna gedoen het. (Later, met *Dagdrome in suburbia*, het ek doelbewus weer heavier, wilder tunes geskep.)

En tog het ek met die skryf van *Hierdie is die lewe* 'n dream team gevind in die vorm van Dolf en Johnny, wat dit produce het in Johnny se studio, en die musiek is net deur Die Gevaar gemaak, daar was geen collabs nie. Vir daai tyd was dit presies wat ek wou doen en daar is groot songs op die album, soos “Dit raak beter” en “Die wêreld is mal”, maar ek dink as geheel het dit die teiken bietjie gemis. Ek het wel die lirieke aangepak soos ek nog altyd het: om so eerlik as moontlik te probeer wees. Ek het geskryf oor waar ek vandaan kom en wie ek op daardie oomblik was.

My dogtertjie, Alex, is op 7 November 2016 gebore, net 'n paar dae voor ons die eerste single gedrop het vir *Hierdie is die lewe*. En ek reken die feit dat ek op pad was om pa te word, het ook 'n invloed gehad op wat ek geskryf het op daardie album en hoe veilig dit is. Want ek het gedink: Ek gaan nou 'n kind hê, ek moet nou die boxes tick sodat ek kan voortbou op die sukses van “Toe vind ek jou”. Gelukkig het ek later oor daai idee gekom en besef mense is into my musiek oor al die songs wat ek al gemaak het, nie omdat ek elke keer dieselfde songs moet maak om hulle tevrede te stel nie.

En toe ek Alex se blou oë die eerste keer sien, het ek besef: In hierdie oë gaan ek vir die res van my lewe kan vaskyk. En dit het dadelik alles verander. Dit wat belangrik was voor jy 'n kind het, is skielik nie meer belangrik nie. Alles gaan nou oor haar. En dit is 'n befokte ding wat in 'n mens se lewe gebeur, want hoewel dit instantly moeiliker en meer uitdagend is, is alles soveel meer vervullend. Ek was nou op 'n nuwe level.

Musiek het altyd eerste gekom, tot ek 'n familie gekry het; nou kom my familie eerste.

Van die begin af was ek heeltemal verlief op Alex, al was sy nogal 'n

moeilike baba. Sy was koliekerig en het my en Lauren baie slapelose nagte besorg – ons het meer op mekaar gevloek in die eerste drie maande as ooit voorheen of daarna. Sy het baie gehuil en ons het alles in ons vermoë gedoen om dit beter te maak, van koliek-ghoeroes tot chiropractors. Mens voel asof dit nooit gaan eindig nie, maar eventually gaan die moeilike tyd ook verby, vinniger as wat jy besef.

En dis asof daar kleur in die prentjie gekom het vandat sy hier is. Van toe af is die lewe net soveel beter.

Ek wou vroeg al vir Alex gewoonnd maak aan water. Ons het 'n swembad by die huis en ek wou net hê sy moet kan swem, want ek doen dit baie – ek spring elke dag nadat ek geoefen het in die swembad. So, ek het haar vir swemlesse begin neem nog voor sy kon loop, sy was seker so tien maande oud. Dit was ook 'n bonding-tyd vir ons twee. My en haar *thang*.

'n Paar maande nadat ons daarmee begin het, gaan tel ek haar eendag by die dagsorg op en ry met haar na die plek waar sy die lesse kry. Toe ek met my bakkie buite die swemplek stop, ruik ek sy het in haar nappy gekak. Maar dit was nie die gewone reuk nie, ek kon agterkom hier is iets ernstigs aan die gang. Ek tel haar uit haar karstoeltjie uit en sien dié poef het die nappy verlaat. As jy 'n ouer is, sal jy daardie soort poo-poo verstaan. Deur die doek, by haar bene af tot in haar sokkies. Ek moes 'n plan maak.

Gaan ek so met haar in en probeer die swemles aanpak nadat ek haar skoongemaak het? Gaan ek net hier uitry en so vinnig moontlik by die huis uitkom? Tussenin bel ek vir Lauren: “Babe, sy het haar hele broek volgekak. Die grootste kak ooit. Wat moet ek doen? Help!” Maar wat kan Lauren doen? Sy probeer my moed inpraat en vra dat ek net kalm bly. Ek kon nie. Dit was te erg.

Ek neem toe my besluit. Ons gaan nie vandag swem nie, ek kan haar nie só hier invat nie. Dit is te embarrassing vir my en vir haar en dit gaan te erg wees om haar daar voor die ander mammas te probeer skoonmaak. Maar ek kan haar ook nie in haar eie poef laat sit nie, ek kan nie net so huis toe ry nie. Ek sal haar in die bakkie moet skoonmaak en dan huis toe jaag sodat Lauren kan help. Ek besluit die voorste passasiersitplek is die beste plek om dit te doen. Ek kry die vuil broek af en stop dit net so met kak en al in die kar se deur – terwyl Alex baie gelukkig sing-sê: “Swem, swem, swem, swem.” Sy was duidelik nog gereed daarvoor. Ook die vuil doek gryp ek net so en prop dit in die deur. Daar's 'n streep kak teen die deur af. Poef op my

hande en arms. Ek gebruik seker honderd wet wipes om alles skoon te probeer vee, maar ek en Alex ruik steeds al twee na poo-poo and a dash of kaka.

So skoon as moontlik, met 'n nuwe doek en nuwe klere, het ek vir Alex terug in die seat en ek gaan nou huis toe jaag.

Ek trek weg met 'n moerse spoed, erg gerattle, en reverse-jaag reg in 'n stilstaande kar vas in die straat buite die parkeerarea. My goeie fok! Dit is een van die swemouers s'n en ek sal moet ingaan om die eienaar te soek. Daar moet ek toe in elk geval by die swemles in, stink pappa en stinkie Alex. Ek loop in Alex se sweminstrukteur, Suné, vas met die ingaan: "Ek het in iemand vasgery! Daar is kak op ons! Help!"

Ek kry toe die kar se eienaar. Sy dogtertjie het gewoonlik saam met Alex geswem, so ons ken mekaar darem so 'n bietjie. Hy was baie nice en het sy details vir my gegee vir die versekering. Ek het Alex by die huis gaan aflaai, my arms gewas en die ongeluk by die polisiestasie gaan aanmeld. Die volgende dag het ek my versekering gebel en die storie vertel presies soos dit gebeur het. Die dame met wie ek gepraat het, het lekker gelag, die geld is uitbetaal en albei motors is reggemaak.

Ek en my seun, Max, gaan steeds na daardie swemskool.

## Die Bende



Toe Van Coke Kartel, Die Heuwels Fantasties en aKING baie aktief was, het Fokofpolisiekar 'n backseat gevat en 'n ruk lank soort van ons almal se side project geword. Die band het maar per geleentheid gespeel en in daardie jare net enkele songs opgeneem. Die plan was egter altyd om nog 'n album te maak – van 2008 af het ons vir Fokof fans gesê dit is op pad, maar dit sou nog amper 'n dekade neem vir dit om te realiseer.

In 2017 kom Wynand toe vorendag met die idee dat ons dit crowdfund. Dit sou ons in staat stel om die album onafhanklik op te neem en met die songs te doen wat ons wil. Ons het geweet daar is mense wat die campaign sal ondersteun, want ek is aanhoudend deur fans gevra wanneer kom hierdie nuwe Fokof stuff uit.

Wynand stel toe 'n e-commerce-winkel op in die vorm van 'n crowdfunding-projek. Vir elke bydrae wat jy lewer, het jy 'n cool reward gekry, van vinyls tot T-shirts, maar as deel van die crowdfunding het ons ook allerhande weird shit gedoen. Die vreemdste daarvan was seker toe ons 'n private show vir 'n couple in 'n hotelkamer gaan speel het; acoustic, maar Snake het 'n klein kickdrum gespeel. Die ou het 'n klomp geld daarvoor betaal. Dit was crazy, insane en ook amazing. Ons het eers die aand saam met hulle geëet en gesels oor alles van politiek tot geloof. Daarna is ons na hulle kamer toe, waar ons vir hulle die songs jol. Tussendeur rook die couple 'n joint saam met Hunter. Die girl raak toe so

gerook dat sy met green fever op die bed gaan lê en die man het die res van die show alleen gekyk. Dit was baie funny. En baie weird.

Maar die crowdfunding was 'n reusesukses. Die campaign het gerun vir dertig dae, maar binne die eerste nege het ons reeds die geld ingesamel wat ons benodig het. Ons het op die ou end dubbel soveel bymekaargemaak as wat ons beoog het en kon alles cover wat ons wou doen met die opname.

Toe is die pressure aan, met 'n klomp mense wat basically geld belê het in die album – ons kon dit nie opfok nie. En die resultaat was *Selfmedikasie*.

Ek hou baie van daai album. Party mense het gesê dis 'n bietjie van 'n pop-album, which I don't get at all. En dan het mense ook gesê hulle kan my solo vibe of Die Heuwels daarin hoor, maar ek dink ook nie so nie. Ek dink wat Fokofpolisiekar Fokofpolisiekar maak, is Johnny wat die klank skep en Hunter se lirieke. Dit is wat dit heeltemal onderskei van enigiets anders wat ons doen. Ek dink op *Selfmedikasie* cover ons al die bases, daar's punk stuff, daar's heavy tunes, en arguably ons grootste song van alle tye – en my gunsteling-Fokof-song – is daarop: “Komma”.

Fokofpolisiekar het nie geëindig met *Selfmedikasie* nie. Ons is permanent aan die gang. In 2018 het ons die EP *Droom hoog* vrygestel, en in 2020 – die jaar van Covid – nog een opgeneem: *Kajuitkoors*. Dis al ons soveelste EP, ons is mos die konings van EPs. Vollengte-albums is nog net vir die old school-mense en die grootste fans. Deesdae sal die kids vir ons by shows sê: “Ek het al jou liedjies op my foon!” en nie “Ek love hierdie of daai album” nie. Maar in 2023 het ons tog weer 'n vollengte-album gedoen, *Dans deur die donker*, tans my gunsteling-Fokof-album.

Fokof is iets wat ons vir ewig gaan doen, totdat een van ons doodgaan. Ek dink nie ons sal ooit opbreek as gevolg van 'n fight of iets nie; dis nou al meer as twee dekades en ons is regtig vriende. Daar's min goed waarom ons soveel verskil dat dit tot by 'n fight sal kom, behalwe vir die physical fights tussen my en Wynand meer as tien jaar terug. Elke ou doen sy ding, pas in sy plek, en dit werk net.

## En vriende



Fokof is die oorspronklike bende. Maar die bende-ding bly vir my belangrik, want ek werk die beste in 'n groep, ek werk nie so goed alleen nie. Daarom wou ek graag 'n solid band hê toe ek met my solo-loopbaan begin. Dis hoe Die Gevaar, met Jedd Kossew, Dolf Willemse, Sheldon Yoko en Richard Onraet, gestig is.

Ek voel geseënd dat ek vir agt jaar saam met die oorspronklike Die Gevaar kon speel. Dit was regtig 'n spesiale groep musikante bymekaar. Maar in 'n solo vibe soos wat ek aan die gang het, is dit onmoontlik om 'n band vir ewig dieselfde te hou. Dis tough om 'n session musician in Suid-Afrika te wees en as die ouens in my band ander planne het wat hul lewens gaan verbeter, hoe kan ek hulle terughou? Jedd, Dolf en Sheldon het intussen loopbaanskuiwe gemaak en hulle plek is opgeneem deur Pierre de la Porté (tromme), Kyle Botha (kitaar) en Stefan Mynhardt (bass). Hulle is jonk, talentvol en fokken amped.

Op dié stadium is Richard die enigste persoon wat oor is van die oorspronklike band en ek hoop hy sal nog so lank moontlik saam met my werk.

Toe Richard nog 'n laaitie was, was hy in 'n band genaamd Peter Poon. Hy't sulke groot opgeteasede hare gehad en hy't bass gespeel – hulle het eenkeer die Rockspaaider-kompetisie gewen, en ek het hulle op 'n Sondagmiddag by die Waterfront se amfiteater sien speel – heel toevallig was ek en Lauren die dag daar. Daarna kom Richard eenkeer by 'n Van

Coke Kartel show na Wynand toe en sê met baie selfvertroue hy wil vir ons kitaar speel. Ek was soos: Fok dit, ek gaan nie hierdie jong laaitie deel van ons band maak nie, hy's soos tien jaar jonger as ek, daar's nie 'n kans nie. (Dit was voor Jedd in die prentjie gekom het, en ons het nog nie besef dat ons 'n lead gitarist nodig gehad het nie.)

Intussen trek Richard Joburg toe en oor die jare sou ons paaie nog hier en daar kruis.

Toe kry ons mekaar een jaar by Oppikoppi, waar hy vir Ryno Velvet tromme gespeel het. Later die dag sou ek op my eie 'n paar songs op 'n klein verhoog by een van die bars sing, maar Richard sê toe hy sal saam met my kom kitaar speel, hy ken al die songs. En ek sê: "Yeah, awesome, kom speel saam!" Toe dit tyd is vir my om op die stage te gaan, kom Richard daar aangehardloop met 'n pedal board wat hy by iemand geleen het. Hy stel vinnig die pedal board op, maar kon deur die hele show nie uitfigure hoe dit werk nie. So, dis basically ek wat staan en tokkel, met hierdie weird dude langs my wat probeer om sy sound uit te figure. Dit was soos 'n halfuur se sound check! Uiteindelik kon hy die laaste twee songs saam met my speel.

'n Paar jaar later word Van Coke Kartel gebook vir Joburg Day, die grootste show wat ons ooit in Suid-Afrika gespeel het, gereël deur Highveld Stereo. Die Maandag ná 'n Oppikoppi waar ons hard geparty het (dit was destyds tussen my sober stints), moes ek en Jedd Joburg toe vlieg om op Highveld Studio twee songs te gaan speel en aan te kondig dat Van Coke Kartel in Joburg Day se lineup is. Ons het maar die vorige dag tuisgekom van Oppikoppi af en moes basies dadelik weer op 'n vliegtuig klim.

Toe ons daai oggend op die lughawe kom, sê Jedd vir my: "I'm not getting on a plane." Hy voel te kak. Hy't so 'n massive party gehad by Oppikoppi dat hy vertigo gekry het, en op pad na die lughawe toe het hy buite sy kar gekots. Ek weet toe nie wat om te doen nie. Oor 'n paar uur moet ons live op die radio twee songs speel en ek kan dit nie alleen doen nie.

Ek bel vir Wynand en sê vir hom: "Jedd sê hy gaan nie op die vliegtuig klim nie, wat moet ek doen?"

"Kry hom net op die vliegtuig!" antwoord Wynand. "Sê vir hom julle kan apteek toe gaan as julle daar aankom. Vat hom net saam en sê julle kan dit daar bo uitsort."

Maar Jedd weier. Hy sê net: “No way, I can’t do this.”

Toe bel ek vir Richard. Ek verduidelik aan hom die storie en vra of hy my asseblief kan uithelp. Richard drop al sy stuff vir die dag en ontmoet my baie amped by die radiostasie, waar ons gou deur die songs speel. Ná die vinnige oefensessie, jol hy saam met my op die lug. Van toe af is hy deel van my lewe. In die laaste maande van Van Coke Kartel, toe ons gereeld Joburg toe gegaan het, het Richard opgedaag by van die shows en ’n paar songs saam gespeel, net for the fuck of it.

Toe ek my eerste album skryf, het ek geweet ek wil vir Richard in die team hê. Hy is een van die mees begaafde en bekwame musikante met wie ek al in my loopbaan gedeel het, hy is loyal as fuck en nie bang vir werk nie. Hy is nou my road wife en doen ook al die harde werk as ek en hy alleen toer. Hy bestuur, hy doen die road management shit en op die stage speel hy al die moeilike goed. Ek sê altyd by shows, as iets goed klink, is dit Richard se skuld. Hy maak alles mooi en maak fokken min foute. Hy is ook soos my oudste seun en nou die oudste lid van Die Gevaar.

Omtrent ewe pivotal as Die Gevaar vandat ek solo gegaan het, is collabs. Met die skryf van daardie eerste solo-album het ek vir Snake gesê ek weet nie hoe ek dit gaan doen nie. Doen ek die regte ding? Wil ek regtig ’n solo artist wees? En toe’t Snake, wie se opinies vir my baie belangrik is, gesê – al weet ek nie of hy dit eens sal onthou nie: “Dude, gebruik almal wat jy om jou het. Doen iets saam met dié ou en dááí ou.” En dis hoekom ek saam met Laudo “Die skip” opgeneem het, want hy was die eerste persoon aan wie ek gedink het, ’n goeie vriend saam met wie ek graag iets wou skryf.

Uit collabs leer ’n mens fokken baie. Uit hoe ander mense dit doen, leer ek van songwriting – maar as ek saam met iemand werk aan ’n song, leer ek ook baie uit wie en wat hulle is. En ek hou daarvan om mense bymekaar te bring; Francois van Coke & Vriende is daaruit gebore en het nou al ’n instelling geword.

My vriend Henk van der Schyf, wat Park Acoustics doen, het lank terug voorgestel ons doen ’n show met my en my collaborators by die Voortrekkermonument in Pretoria, want dit het kapasiteit vir twintigduisend toeskouers. Ons het dit ondersoek, maar gou besef dit gaan te duur wees en toe het die idee gefade. ’n Paar jaar later het ek vir Wynand gesê ek wil graag iets op groter skaal aanpak, want ons speel nou al vir jare in teaters, bars, clubs en by festivals – kom ons kyk of ons dit kan push na ’n arena

show. Toe gesels ons met Andy Mac van Amp Events, wat al 'n klomp groot plaaslike events soos Kings of Chaos, Pixies en Live gedoen het. Hy word toe 'n amazing business partner. Vir die eerste Francois van Coke & Vriende show in 2018 het ons die Sun Arena in Johannesburg gebook; ek en al my beste vriende-collaborators, here we go! Ek, Wynand en Andy het gehoop ons verkoop vierduisend kaartjies. Maar toe verkoop dit uit op tienduisend; die arena se volle kapasiteit.

Dit was 'n complete mind fuck om dit te experience – om 'n arena vol mense te hê wat jou en jou tjommies se fans is. Dis nie soos om by 'n festival te speel waar daar vyftig ander bands is nie. Dis mense wat fans is van my en Fokofpolisiekar en ons kring. Tot in daardie stadium was dit die grootste ding wat ek in my loopbaan aangepak het. Die laaste paar jaar het dit aanhou groei en gelei tot die opname van 'n hele paar spesiale collabs met diverse mense – van Jack Parow tot Coenie de Villiers. Dit was 'n hoogtepunt vir my om “Hillbrow” saam met Coenie te sing, wat dit al saam met Johannes Kerkorrel opgevoer het. Hier, dekades later, speel ons dit en die crowd sing dit woord vir woord saam. Ek het tranerig geraak toe ons dit tydens die sound check geoefen het, en ook toe ek die eerste keer “Blue Eyes” saam met Arno Carstens sing. Tydens die show self kan mens nie werklik daardie emosies ervaar nie. Dit is te hectic en ek is te gefokus op al die tegniese elemente en op dit wat verkeerd loop. Maar ná die tyd is dit 'n ongelooflike ding om oor na te dink.

Ek sou geen loopbaan gehad het as dit nie vir my vriende was nie. Maar wat mense nie altyd sien nie, is die vriende wat nié op die albums of die verhoog verskyn nie, maar net so 'n groot rol speel in my lewe en loopbaan: my amazing team. Louise Crouse hanteer my management saam met Wynand en het my shit meer agtermekaar as wat ek dit self het. Sy kan binne 'n sekonde enige iets uit die argiewe vind. Sy kan nee sê wanneer ek nie kan nie, en ek waardeer haar meer as wat ek dit sê (en ek dink ek sê dit nogal baie). Dan is daar Lyndelle Willars. Sy is 'n badass. Sy is die mees on-top-of-it booking agent in die land en ek hoor dit gereeld van festival en show organisers. Ek weet nie hoe ek dit sonder haar sou kon doen nie.

En Alan Meyer, my merchandise en road manager, maar bo en behalwe dit my vriend. Daar gaan nie 'n dag verby wat ek nie met Alan praat nie. Hy is die grootste Fokofpolisiekar fan wat bestaan – hy het ons ontmoet as 'n fan en vyftien jaar later het dit nog glad nie verander nie. Alan luister nog

ná al die jare Fokofpolisiekar-albums oor sy headphones terwyl hy ons deur die land rondry, en ek voel die veiligste wanneer hy bestuur. Ons het al twee keer in die Mugg & Bean gehuil terwyl ons wag vir vlugte by OR Tambo. Een van die kere was saam met Richard, en albei kere was basies oor hoe lief ons vir mekaar is en wat ons vir mekaar beteken. As jy “roadie” google, behoort daar ’n foto van Alan op te kom. Hy het ook deur die jare ’n legend agter ons merch-tafel geraak en Hunter het hom vasgevang in “Ek wens ek was meer” se lirieke: “Alan? Hoeveel kos die T-shirts? Alan!” Die Francois van Coke en Fokofpolisiekar teams sou nie dieselfde sonder hom wees nie.

## “Do you say ‘houtpiele’ in that song?”



Toe die eerste Suid-Afrikaanse seisoen van *The Voice* ontwikkel word, kry ek 'n oproep van die vervaardigers wat vra of ek wil kom vir 'n screen test en of ek sal belangstel om 'n coach op die show te wees. Natuurlik het ek belang gestel, maar dit was heeltemal buite my ervaringsveld. Ek het tot in daardie stadium nog nooit eens 'n sangles gehad nie en sou myself nie noodwendig as 'n sanger beskou nie. Ek is 'n dude in 'n rock band; dit is dit. In elk geval het ek in daardie tyd so baie gigs gehad, ek kon nie commit tot enigiets anders nie, en toe was ek nie betrokke by die eerste twee seisoene van *The Voice* nie. Maar twee jaar later, in 2018, kry ek weer 'n oproep van die vervaardiger; hy vra dat ek hulle in Joburg ontmoet om te gesels.

Ek het gedink ek is op pad na 'n vergadering. Maar daar loop ek reguit in 'n screen test in wat ek glad nie verwag het nie. En soos ek instap, kom die legendariese rapper Riky Rick uitgestap.

Dit was net voor ek *Die Van Coke show* begin opneem het – 'n kykNET game show wat ek in 2018 present het – en televisie was dus nog vir my vreemd. Hulle plak my op 'n stoel neer en sê ek moet nou act asof ek 'n coach op *The Voice* is. Hulle speel vir jou 'n song en dan moet jy maak asof jy jou stoel omdraai en battle teen iemand om die talent oor te wen na jou kant toe. Ek was glad nie daarop voorberei nie en het toe nog baie min episodes van *The Voice* gekyk. So ek het gedink dat dit moerse kak gegaan het.

En toe kry ek actually die job.

Hulle het 'n chemistry test gedoen voor die tyd, om te sien of die coaches lekker saamwerk. Dít is nou 'n uur of wat van op kamera gesels met die res van die coaches. Daar het ek dadelik met Riky Rick connect en ek het deur die loop van die show goeie tjommes met hom geraak. Ons het later saam 'n song opgeneem, wat vir my baie spesiaal was, want ons kom uit verskillende wêreldes. (Sy selfdood in 2022 was vir my 'n massiewe skok. Ek het hom altyd van 'n afstand met bewondering dopgehou en op die oppervlak het dit gelyk asof dit goed gaan. Sy loopbaan het gepomp in daardie stadium.)

Ek en Riana Nel, nog een van die coaches, het mekaar al teen daardie tyd so 'n bietjie geken en ons het ewe goed oor die weg gekom. Buitestanders wat nie die Afrikaanse musieklandskap ken nie, sal dalk dink dis obvious: Hulle is albei Afrikaans, natuurlik sal hulle connect. Maar ook óns wêreldes verskil. Ons twee het later saam 'n song geskryf wat op een van haar albums ingesluit is en sy en Riky het opgetree by Francois van Coke & Vriende. So daar het interessante dinge gebeur wat nooit sou as dit nie vir *The Voice* was nie.

Die show het afgeskop en dit was vir my pretty fokken nerve-wrecking. Want ek is eerstens doubtful oor my vocal ability en het nie gevoel ek het werklik iets om vir die deelnemers te leer nie; ek was definitief die kakste vocalist daar. (Riky was nou wel 'n rapper en nie 'n sanger nie, maar ek is way kakker as Riana en Lira, mens kan ons nie eens compare nie.) En tweedens hou ek nie daarvan om myself te big-up om iemand aan my kant te kry nie, so daardie aspek van die show was regtig moeilik. Dit het ook in daardie tyd baie sleg gegaan met my stem (meer hieroor later). Daarom, as ek iets vir iemand op my span moes sing, het ek geworry of ek iets gaan uitkry, selfs al was dit net 'n basiese melodie. Ek moes maar deurdruk en maak asof daar niks fout is nie. Ook moes ek my in Engels op TV uitdruk, wat my so 'n bietjie uitgefreak het.

Die oomblik toe ek Tasché Burger hoor sing, het ek geweet sy is die beste op die show. Die ander coaches het definitief ook so gedink, want almal het hulle stoele omgedraai en haar probeer oorwen vir hulle span. Gelukkig het sy my gekies. Maar sy kon enige coach gekies het en sy sou steeds gewen het.

Ek en Tasché het op *The Voice* 'n baie goeie werksverhouding gehad,

want sy kán sing, dis nie iets wat ek haar hoef te geleer het nie. Al wat ek moes doen, was om haar te help om die beste te wees wat sy kan wees. Ek glo ek het darem bygedra deur haar te help met performance en songkeuses. (Lauren het ook 'n paar suggestions gemaak wat Tasché op die show gesing het.)

Aan die begin van die opnames het die director vir my gevra of daar spesifieke songs is wat ek graag sal wil opvoer op die show. Van die begin af het ek geweet dat as Tasché in die finaal is, ek “Toe vind ek jou” saam met haar wil sing. En gelukkig kon ons dit toe doen.

En toe wen sy! Dit was epic en ek het soos 'n trotse pa gevoel. Tasché het dit ge-own. Vir my was dit ook 'n wen, want aan die begin van die seisoen het ek heelwat kritiek van die *The Voice*-publiek gekry – op sosiale media het mense gesê ek weet niks van musiek af nie.

Dit kon nie beter uitgewerk het nie. Toe ek met *The Voice* begin het, het ek gehoop ek vind iemand met wie ek in die toekoms kan saamwerk, en dit het presies so gebeur. Ek en Tasché het ná die show goeie vriende geraak, al is sy twintig jaar jonger as ek. Ons het sedertdien gecollab op 'n paar tunes en ek is seker dit sal weer gebeur. Ek het nog nie iemand teëgekom wat so goed soos sy kan sing nie. Sy het regtig 'n ongelooflike stem en is ook 'n moerse cool mens.

Maar daar het nog iets fantasties op *The Voice* gebeur. Die regisseur het van die begin af gesê hy wil graag hê ek moet ook “Komma” van Fokofpolisiekar op die show doen. Aangesien dit my gunsteling-song van Fokofpolisiekar is, het ek natuurlik ook gedink dis 'n great idee. Ons het destyds “Komma” se musiekvideo by een van ons Kirstenbosch-konserte geskiet en dit het op YouTube ontplof. Dis ook al gecover deur ander Afrikaanse kunstenaars, iets wat nie gereeld met Fokofpolisiekar songs gebeur nie. Ek het voor die tyd met die Fokof dudes gepraat en hulle was almal cool daarmee dat ek dit op die program sing.

Toe kom daar 'n verrassing. Die director van die show wil hê ek moet dit sing saam met die Drakensberg-seunskoor. Nogal 'n interessante kombinasie. Omdat ek in die laerskool geforseer is om koor te sing, het ek 'n bietjie van 'n liefde/haat-verhouding daarmee. Meer haat as liefde. Ek het altyd probeer stout wees in die koor sodat hulle my kon uitgooi. (Op hoërskool het ek dit reggekry.) Maar dit sou die eerste keer in my volwasse lewe wees dat ek 'n verhoog met 'n koor deel, en dit was darem die

Drakensberg-seunskoor, 'n legendary instelling. So, ek was stoked.

In die TV-wêreld oefen 'n mens iets omtrent honderd keer voordat jy dit uiteindelik live speel. In hierdie geval het dit begin in die Drakensberge, waar die seuns die song geleer en ingeoefen het. Hulle het toe Johannesburg toe gegaan en dit 'n paar keer saam met die musical director deurgewerk. Toe het hulle dit saam met die pianis geoefen. Daarna was dit saam met my, van die Donderdag voor die show af. Ons het dit elke dag 'n paar keer geoefen, tot die Saterdag. En alles het goed gegaan, maar ek was nervous om te sing op hierdie show aangesien dit honderd persent live was, regstreeks aan die hele Suid-Afrika. Daar was geen fix as iets sou skeefloop nie.

Sondag, die dag van die show, is daar 'n sound check, rehearsal met sound, rehearsal vir die kamera, 'n eerste dress rehearsal en dan 'n finale dress rehearsal net so 'n uur voor die show live op TV gaan. Die song is 'n klomp kere op die dag geoefen en gecheck. Net ná die finale dress rehearsal loop ek na my green room toe om 'n halfuur te gaan chill voor die show regstreeks begin uitsaai. Toe ek wil ingaan, keer die director (dieselfde een wat my gevra het om die song te sing) my voor en vra saggies, maar baie ernstig: “Do you say ‘houtpiele’ in that song?”

Ek sê toe jokingly: “Oh, yes, I do, but the Drakensberg boys are singing it too!”

Hy bly doodernstig. “Can you try and not pronounce the ‘p’?”

Ek dink toe stilweg dat “houtiele” nog weirder as “houtpiele” is. Ek het maar net ja gesê, al was ek glad nie seker dat ek dit sou doen nie.

Ek kon dit daardie aand nie oor my hart kry om “houtiele” te sing nie en dit is nou een van my gunsteling-performances en beste musikale oomblikke van my lewe. Om “houtpiele” live saam met die Drakensberg-seunskoor op nasionale TV te sing – what a vibe!

## Stilte



Toe ek begin het met die verfilming van *The Voice*, was my stem waarskynlik op die slegste plek wat dit nog ooit was. Hoe ironies? Ek is 'n coach op 'n show getiteld *The Voice*, maar ek sukkel met myne. Dit kom toe al 'n lang ruk aan. Sedert ek hier by 2007 rond begin kortisoos vat het om deur die opname van daardie eerste Van Coke Kartel-album te kom, moes ek dit gereeld aanhou neem. Soos ek deur die jare te veel gerook en gedrink en my stem te hard gedruk het, het ek dit dikwels verloor. Afhangende van in watter toestand my stem was, moes ek 'n groter of kleiner dosis kortisoos drink om deur shows te kom, en later het ek ook soms vir kortisoosin spuitings gegaan. Dit was frustrerend, want ek het begin voel ek kan nie regtig daarsonder 'n show afpull nie. En dit is nie gesond nie, kortisoos hou mens wakker. Ek het later 'n slaappil daarmee saam begin neem, wat nog slegter was.

Uiteindelik het ek twee oor-, neus- en keelspesialiste hier in die Kaap gaan sien om te probeer uitvind wat ek daaromtrent kon doen. Hulle het bevind dat ek nie nodules of poliepe op my stembande het nie, en al wat hulle vir my gesê het, is dat ek my stem moet laat rus. Een van die spesialiste het ook aanbeveel dat ek vir sanglesse gaan om my tegniek te verbeter sodat ek minder stremming op my stembande plaas. Ek het toe 'n vocal coach, Amanda Luyt, gaan sien wat my baie gehelp het daarmee – maar hoe sy my die meeste gehelp het, is deur my te verwys na 'n oor-,

neus- en keelspesialis in Joburg. Die rock star van ENTs, Lance Maron. Ek het hom gaan sien en hy't toe met 'n scope bevind dat daar scar tissue op my stembande is, wat keer dat dit reg vibreer in die hoë register. Ná *The Voice* en toe ek die *Dagdrome in suburbia*-album klaar opgeneem het, het ek in Julie 2019 vir die eerste operasie op my stembande gegaan.

Dit was die mees nerve-wrecking experience ooit, want my stem is my instrument. Daai nagte van wakker lê was vol vrae: Gaan ek ooit weer kan sing? Gaan dit regkom? Gaan my lewe weer normaal wees? Maar dis iets wat ek moes doen. Ek het toe al vir jare gesukkel om deur shows te kom. Dit was later nie meer 'n plesier nie, dit het al hoe moeiliker geraak. Maar ek het glad niks daaroor in die media gesê nie. Ek was bang mense twyfel of ek ooit weer gaan kan sing.

Ná die operasie moes ek vir twee weke niks praat nie. Ek het dit oorweeg om vir daardie tyd in 'n hotelkamer in Johannesburg te bly, maar ek het besef ek sou dalk van my kop af raak as ek so lank alleen daar is, met my family in die Kaap. Toe vlieg ek in complete silence terug Kaap toe en kom bly hier stil.

Lauren moes aan Alex verduidelik dat ek nie nou met haar kan praat nie en ek moes met Lauren kommunikeer deur te skryf en te whatsapp. Ons gaan toe as gesin weg vir 'n week, waartydens ek ook nie gepraat het nie.

Ná twee weke is ek weer Joburg toe vir 'n follow-up. Ek het by die dokter se spreekkamer ingestap en gesê: “Hi, doc.” Dit was my eerste woorde ná veertien dae van stilte.

Daardie dokter het my 'n nuwe lewe gegee, maar my stem sal vir ewig 'n work in progress bly. Ek kan weer sing, solank ek my stem oppas en nie skelm entjies rook nie.

Die eerste show wat ek daarna gedoen het, was by Liefde by die Dam, waar ons die “Dagdrome in suburbia”-musiekvideo geshoot het. Die dokter het saamgekom na die show toe, hy is backstage genooi.

Min het ek geweet dat ek binnekort baie tyd sou hê om my stem te laat rus. Want toe kom 'n jaar waarin dinge weer sou verander, op meer maniere as wat ek ooit kon verwag.

**Max**

Die jaar 2020 het goed afgeskop. *Dagdrome in suburbia* het die vorige Oktober uitgekom en daardie Desember het mense die title track wat ek saam met Spoegwolf opgeneem het, moertoe geluister.

Ek het groot planne gehad vir die jaar en dit het lekker begin met 'n paar groot jool-shows, en Francois van Coke & Die Gevaar vir die eerste keer by die Up the Creek Festival, 'n fees waar ek al 'n paar keer gespeel het sedert my dae in New World Inside. Ons het 'n feesdag by Woordfees gegooi: *Dagdrome in die Boland*. Dit was iets soortgelyk aan Francois van Coke & Vriende, 'n show met 'n klomp gaskunstenaars. Van Coke Kartel het twee reunion shows gedoen by Ramfest, die grootste alternatiewe fees in die land. Gedurende die Ramfest shows is daar al gepraat van die “Corona virus” en dat mense sal moet “social distance”, maar niemand het regtig al geweet wat aangaan nie. My manier van social distancing was om nie by die shows te crowd-surf nie.

Toe slaan die nasionale lockdown ons.

Ook in daardie tyd, net ná Up the Creek, het ons uitgevind Lauren is weer swanger, ons verwag ons tweede kind. Dit was nou amper drie jaar sedert Alex se geboorte en dit het ons so twee jaar gevat om oor die skok en verandering in ons lewens te kom. Ons het besef Alex is 'n baie sosiale kid en het geweet 'n sibling sal haar en ons lewens beter maak. Toe ons hoor Max is op pad, was dit ongelooflik – maar die skok van Covid en die vrees

om in daardie tyd 'n baba in die wêreld te bring, het ons getref.

Intussen moes almal in die music industry nuwe maniere vind om aan te hou werk en geld te maak. Die toekoms was skielik onvoorspelbaar, dit was moeilik om planne te maak, veral as dit kom by events. Die mat is onder ons uitgeruk toe ons nie meer live shows kon doen nie.

Ek het my eerste livestream show uit my huis uit gedoen, so 'n paar weke in die lockdown in; dit was in die tyd toe almal tuis moes bly en slegs noodsaaklike werkers en mense met permitte mag rondbeweeg het. 'n Dude met streaming gear en 'n permit het na my huis toe gekom en my gehelp om die show op te stel. Ek het 'n hele week lank geoefen om al die tunes op kitaar te speel, want dit was toe al baie lank sedert ek heeltemal solo perform het. Lauren het die kamer bietjie vir my opgedress, ek het self die sound gepull en het omtrent tien songs vir eenduisend-vierhonderd huishoudings uit my spaarkamer gespeel.

Die online shows het oor die volgende paar maande baie evolve en ons het die grootste een gedoen op 18 September 2020, 'n Francois van Coke & Vriende show op my veertigste verjaarsdag. Teen daardie tyd was dit al makliker om permitte te kry om rond te beweeg vir werk en klein groepe mense kon bymekaarkom. Dit was ongelooflik om al my tjoms daar te hê vir my verjaarsdag en die show. Maar die livestream game is vreeslik spanningsvol; daar is soveel meer wat verkeerd kan loop as met 'n gewone show. Dit was 'n goeie manier om aan die gang te bly in 2020, maar ek is ook baie bly ons hoef dit nie meer te doen nie.

Daardie hele jaar het ek seker altesaam agtien shows gedoen, teen die sowat honderd wat ek gewoonlik per jaar doen.

Wat egter cool was van die tyd toe Lauren swanger was met Max, was dat ek weens lockdown by die huis was. Toe ons vir Alex verwag het, was ek pal op die pad en het ek baie van daardie tye met Lauren misgeloop.

Max is gebore op 12 Oktober 2020, gelukkig kort nadat 'n klomp Covid restrictions gelig is, en ek kon by die hospitaal wees vir die geboorte. Twintig minute daarna was ek besig om vir hom 'n bottel te gee terwyl Lauren aan die recover was.

Hy was die maklikste baby ooit en het ons lewens verryk op 'n manier wat net ouers kan verstaan. Toe hy bykom, het dinge in ons huis volmaak gevoel. Ek het baie in daai Covid-tye saam met hom in 'n kamer geslaap om vir Lauren 'n break te gee. Ek het met die een oor na Bad Religion se

audiobook geluister en met die ander na sy asemhaling.

Max Badenhorst het my weer na 'n volgende level gevat. Ek kan my nie vir 'n oomblik ons lewe sonder hom indink nie.

Hy was die grootste ligpunt en beste ding wat daai challenging Covid-tyd opgelewer het.

## “Poes hom, Frannie!”



Toe ek in die Covid-tyd livestream shows doen, uit necessity om live musiek te speel en bucks te maak, het ek en Wynand connect met iTickets wat heelwat van die kaartjieverkope vir ons hanteer het. Vroeg in 2021 het iemand van dié ticketing company vir Wynand gevra of ek sou belangstel om te fight in 'n celebrity boks-event. Dié idee sou uiteindelik lei tot BoxOp wat deur Blue Banana gereël is.

'n Paar jaar vantevore het ek deelgeneem aan 'n boks-event vir liefdadigheid. Dit was 'n anti-bullying campaign en ek het teen my goeie vriend Rob van Vuuren baklei en die fight verloor. Ek het 'n bietjie daarvoor getrain, maar ek het toe net begin boks en nie genoeg gedoen om te wen op die aand nie. Al het Rob die fight gewen, het hy gebloei en ek nie!

Dit sou dus nie my eerste boksgeveg wees nie en toe die geleentheid kom, was ek sommer baie amped daarvoor. Ek kon vir 'n paar maande geld verdien as bokser terwyl ek nie veel live musiek speel nie, want net klein shows is in daardie stadium toegelaat, en ek hoef dan nie vreeslik te gehustle het om ander werk of shows te kry nie.

Nadat ek ingestem het, het die soektog vir my teenstander begin. Die organiseerders wou vir Faf de Klerk kry en ek sou hom gefight het as hulle dit kon regkry, maar ek is bly hy was nie my opponent nie. Ek dink nie dat ek op veertig iemand sou kon aanvat wat nog steeds aktief vir die Bokke

gespeel het nie. Derick Hougaard se naam het later opgekom en ek het gereken ek sal hom kan vat, al is hy heelwat groter as ek.

Ons het toe op 'n gewig besluit. Derick sou bietjie gewig moes verloor en ek sou bietjie moes aansit om by die teikengewig uit te kom, maar dit was nie 'n verskriklike streng reëling nie. Ons het ook ingestem dat ons nie sal hare kloof as iemand 'n paar kilogram oorgewig is nie.

Nadat die fight bevestig is, het ek dadelik begin oefen by 'n boks-gym in Bellville, dieselfde plek as vir my vorige fight. Dit is die enigste gym in die area wat ek geken het en ek het so twee dae 'n week begin oefen by 'n oudkampioen van die plaaslike bokstoneel. Maar ek was baie committed en sy lewe was te besig om genoeg aandag aan my te gee, daarom het ek begin soek na 'n nuwe trainer.

Daar was toe 'n mediabekendstelling-party in die Kaap by die Cape Grace Hotel. Die Suid-Afrikaanse swaargewigbokskampioen Tian Fick was daar; hy is uitgenooi saam met 'n klomp van sy spanlede en gym-vriende – onder andere Matt Leisching, wat later my afrigter vir die geveg sou word.

Ek het Derick die eerste keer gesien agter 'n perskonferensietafel, waar ons deur die media en publiek met vrae gepeper is. Derick het in daardie stadium nog nie vir die fight begin oefen nie en ek het al 'n paar weke agter die rug gehad, en 'n paar sparring sessions, so ek het redelik positief gevoel. Ek het wel besef hy is nogal 'n groot seun en ek sal vir seker goed voorbereid moet wees om te kan wen.

Derick het lekker gechat met die crowd en hy was nogal snaaks. Niks wat hy gesê het, het vir my sin gemaak nie, maar ek het gevoel hy het die crowd aan sy kant ná daardie eerste media-aand. Ons het saam 'n paar ciggies gerook ná die tyd en ek het Nádine, wat toe sy girlfriend was, ontmoet.

Ek het aan die einde van die aand met Tian gechat, wat my voorgestel het aan sy coach, Matt. Ek het vir Matt gesê ek wil saam met hulle train en sy antwoord was: “Sien jou Maandag in die gym.”

Ek was nogal skaam om die eerste keer by Madfit in Kaapstad te gaan oefen. Die gym behoort aan Matt en die UFC/PSL fighter Don Madge, en hulle is albei at the top of their game op hulle terrein. Celebrity-boks het in daai stadium internasionaal 'n trend geraak danksy Jake en Logan Paul en 'n klomp YouTube celebs se fights, en mense in die boksindustrie het gedink dit is bullshit. Ek wou nie my naam gat maak by die boks-gym nie en wou dit so goed en ordentlik doen as wat ek moontlik kon.

Ek sê toe vir Matt ek wil die fight wen en sal alles in my vermoë doen om dit reg te kry. Ek is bereid om hard te werk en vir die volgende twee maande net op boks te fokus. Hy het dadelik gesê ek moet dan ses dae 'n week kom oefen. Party dae sal ek ook moet draf.

Toe was ek elke dag in die gym, behalwe as ek moes travel vir shows. Gelukkig was ek klaar redelik fiks, want ek het darem al vir so sewe jaar gereeld gedraf. Ek het ook my eerste halfmarathon net voor Covid ingewerk. Dit was dus nie nodig om van voor af fiks te word nie – maar dis iets anders om boksfiks te raak. Daai shit maak jou moeg!

Nadat ek besef het Matt gaan die taak in alle erns saam met my aanpak, het ek besluit ek gaan nou all the way. Ek het in die oggende vroeg opgestaan en gaan draf. Ek het bulte uitgehardloop terwyl ek gedink het hoe ek vir Derick gaan moer, ek het gespar soveel as wat ek kon teen baie groter opponente, ek het gekramp, ek het shin splints gekry van touspring, ek het baie gesweet, ek het alles unfollow op social media en net boks-pages gevolg, en ek het ou fights en boks-documentaries gekyk. Vir die twee maande voor die geveg was ek boksbefok. Twee dae voor die geveg het ek my hare afgeskeer.

Ek het ook besef dit sou befok wees as ek die boksgeveg kon gebruik om my musiek te promote, want daar was baie publisiteit rondom die fight. Omtrent in dieselfde tyd as wat ek begin oefen het, skryf ek, Hunter en Fred den Hartog toe 'n song saam: “Ons het gewen”. Ek wou 'n oorwinningslied skryf wat kon uitkom sodra die geveg verby is.

Dit sou op 29 Mei 2021 in die Sun Arena in Pretoria gehou word; een van my gunsteling-venues ná ek my eerste twee Francois van Coke & Vriende shows in 2018 en 2019 daar gedoen het. Dit het 'n plek geword wat epic aande in my lewe oplewer.

Die dag voor die fight het ons opgevlieg vir die weigh-in en face-off. In hierdie stadium was ons in die middel van 'n tweede Covid wave en daar was net 'n beperkte aantal plekke beskikbaar in die arena self, maar die meeste van die kaartjies is aanlyn verkoop en die publiek kon die geveg livestream. Dit was die perfekte tyd daarvoor: daar was min of geen ander live sport op TV nie en dieselfde met live shows. So, baie mense wou hierdie fight van my en Derick sien en ek was definitief in die publiek se oog die underdog. Hoe sal 'n musikant nou 'n voormalige Springbok-rugbyspeler in 'n boksgeveg kan klop? Fokken onmoontlik.

Toe is dit die weigh-in. My gewig word aangekondig as 79 kilogram. Derick: 95 kilogram.

Die aand ná die weigh-in het ek en my corner (Matt en Tian) in die kryt gaan rond dans om te voel wat die volgende dag gaan gebeur. Daarna het ek vroeg saam met Lauren in die bed geklim en maklik geslaap.

Die oggend van die fight het ek wakker geskrik en dadelik my coach gevra om 'n pads session saam met my te doen, net sodat ek bietjie gespanne energie kon verbrand en om te onthou hoe dit voel om iemand te slaan. Die res van die dag het ek in my kamer gehang, probeer chill en 'n Elvis documentary gekyk om van die boks te probeer afskakel.

Ek was supergefokus daarop om te wen. Ek het so twee weke voor die geveg ophou rook (ek sou later weer begin ... en weer ophou) om hopelik meer longkapasiteit te hê tydens die fight. Toe ek backstage in die arena rondloop, sien ek vir Derick met gestapte hande, reg om te fight, maar hy is besig om 'n sigaret te rook. Toe dink ek: Nou het ek jou definitief.

Dit is 'n mal ding om te doen, om in 'n kryt te loop klim en iemand te moer – seker een van die malste goed wat ek ooit sal aanpak – maar ek was so gereed soos 'n muso kan wees wat 'n rugbyspeler moet moer. Ready to go. My ring walk was eerste en ek het uitgestap op “Dagdrome in suburbia” wat 'n paar maande tevore deur tienduizend mense in dieselfde arena gesing is. Ek het net gedink dit is gepas. Ek is aangekondig as Francois “The Bellville Bomber” van Coke. Derick het natuurlik ingestap op “Liefeling”, maar 'n aaklige techno-weergawe daarvan, erger as die oorspronklike song. Hy het massive gelyk in sy wit kamerjas toe hy in die kryt klim. Ons het gelyk soos teenoorgesteldes: ek in swart boots, gloves en trunks, en hy in wit; hy gespierd, en ek klein in vergelyking.

It's time ...

Die klokkie lui en ons nader mekaar. Derick steek eerste met 'n goeie jab. Dit was seker sy beste punch van die geveg. Matt het vir my gesê ek moet seker maak om hom 'n goeie harde hou te gee in die eerste ronde, en dit gebeur gelukkig. Ek klim in met 'n paar goeie jabs en land ook 'n paar straight rights. Vir twee amateurs klim ons hard in. Die fight is bietjie van 'n getjommel, maar ons moer mekaar so hard as wat ons kan.

Ná 'n exchange in die tweede ronde sien ek Derick staan vir 'n oomblik met sy hande op sy knieë, en toe besef ek hierdie fight is regtig myne. Ek is fikser en ek boks beter as hy. Van daardie oomblik af probeer hy my met

alle mag uitslaan, maar die houe is stadig en wild. Ek kan hulle sien kom omdat hy so lank upload voordat hy die hou gooi.

My coach se plan was eenvoudig: Gaan in, gooi 'n paar reguit houe en beweeg uit. Dit werk soos 'n droom. Derick is so uit sy diepte dat hy my op 'n kol probeer rugby tackle en my met 'n hammer punch en 'n backhand wil kry. Ek hoor Wynand bo die hele crowd toe Derick my gryp: “Dis boks, dis nie stoei nie!”

Hunter se stem is ook duidelik hoorbaar: “Poes hom, Frannie!”

In die derde ronde bloei Derick vir die eerste keer en dit is lekker om te sien hy besef dit ook.

Ek dink ek het die eerste drie rondes gevat; die vierde was miskien 'n bietjie meer gelyk. In hierdie ronde tref van Derick se shots my op my slaap. Vir 'n oomblik raak dit swart voor my. Ek besef ek het nou 'n sekonde of twee verloor en sê vir myself ek moet fokus, hy kan my met een van daai wilde houe uitslaan as ek nie mooi fokus nie.

In die vyfde ronde klap ek hom met 'n klomp goeie jabs, maar later gly ek nadat hy my stamp en beland op die canvas. Ek weet tot vandag nie of dit getel het as 'n knockdown of 'n slip nie. Die klok lui en ons kan 'n break vat.

Derick begin die laaste ronde hard en probeer met wilde houe gaan vir die knockout, maar toe ek een jab land, het ek heeltemal die oorhand en so dertig sekondes voor die einde moer ek hom met 'n vyf-shot-kombinasie. Met hou vier slaan ek sy mondkerm so halfpad uit en met die vyfde hou slaan ek dit weer in. Derick se neus bloei so kwaai dat van die bloed op my rug beland.

Die klokkie lui en ons is doodmoeg. Tian Fick kom en tel my hoog in die lug op, en daar gaan lê Derick op die grond. Ek sit op my stoel en vra vir my coaches of ek genoeg gedoen het. Hulle wys my hoe Derick lyk en toe voel ek: Damn, I might have done the unthinkable.

Twee minute later sê die aankondiger: “And the winner at BoxOp Rock Versus Rugby is ... ROCK! THE BELLVILLE BOMBER! Francois van Coke!”

Ek het my vriende nog baie min só bly gesien. Wynand kan hom amper nie inhou nie en word uit die kryt gejaag deur security. Ek soek vir Lauren – wat baie verlig lyk. Hunter, Dolf en Jedd is ekstaties.

Ná 'n paar uur se afkoel en afterparty lê ek in die bed en lees al die

boodskappe wat ek gekry het. Ek kry video's van mense regoor die wêreld wat die fight gekyk en my ondersteun het. Ek het nog nooit so baie boodskappe oor enigiets gekry nie, nie eens my grootste shows kon so 'n reaksie uitlok nie.

'n Paar uur se scroll deur die boodskappe later, probeer ek aan die slaap raak. Ek lê op my rug en sit my hande op my bors en voel nog steeds my hart pomp. Die adrenalien van daardie fight sal ek nooit vergeet nie.

Die volgende dag is daar foto's en berigte op die *Beeld* en *Die Burger* se voorblaaie. Dit is baie spesiaal om van die Kaap af te kom en 'n Blou Bul in Pretoria te verslaan.

Ek het as kind daarvan gedroom om 'n Springbok te word, maar het op veertig die kans gekry om een te moer. Een van die beste dae van my lewe.

## Roots



Max is nou al deel van Rugga Roots vandat hy net oor die twee jaar was. Dit is 'n rugby-bekendstellingsaktiwiteit wat aangebied word by sy dagsorg. Ek dink ek was een van die eerste ouers wat my kind daarvoor ingeskryf het. Ek was dadelik oppit, sodat ek my rugbydrome deur my seun kan uitleef ... Jokes, hy kan enigiets doen wat hy wil. Maar dit sal befok wees as hy bietjie rugby wil speel.

So 'n jaar into Max se Rugga Roots-tyd sien ek 'n boodskap deurkom oor 'n Rugga Roots-dag by Laerskool Eikestad op Stellenbosch. Ek het al gesien hulle adverteer sulke dae by die skool, maar dit is gewoonlik vir kids van drie, so hy was nog nooit oud genoeg nie. Ek scheme fokkit, ek gaan vir Max na dié ene vat.

Voor ek hom inskryf, email ek vir Rugga Roots en vra: *Wat presies doen julle daar met die kleintjies van drie jaar?* Iemand in die kantore stel my gerus en sê hulle speel so 'n bietjie en dan kan die pa's join aan die einde van die sessie.

Ek vat vir Max die Saterdag Eikestad toe en daar is fokken baie mense; daar is sport oorkant by Paul Roos ook, so dis moer besig en daar is hordes karre. Toe ons stop, sê Max oorweldig: "Daddy, this is not for me."

"No, my boy," sê ek, "this is for you. This is a rugby day for you."

Ek tel hom op my skouers en loop omtrent 'n kilometer van waar ons gepark het na die ingang. Ons staan in 'n queue en registreer. Hierdie Rugga Roots vibe is 'n groot ding. Max moet êrens in 'n rytjie gaan wag, daar

word gebid, ek hou my oë oop en sien hoe van die ander outjies huil en ouers hungover daar rondhang, maar almal is somehow reg vir die ding.

Ewe skielik is die spanne ingedeel en die manne begin jol. Tackle rugby! My fok, dink ek, Max het definitief nog nooit 'n tackle gevat in sy lewe nie. Van hierdie kids moet ouer broers hê wat hulle daarvan geleer het, want dié driejariges kan laagvat dat die kak spat.

Elke kind kry nou 'n kans om bietjie die bal te hanteer en Max kry vir die eerste keer in die game die bal. Hy hardloop na die opponente toe en gee die bal reguit aan vir een van die mannetjies in die ander span. Ek dink: Fokken wow, mooi gedeel, Max. What a guy. Soos die game vorder, sien ek Max gaan nie in die losskrums in nie, hy hang daar agter rond soos Faf met sy lang blonde hare. Skrumskakel soos sy pa.

Die bal word op 'n kol van hom afgevat en hy is moerse upset. Hy kom na my op die kantlyn en sê: “Daddy, I wanna go to the bakkie.” Dit is so tien minute in. Ek scheme ek gaan aanhou probeer om die ding te laat werk. Ek vat hom toilet toe, kry vir hom iets om te drink en tune hom ons kan net bietjie op die kantlyn sit en die game kyk. Ons sit 'n rukkie en ná 'n paar minute is dit halftyd, die manne kry 'n sappie om te drink op die veld en Max join weer die game.

Die eerste keer toe die coach weer vir Max die bal in die hand gee, druk hy die bal onder sy arm vas en hardloop om so drie spelertjies voor hom. Ek dink daar was in daardie stadium 'n paar van hulle van die veld af – net soos Max 'n rukkie tevore was – maar hy hardloop om almal wat daar is en druk die bal onder die pale. Ek voel so trots en bly dat ek daar is vir Max se eerste drie van sy lewe, al besef hy seker nie eens so lekker wat aangaan nie.

Vir die laaste tien minute nooi hulle die pa's op die veld om saam te kom speel. Die coach gee vir my die bal om te begin. Ek gee dit vir Max, wat dadelik omdraai en na die verkeerde kant toe hardloop, op pad na sy eie doellyn. Ek hardloop agter hom aan, tel hom op, draai hom om en sit hom teen die kantlyn neer. Hy hardloop soos 'n vleuel teen die kantlyn af, met my aan sy binnekant, reg om die pass te vat as iemand hom vang. Niemand vang hom nie en hy gaan druk weer agter die pale.

Ek kan my nie 'n beter oomblik indink om met my driejarige seun te deel nie. Miskien skep ons in die toekoms nog rugby memories saam.

Ek onthou my pa het my Nuweland toe gevat toe ek rugbybefok was. Ek

wou al die voorwedstryde kyk en heeldag daar uithang. My pa het moeg geraak daar in die son en somer nou en dan aan die slaap geraak. Ek kon dit nie verstaan nie. Hoe kan iemand op Nuweland slaap? My pa het definitief nie dieselfde passie vir of belangstelling in rugby gehad as ek nie, maar hy het deurgedruk vir my. Ek hoop ek kan dieselfde doen vir my seun as hy regtig in iets begin belangstel.

Tans weet ek nie of een van daardie belangstellings musiek gaan wees nie, maar Max vra elke dag dat ek vir hom songs moet speel in die kar. Hy is 'n groot fan van Post Malone, Queens of the Stone Age en Sakkie se song saam met Die Heuwels, "Days Are Dark". Maar toe ek nou die dag Van Coke Kartel se *Bloed, sweet en tranes* vir hom speel, sê hy: "Dad, your music is creepy!"

## Die beste show van my lewe



'n Paar jaar terug het Alex se graad R-onderwyser vir my gevra of ek en sy 'n song by die skoolkonsert sal sing. Vandat Alex vier jaar oud is, het ek haar vir sanglesse by Liana Marx geneem. Liana was lank Tasché se coach en ek het haar tydens *The Voice* ontmoet. Ek en Lauren het toe al geweet Alex het 'n goeie aanvoeling vir melodie en lirieke. Sy kon op daai ouderdom al die hele “Bohemian Rhapsody” deursing en ons sou haar vang waar sy dit op haar eie sing, a cappella, terwyl sy besig is om te speel.

Ek wou haar vir sanglesse neem net sodat sy gereeld kon sing en songs kon leer waarvan sy hou. Glad nie omdat ek haar vir kompetisies wou inskryf nie. Ek wou net gehad het sy moet meer sing. Sy het baie daarvan asook van tannie Liana gehou, maar sy was ongelooflik bang om voor mense, selfs voor my en Lauren, solo te sing. Liana hou elke jaar 'n paar konserte met haar studente en ons het vir die eerste twee jaar besluit om haar nie deel te maak daarvan nie, omdat sy so skrikkerig was vir die live performance-deel.

Toe haar graad R-juffrou my vra of ons 'n song sal doen, het ek dus geweet dit gaan moeilik wees om Alex te oorreed. Ek het gesê ek sal probeer, maar is nie seker of ek dit gaan regkry nie.

Ons is gevra om “A Million Dreams” van *The Greatest Showman* se soundtrack te sing. Ek het nog nooit die song gehoor nie, maar was bereid om dit 'n bash te gee. Toe ek vir Alex vra of sy dit wil doen, het sy in trane uitgebars en gesê sy kan nie. Ek sê toe vir Lauren kom ons los dit net, en

ons besluit ons gaan haar nie druk om dit te doen nie.

'n Paar dae later in die kar, terwyl sy sit en 'n boek deurblaai, sê sy uit die bloute: “Dad ... I'll do it.” Ek het haar gevra of sy seker is, en sy het gesê sy is.

Ek leer toe om die song in sy mees basiese vorm op kitaar te speel en oefen dit in. Ek wou nie foute maak nie! Vir 'n paar dae het ek dit op my eie geoefen en so twee weke voor die tyd het ek vir Alex, wat die song toe al geken het, gesê ons moet dit ten minste een keer elke dag speel. Sy was nie so amped oor die oefenry soos ek nie.

“Do we really have to do it again, Dad?”

“Yes, I want to make sure we are ready.”

Die konsert was in die laerskool se saal, so ek het haar gevat vir 'n soundcheck daardie week. Ook sodat sy die saal kan sien en hopelik bietjie gemakliker daar kan voel. Ons het die performance tydens die soundcheck genail, sonder die beste monitors, so ons was reg.

Op die aand van die show was Alex baie gemaklik, tot ons backstage gegaan het. Toe sê sy vir van die onderwysers: “I don't know if I can do this.” Dit het my herinner aan my eerste ervaring van sing by die eisteddfod. Maar ek dink my teenwoordigheid het gehelp om haar effens gemakliker te maak.

Ons is aangekondig en het op die verhoog gaan sit – en net voor ons begin, sê sy op die mic: “Let's do this.”

Alex het die song so mooi gesing, alles perfek afgepull, en ná sy 'n paar cheers gekry het, het sy ook bietjie begin perform. Dit was die mees epic ding wat ek en sy nog saam gedoen het en iets wat my altyd sal bybly. Dis wat ek doen vir 'n lewe en ek kon dit met haar deel. Ek het 'n video van ons optrede op social media gedeel en my opskrif was *Beste show van my lewe*, want dit was.

Hopelik kan ons weer eendag so iets deel.

Alex het intussen die solosang vir eers gelos. Sy geniet nou die koor; ek glo die pressure is minder. Sy het ook ukulele begin speel en dit is befok, want ek en sy kan nou saam Post Malone en Taylor Swift songs jam.

Sy sê sy is 'n Badenhorst, nie 'n Van Coke nie, want sy stel nie daarin belang om 'n loopbaan uit musiek te maak nie. Sy wil in hierdie stadium eerder 'n bakker, ingenieur of filmmaker word. Sy is so amazing, word te vinnig groot, hou my elke dag op my tone en korrigeer my Engels.

Toe ons huis toe ry ná die show, het sy vir my gesê: “Dad, I know this whole thing was about me now. But I don’t want to be a singer.”

Whatever you want to do, my babe. I love you.



As kind het ek geglo ek gaan eendag 'n polisieman word. By die dress-up party vir my sesde verjaarsdag was ek soos 'n polisieman aangetrek. My ma het die polisiekar-koek gemaak.

Twee jaar oud in Brakkies.

Voor Bellville het my gesin in Brakpan aan die Oos-Rand van Johannesburg gewoon. Ek is baie trots op my Brakpan-roots, maar kan niks daarvan onthou nie. Hier is ek omtrent dertien maande oud.

My gesin.

Agter my, v.l.n.r., is my suster Jeannine, pa Theo, my oudste suster, Aletia, en my ma, Marlene.

Op my derde verjaarsdag in Bellville, in 1983.

Ek en my pa.

Op vakansie in Vleesbaai saam met my susters, Aletia en Jeannine.

My obsessie met rugby het in die laerskool ontwikkel, hier by standaard twee rond. Ek en my tjommies het WP geskree. Hier staan ek tweede van links. My neef, Pierre Greeff van Die Heuwels Fantasties, staan regs langs my en sy broer, Johan, regs langs hom.



Op skool was ek heeltemal rugbybepok. Hier speel ek skrumskakel vir Hoërskool Bellville se eerste rugbyspan.



Ná my eerste wedstryd  
vir Laerskool Bellpark  
se eerste span.





Foto's: Phaedra Poulos

# new world inside

Ek het bass gespeel en meestal  
backing vocals gedoen.



dREAM  
HOPE  
FEAR

Ek en Hunter iewers in die vroeë 2000's.  
Ons het 'n mutual love vir punk stuff gehad.  
Hy was toe al 'n uitstekende songwriter.



Foto: Phaedra Poulos

Kaalgat tydens 'n New World Inside show  
by die Hangklip Hotel buite Pringlebaai.



Net voor die eerste Fokofpolisiekar-toer-show by die  
Mystic Boer in Bloemfontein, Februarie 2004.



Fokofpolisiekar en Jurie Els saam by Innibos op Nelspruit.  
Foto: Nardus Engelbrecht

Gemoer by Innibos.  
Foto: Elisma Roets



Die dag ná die fight in Nelspruit.



Foto: Alan Murdoch, Beeld.



Ek en Warren Snaith gedurende ons wilde week in Durban in 2007.

Foto: Sondag.

ALLES WAT JY WIL WEET

4 MEI 2009  
R5 2000  
R5 2000

# Sondag

BOUDE  
DOER  
ONNER



'WEES 'N MAN, SOEN 'N MAN'  
SÊ FRANCOIS VAN COKE - 5



MAAS GRYP STEVE - 8





Foto: Annie Klopper

Backstage by Ramfest, 2009. V.l.n.r. is De Klerk Oelofse, Justin Kruger, Dawid Fourie (Ramfest se organisier), ek, Ninja van Die Antwoord en Johan Falck (De Klerk en Johan was die MCs.).



Die laaste dag van Ramfest, 2009.

Dis hoe ek gelyk het by Oppikoppi Easter in 2009.  
Foto: Elisma Roets

Foto: Annie Klopper



"I hear they are gonna tear this place down."

Van Coke Kartel saam met Metallica in 2013.



Ons het met Van Coke Kartel drie shows reg oor Suid-Afrika saam met Alkaline Trio gespeel. Matt Skiba het ons genooi na sy hotelkamer en ons het geparty tot die son opkom. Hier is ek, Wynand, Lauren en ons vriend Dawid Fourie (heel regs) saam met Matt.



Ek en Jedd, ons vrouens en Foo Fighters in 2014.

Ek is heeltemal star struck.

Dave Grohl het vir Lauren gekomplimenteer op haar flannel shirt!

Ek en Lauren op ons honeymoon in 2012.



Ek en Lauren backstage voor my eerste solo-show by die Kunskafee in Durbanville in 2007.



Foto: Liam Lynch

Ek was super nervous so heeltemal op my eie, veral omdat ek toe kitaar moes speel.



Foto: Liam Lynch

Ek en Lauren backstage, reg ná die eerste Francois van Coke & Vriende show in 2018.



Foto: Liam Lynch

Ek en Wynand by Pinkpop in  
België, 2013. Sharing is caring.

Ek en Wynand. Ná die fight op  
Nelspruit het ons verder gaan party  
by Stables.

Foto: Elisma Roets




Foto: Hayden Phipps

Net voor my eerste solo-enkelsnit uitgekom het in 2014.



By die Dorpstraat Teater op Stellenbosch tydens die klein solo-toertjie wat ek saam met Laudo Liebenberg in 2007 gedoen het.

Foto: Annie Klopper



In Bellville Studios  
saam met Karen Zoid  
besig met die opname van  
"Toe vind ek jou" in 2014.

Ek en Karen by Francois van Coke & Vriende in 2018.





Oppikoppi was 'n instelling vir my van 2004 tot 2018.  
Dit was die tweedelaaste keer by die fees saam met  
Die Gevaar.

Foto: Henry Engelbrecht



Alex het ons lewens heeltemal verander  
en beter gemaak.  
Hier was ons nog drie in 2019.

Foto: André Badenhorst



Ek en my gunsteling-mense.  
Die foto is geneem in 2024,  
backstage by Innibos.




Die Badenhorsts met vakansie in 2023.



Ek het hoendervleis gekry toe ek "Blue Eyes" saam met Arno Carstens en "Hillbrow" saam met Coenie de Villiers voor die gehoor kon sing in 2018.

Saam met my Pretoria-vriende in 2023.

Foto: Wayde Flowerday



Op die stel van Die Van Coke Show.

Dit was my vuurdoop in TV, maar ek het 'n besonderse tyd gehad.

Foto: Henry Engelbrecht



Bekendes van Jean de Villiers, Coenie de Villiers tot Kurt Darren was op die show en ná dertien episodes het ek gevoel ek het dit nou onder die knie.

Toe gebeur daar ongelukkig nooit 'n tweede seisoen nie.



Foto: Henry Engelbrecht

Toe Tasché Burger in 2019 The Voice SA wen, het ek soos 'n trotse pa gevoel. Maar ek glo sy kon enige van die ander coaches gekies het en sou steeds gewen het.

"And the winner of BoxOp Rock Versus Rugby is . . . ROCK!"

# The BELLVILLE BOMBER!

Foto: André Badenhorst





Ná my tweede marathon.

Ek het die laaste paar jaar heeltemal verslaaf geraak  
aan hardloop.





Foto: Stephan du Toit

Ek en Munster gedurende die opnames van Kanniedood.  
Ons skryf al sedert 2000 saam songs en dit is my  
voorreg om sy lirieke in Fokopolisiekar te kan sing.  
Fokken wordsmith.



Ek en Annie Klopper – wat saam met my hierdie boek geskryf het –  
by Mercury in Kaapstad in 2005 (bo) en backstage voor 'n  
Fokof-show by Kirstenbosch in 2024 (onder).  
Annie weet meer van my lewe as wat ek weet.

DIJ SAAK BETROF  
AS JY OOR SAAK

## Epiloog



Fokkit, die afgelope ruk voel dit of daar nie genoeg ure in die dag is nie. Ek is besig met nuwe tunes skryf wat my vyfde solo-album sal word (iets wat my brein konstant besig hou – al die ure wat ek wakker is), ek het 'n klomp shows gedoen, ek het vir 'n ultra-marathon geoefen en dit gehardloop, ek het begin oefen vir 'n boksgeveg (wat ongelukkig deur die mat geval het), ek het kinders grootgemaak en met my hond gaan stap (ons het onlangs 'n reuse-gouden retriever, Buddy, gekry) en tussendeur is hierdie boek klaargemaak.

Die ander dag, voor 'n Fokofpolisiekar show in Kaapstad laataand, het ek op die bank voor die TV aan die slaap geraak. Ons doen deesdae min shows wat eers kort voor middernag begin, hoewel dit 'n paar jaar gelede die norm was. Ek was baie min lus om tienuur die aand in die koue Kaapse winter in my bakkie te klim en na District in Harringtonstraat te ry.

Die plek was donker en ek kon nie die Fokof dudes vind tussen al die mense nie. Die mense het my bang gemaak en ek wou wegkruip. Hulle het met my kom praat in die donker en ek kon nie uitfigure wie dit is en of ek hulle ken nie. Daar is ook nie die veiligheid van 'n backstage-area nie en ek het eventually langs die verhoog gaan staan en na The Hellcats gekyk wat vir ons geopen het.

Maar toe ons op die verhoog klim, was alles dadelik beter. Toe ons daai Fokofpolisiekar songs begin speel en die crowd begin beweeg soos een organisme terwyl hulle mosh en saamsing, het dit my teruggevat na 'n plek

waar ek baie gemaklik is. Daardie uur op die verhoog het dit die moeite werd gemaak.

Ek is dankbaar vir fantastiese vriende, en ek maak musiek saam met verskeie van my beste vriende. Ek is ook in die fortunate posisie dat ek nog hou van musiek maak en op die verhoog klim. Baie mense haat hul werke, maar ek is bevoorreg om deel te wees van Fokofpolisiekar en ook 'n solo-loopbaan te hê. Dit is befok om op stage te gaan saam met Die Gevaar. Dis epic en ek sien uit daarna om shows te doen.

Soos ek nou skryf aan 'n nuwe album, luister ek my eie tunes baie om seker te maak dis perfek en dat ek daarvan hou. Ek maak tunes wat ek graag sal wil hoor en hopelik hou ander mense ook daarvan.

Ek wil nóg goeie tunes maak. Ek wil nóg eerlike tunes maak wat mense hopelik raak en vir hulle relevant is. Dit is op 'n musikale vlak die ding wat my die meeste dryf. Mense vra my gereeld hoe lank ek dit nog gaan doen, en ek antwoord: “Ek sal vir altyd op 'n manier musiek maak.” Dit is iets wat so deel is van my soos asemhaal. En musiek maak is nog steeds vir my 'n manier to stick it to the man; ek speel vir 'n lewe.

Ek het vandag ná ek in die studio was my kinders by my ouers gaan optel. Ek waardeer my ouers meer as ooit en is bly hulle is hier, gesond en woon naby genoeg om uit te hang met hul kleinkinders, wat heeltemal mal is oor hulle. My suster Jeannine se family het gister by ons gebrui en ons kuier gereeld saam. Ek en my oudste suster, Aletia, patch dinge op ná 'n paar jaar van min kontak.

Ek is nou amper tien jaar van die sous af en alles is beter. Die eerste twee jaar was moeilik, maar dit raak makliker. Om sober na troues toe te gaan, was die grootste aanpassing. As jy ooit dink jy wil ophou, onthou net jou lewe hoef nie so moeilik, deurmekaar en fucked-up te wees nie. Alles kan verander.

As gevolg van my sobriety het ek begin om ernstiger te oefen en ek is nou die fiksste en gesondste sedert hoërskool. Ek het op die oomblik 'n effense toonbesering, maar my volgende mission is die Comrades. Ek moet 'n marathon hardloop om te kwalifiseer, en dan 'n korter ultra soos die Two Oceans om te oefen vir die ultimate human race, maar as ek my beserings kan manage, is dit my volgende sports goal.

Ek sal ook steeds baie sport kyk. Ek belowe. Ek is 'n eenvoudige man: Stormers, Bokke, boks, UFC, krieket, tennis en selfs die

Sokkerwêreldbeker.

Ek fok nog steeds op, al probeer ek die regte dinge doen. Ek is nie bang om jammer te sê nie, want ek kan nog steeds stupid foute maak en my humeur bly iets waaraan ek gedurig moet werk.

My stem is basies dieselfde – ook daaraan sal ek moet aanhou werk om nog lank musiek te kan maak en daar wag dalk nog 'n paar operasies en prosedures op my. Maar ek kyk darem deesdae baie beter na my stembande, my vocal health, as in my twintigs en dertigs.

In die vroeë 2000's was daar 'n rumour dat Wynand my backstage by 'n show in Hermanus met kortisoos ingespuit het. 'n Baie bekende voorsanger van 'n popgroep het hierdie storie vertel asof dit die waarheid was, maar sy het dit definitief nooit sien gebeur nie; Wynand het my nog nooit met enigiets ingespuit nie! Maar ek sal alles doen wat nodig is om nog lank te kan sing.

Ek het die laaste paar maande besef ek is gelukkig, soos in “happy” en ook soos in “lucky”. Ek verdien nie die lewe wat ek nou het nie. My jonger self het nie genoeg die regte ding gedoen om hierdie lewe te kon kry nie. Ek is getroud met 'n vrou wat my onvoorwaardelik liefhet en ek is nog steeds verlief op haar, drie-en-twintig jaar nadat ons ontmoet het. Sy het die slegste van my gesien en êrens iets raakgesien waaraan sy kon vashou. Dankie tog sy het. Die lewe is nie te kak nie.

Ek het twee kinders wat elke dag my lewe beter maak en my 'n rede gee om beter te probeer wees, om aan te hou en 'n voorbeeld te probeer wees. Iets wat ek nooit wou wees nie. Toe ek jonger was, wou ek vroeg doodgaan. Nou wil ek aanhou lewe. Ek wil so lank moontlik lewe en ek sal alles in my vermoë doen om dinge vir my gesin beter te maak. Ek wil vir hulle nuwe ondervindings gee en nuwe dinge en plekke wys. Alex het 'n bucket list-boek by Richard gekry en ons doen nou een van die eerste dinge op haar bucket list: Ons vertrek môre vir 'n week na die Krugerwildtuin toe, voor my show by Innibos.

Die tyd gaan te vinnig verby. Ek besef dit nou vir die eerste keer in my veertigs. Ek is nou drie-en-veertig en die laaste twintig jaar, sedert ek musiek begin maak het, het verbygevlieg. Time waits for no man. As jy nie nou iets doen wat jy graag wil nie, mag dit dalk nooit gebeur nie. As jy weer sien, is vyf jaar verby, dan twintig – en dan, ewe skielik, is jou lewe verby. Doen dit nou. En go all the way.

BELLVILLE  
Junie 2024

## Opsomming

Francois van Coke, bekend as die voorsanger van Fokofpolisiekar en as solokunstenaar, span met die skryf van hierdie biografie saam met Annie Klopper om in sy eie stem die gebeure te vertel wat hom as mens en musikant gevorm het. Sy perspektief word gebied op als van die eisteddfodbeoordelaars wat hom op die ouderdom van ses 'n “streep” vir sy sang gegee het tot sy opgang in Fokofpolisiekar en Van Coke Kartel, sy deurbraak as solokunstenaar met “Toe vind ek jou” en sy rol as afrigter op *The Voice*. Minder bekende en onbekende verhale word ook vertel oor wilde partytjies, vuisgevegte, dwelms, nagte in tronkselle, liefde, soberheid en pa-wees. Dít is sy stories, hoe hý dit onthou.

## Oor die skrywer

FRANCOIS VAN COKE is die verhoognaam van Francois Badenhorst. Hy het bekendheid verwerf as die voorsanger van die Afrikaans rockgroepe Fokofpolisiekar en Van Coke Kartel. In 2015 het hy sy solomusiekloopbaan geloods. *Hoe ek dit onthou*, geskryf saam met Annie Klopper, is sy eerste publikasie en die eerste keer dat hy sy lewensverhaal in boekvorm vertel.

## Oor die mede-outeur

ANNIE KLOPPER is 'n voormalige musiekjoernalis en outeur van Fokofpolisiekar se amptelike biografie, *Biografie van 'n bende: die storie van Fokofpolisiekar* (2011), 'n uitvloeisel van haar meestersgraadverhandeling oor die opkoms van Afrikaanse rock. In 2017 behaal sy 'n PhD oor Afrikaanse rapmusiek, en in 2018 verskyn haar debuutroman, *Die tragiese saak van Pamina Vermaak*, wat in 2023 tot 'n film verwerk is.

Annie en Francois is al vir twintig jaar vriende.

Queillerie  
is 'n druknaam van NB-Uitgewers,  
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.,  
Heerengracht 40, Kaapstad 8001  
[www.queillerie.co.za](http://www.queillerie.co.za)

© Annie Kloppe en Francois Badenhorst

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Skrywers werk lank en doen intense navorsing om 'n boek te skep wat uiteindelik gepubliseer word.

Die e-boekweergawe van so 'n titel is, net soos die gedrukte uitgawe, nie gratis nie. Daarom mag jy nie die e-boek gratis versprei nie, maar moet jy dit by 'n gemagtigde e-boekhandelaar koop. Indien jy die e-boek gratis versprei, oortree jy die Wet op Outeursreg 98 van 1978 en stel jy jouself bloot aan vervolging.

Omslagontwerp deur MJ du Preez  
Illustrasies deur MJ du Preez  
Uitleg van fotoseksie deur MJ du Preez  
Voorbladfoto deur Liam Lynch  
E-boekontwerp deur Wouter Reinders

Ook beskikbaar in druk:  
Eerste uitgawe in 2024  
ISBN: 978-0-7957-1053-7

Epub-uitgawe:  
Eerste uitgawe in 2024  
ISBN: 978-0-7957-1054-4 (epub)